# Die 7 visioene van Openbaring

## Bybelstudie gids

Coba Maree 2024

# BRONNE LYS


**Die Bybel A-Z**

Jan van der Watt

Redakeur

Hendrik Bosman, Jan du

Rand, Fika Janse van

Rensburg, Marius Nel,

Dirkie Smit, Pieter Venter

**Die Bybel met verklarende aantekeninge**

Prof Dr B Gemser Prof Ds AS Geyser, Prof Dr EP Groenewald Prof Dr JH Kroeze Prof Dr Jac J Muller, Prof Dr A van Selms ,Prof Dr WJ Snyman, Prof Dr S du Toit Prof Dr PA Verhoef , Prof Dr PFD Weiss, Ds JN Geldenhuys, (Algemene Redakteur) Deel 111

Matt – Openbaring

Uitgegee deur dieVerenigde Protestantse Uitgewers (EDMS)BPK 1959


**“Die Sewedeling”**

1. Inleiding 1:1-3:22
2. Sewe seëls 4:1-8:5
3. Sewe trompette 8:6 - 11:19
4. Die draak, antichris en vals profeet teenoor die Lam 12:1- 14:20
5. Sewe bakke 15:1-16: 21
6. Die val van Babilon 17:1- 19:10
7. Finale oorwinning en aanbreek van die nuwe hemel 19: 11-22:5

Aanhalings uit die volgende bron:
Die Bybel A-Z
Jan van der Watt (redakteur)
Hendrik Bosman
Jan du Rand
Fika Janse van Rensburg,
Marius Nel, Dirkie Smit
Pieter Venter.

## 2 Tim 3:16

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus

## 7 Visioene

L.W. Elke visioen of 'video" speel af oor die hele wêreldgeskiedenis
Die Eindtyd strek oor die hele tydperk vanaf Jesus se eerste koms tot by Sy wederkoms.

| Hfst 1-3 | Hfst 4-7 | Hfst 8-11 | Hfst 12-14 | Hfst 15-16 | Hfst 17-18 | Hfst 19-22 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kerk | God se raadsplan | Waarsku-wing | Satan | Oordeel | Wêreld sisteem | Toekoms |

# Die taal van Openbaring

## Getalle

3 - Drie-enige God
4. - Skepping en wêreld
6 - Mens
7 - Volmaakte getal
10 - Volledig

Meervoude van bg :
12 - 4x3
144 - 12x12
666 - Antichris (6 – Mens)
1000 - 10 x10 x10
144000 -12x12X10x10x10

## Beelde

Plae van Egipte , Israel
Sterre - Leraars
Perde - Word gery om oorlog te maak
Kandelare - Gemeentes wat die Gees van God as olie het om te brand
Natuurverskynsels: Winde Son, Vuur, Donderslae, Diere
Tempel en tempel gereedskap
Trompette - Waarskuwing
Bakke – Oordeel van God
Seëls; Insekte
Oorloë en wapens, pyl en boog
Menslike sintuieBewegings simbole
Engele en geeste
Feeste: Bruilof, Bruid en Bruidegom
Lam wat geslag is - Offer
Edelstene, Koper,
See - Onheil en chaos; Land, Riviere
Griekse Gode (Appollion)
Konings en krone; Sleutels

## Kleure

Rooi - Oorlog en gevaar
Swart - Hongersnood
Vaal - Dood
Wit - Oorwinning
Pers - Koninklik
Geel - Sterk

## Visioen 1

Boodskap aan die kerk oor alle eeue  (7 gemeentes) Openbaring hfst 1-3 (Die Bybel A tot Z, pg 892)

| | Efese | Smirna | Perganum | Tiatira | Sardis | Filadelfia | Laodisea |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beskrywing van Christus** | Hy wat sewe sterre vashou en tussen sewe lampe rondgaan | Die Eerste en Laaste wat dood was en nou lewe | Die skerp swaard met twee snykante | Seun van God met vuurvlamoê en geelkoper voete | Hy war sewe Geeste en sewe sterre het | Die Heilige wat die sleutel van Dawid het | Geloofwaardige getuie deur wie God alles geskep het |
| **Aanbeveling of lofprysing** | Jou behoudende vashou aan die basiese | Jou Verdrukkende armoede | Jou getrouheid in die geloof | Jou liefde, geloof en diensvaardig-heid | | Jou volharding en trou aan My boodskap | |
| **Veroordeling** | Jou agteruitgang van jou eertse liefde | | Sommige wat vals leer aanhang, soos die Nikolaïëte | Julle laat julle verlei soos dur Isebel | Julle onegtheid | | Julle louwarm geloof |
| **Advies** | bekeer julle, doen weer soos aan die begin | Bly getrou tot die dood toe | Bekeer julle | Bekeer julle en hou vas aan wat julle het | Word wakker, bekeer julle, onthou die evangelie | Hou vas wat julle het | Kom koop egte goud, wit klere en oogsalf |
| **Waarskuwing** | Anders sal Ek my lamp uit sy plek wegvat | | Anders sal Ek oorlog maak met my mond | Anders sal Ek jul straf | Anders sal Ek skielik soos 'n dief op jul afkom | | Anders sal Ek julle uit my mond uitspoeg |
| **Oorwinning spreuk** | Sal eet van die boom van die lewe in die paradys | Sal nie deur die tweede dood getref word nie | Sal van die verborge manna ontvang en Ek sal aan hom 'n spierwit klippie gee | Ek sal mag oor die nasies en die morester gee | Ek sal wit klere gee en sy naam in ere hou dat hy My eiendom is | Sal ek 'n pilaar in my God se tempel maak met 'n nuwe naam | Sal saam op Mt troon sit as heerser |

# Visioen 2

## God se Raadsplan

**God is in beheer** in die troonkamer Hfst 4:1-11

**Jesus Christus**
Waardig om die boek oop te maak en die seëls te breek Hfst 5:1-17

| Seël 1 | Seël 2 | Seël 3 | Seël 4 | Seël 5 | Seël 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Wit perd** | **Rooi perd** | **Swart perd** | **Vaal perd** | **Die siele van** die wat onder die troon is. - Martelare in die hemel | Beskrywing van die **oordeelsdag** |
| **Evangelie** van Jesus word uitgedra oor die wêreld (Die lewende wese - Leeu stuur die perd uit ) | **Oorloë** en bloedvergieting | **Hongersnood**, armoede,en die gaping tussen ryk en arm' | **Dood** agv hongersnood en pes Kwaad van die aarde 'N Massa sterfte | Het elkeen 'n wit kleed gekry van geregtigheid en gesê hulle moet nog 'n rukkie wag. | Aardbewing en duisternis |
| Hfst 6:1-2 | Hfst 6:3-4 | Seêl 6: 5-6 | Hfst 6:7-8 | Hfst 6:9-11 | Hfst 6:12-17 |

| |
|---|
| **Die strydende** kerk op aarde (144000) (gemerktes) Hfst 7:1-8 |
| Die **triomferende** kerk in die hemel Hfst 7:9-17 |
| Die rol van die kerkse gebede om mense te waarsku oor die komende ooreel |

| Seël 7 |
|---|
| **Sewe engele** met die trompette verskyn om die mense te waarsku teen die komende oordeel in antwoord op gebede. Hfst 8:1-3 |

# AANHANGSEL 2

Beelde: In die troonkamer van God

| |
|---|
| **Jaspis** - kosbaar<br>Kom in verskillende kleure: rooi, bruin, geel en groen |
| **Sardus:**<br>Bloedrooi - lewe |
| **Reenboog:**<br>Verbondstrou van God |
| **Smarag:**<br>Seegroen. Bewarende genade en trou |
| **24 Trone:**<br>Ouderlinge - volkomenheid van die gemeente van Christus uit alle geslagta |
| **Vuur:**<br>'n Sinnebeeld van die heiligheid van God |

**See van glas** - Dink aan die koperwaskom in die tempel waarin die priesters hulle reinig. Reinigende bloed van die Lam. En die toorn en Sy regverdige oordele
**See** - Woelende sonde voortbrengende volkerewêreld

**Ligstrale** -Groot-heid en majesteit van God

**Vier lewende wesens om die troon**

| **Bulkalf** | **Leeu** | **Mens** | **Arend** |
|---|---|---|---|
| Makdiere Beeld van jonge krag | Koning van die diere | Alle redelike wesens met verstand | Verteen-woordig die ryk van die voëls om hoog te vlieg en skerp te sien |

## **Aanhangsel -** Verduideliking van die beelde van Visioen 2 - Die Raadsplan van God

**Die Wit perd**:
Beeld van die Evangelie wat op 'n segetog is deur die wereld – Het reeds 'n kroon en n pyl. -( Lewende wese is die Leeu)

**Die Rooi perd**:
Bloedvergieting en oorlog (Lewende Wese Bulkalf - Jonge krag)

**Die swart perd**:
Armoede en hongersnood onder armes en rykes gaan in weelde voort. (Lewende wese van die mens)

**Die vael perd:**
Massa sterfte (ontsettend maar binne die perke wat God daaraan gee

**Plae van Egipte**
Water in bloed
Paddas
Muggies
Steekvliee
Pes onder die vee
Swere
Hael
Sprinkane
Duisternis
Dood van die eersgeborenes

**Israel** - Die gelowiges op aarde

**Sterre** - Leraars van die gemeente
**Perde** - Oorlogstuie
**Kandelare** - Gemeente dra die lig uit deur die **Heilige Gees** (olie)
**Natuurverskynsels** - Donderslae Winde Son, Vuur,
**Diere** - Leeu , beer , bul
**Tempel** en tempelgereedskap
**Trompette** - Waarskuwings
**Bakke -** Bakke van oordeel
**Seëls** – Verseelde **dokumente** - word oopgemaak
**Insekte** - bv Sprinkane (Oorlogsleërs )

**Oorloë en wapens** - Pyl
**Menslike sintuie** - 7 oë
Engele en geeste
**Feeste -** Bruilofsfees van die Lam
**Bruilof** , Bruid en Bruidegom
**Lam,** Offerlam van God - Jesus
**Edelstene** , koper ,
**See** – volkere wêreld
**Riviere** - Bring voorspoed
**Griekse Gode** (Appollion Abaddon )
**Koppe** - Konings
**Krone** - Heersers of konings
**Sleutels** - Sluit deure oop of toe
**Regterhand** - Sterk hand
**Gedenkboek** - Alle mense se dade is opgeskryf
**Boek van die Lewe** - Die name van die wat kinders van God is .
**Ouderlinge** - Verteenwoordigers van die gemeente

# Visioen 3 - 7 Trompette

Waarskuwing van God aan die mensdom oor die komende oordeel)

| Trompet 1 | Trompet 2 | Trompet 3 | Trompet 4 | Trompet 5 | Trompet 6 | Boekie | Trompet 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| : **Hael** vuur en bloed | **Vuurspu** -wende berg in die see | **Meteor** (Ster) | **Duisternis** | Bose manifesteer<br>**Bose engel Apolloin** / Abaddon sluit skag na die onderaardse diepte oop en laat springkane uitkom.<br>**(Perde** dui op gereedheid, moed en krag vir die stryd) 5 Maande (beperkte tyd) se pyniging vir die onverseëldes.<br>Bose trek op met moed en krag en het 'n valse kroon van oorwinning op. | **Engele leer** (200 milj) maak 'n derde van die mense dood.<br>3 Plae Vuur, rook en swawel.<br><br>**Alles - omvattende oorlog, fisies en geestelik.** | Magtige engel met **(verbondstrou** reënboog) gee die boekie wat johannes moet eet.<br>**Die boodskap**. Soet - maar Evangelisasie bring ook bitter vervolging<br>**Twee getuies** (Kerk) (Heilige Gees en die Woord)<br>Olyfboom beteken Heilige Gees<br>**Meet die tempel**: (Net ware kinders van die Here; Beveilig en afgegrens)<br>Oproep tot bekering. Die haat vir gelowiges neem toe en daar is blydskap dat hul oorwin is.<br>**Opstanding van die dooie**s by die voleinding laat die ongelowiges besef dat die Gelowiges toe nooit vernietig is nie. **Groot aarbewing** | Troonkamer en die tempel<br>Finale oordeel gaan nou begin<br>Tempel gaan oop en die verbondsark word gesien<br><br>Christus het die voorhangsel geskeur.<br><br>Die finale heerskappy bly in God se hand |
| **Derde** van bome en gras het verbranD (Bome en gras verbrand<br><br>**Suurstof** | **Derde** van die seelewe en kepe vergaan (Skeep-vaart Beïnvloed<br><br>**voedsel voor-siening** | **Derde** van die water-bronne op aarde<br><br>**Water-voor-siening** | **Derde** van hemel-liggame word donker<br><br>**Dagtaak word moeiliker** | Skyngoud krone.<br>**Gesigte van mense:** verstand en wil<br>**Vrouehare**: weelderig en verleidelik<br>**Tande**: Sterk en verskeurend<br>**Borsharnasse** -: onkwesbaar<br>**Gedruis** skrikaanjaend<br>**Bose koning** teenoor Christus<br>**Skerpioene**: pynlik<br><br>**Geestelike oorlog** | **Geestelike oorlog teen die Waarheid van die Woord en** om Christene van God te vervreem.<br>Perde se bek (die **leuen**)<br>Perde se sterte (**Venynig**, giftig en agteraf) | | |
| Hfst 8:7 | Hfst 8:8-9 | Hfst 8:10-11 | Hfst 8:12-13 | Hfst 9:1-2 | Hfst 9:13 | Hfst 10:11- 1:14 | Hfst 11:15-19 |

# Aanhangsel - Beelde van visioen 3

| | |
|---|---|
| 1ste tot vierde trompet (Tas die aarde aan) | **Hael** - 7 de Egiptiese plaag. ( Met hael verslaan die Here sy vyande Jos 10:11) . **Vuur** - Beeld van God se toorn. **Bloed** - Baie slagoffers word geeis. **Groot berg in die see gegooi** - (1ste plaag _ Sinnebeeld van God se heiligheid en toorn) **Ster wat soos 'n fakkel brand** (Bitter en gif water Son maan en sterre word donker - ( 9de plaag)<br>Dus: 1ste 4 trompette: - Die aarde word op vier maniere aangetas:<br>Voedsel, water voorsiening, skeepvaart en uitvoering van werk sonder lig |
| 5de trompet | **Ster wat val** - Persoon nie 'n natuurverskynsel nie maar is vanuit die troonsaal van God gestuur . Put van die afgrond word oopgemaak - skag na die helse magte en demone (Duiwel word losgelaat vir 'n kort rukkie soos voorspel<br>**Rook** – Die vuur van God se oordele laat dit rook. Lug en lig word aan die mense ontneem. **Sprinkane** – werktuie van die gerig van God waarteen die mens magteloos staan maar "verseeldes " is gevrywaar (Beperk tot 5 maande en nie tot die dood nie) Pyniging sal mense tot depressie en selfmoordpogings dryf (Hulle sal wens om dood te gaan).Sprinkane vgl met perde - moed en krag van perd, met krone op - (skyn van oorwinning) **Mense gesigte** - Verstand en wil van die mens. **Lang hare** (vrouehare) Lank weelderig en verleidelik **Tande** - Sterk en verskeurend. Borsharnasse soos van yster - (Onkwesbaar) **Gedruis** - Oorlog, skrik aanjaend - Goed georganiseer onder Apollion – Die verderwer of uitvoerder van God se strafgerig |
| 6 de trompet | **Vier horings van die altaar** - Dui op die gebede van gelowiges onder die altaar 4 Engele - Die hele universitaliteit vd gerigte word ingesluit vir 'n beperkte tyd (Verseëldes is gevrywaar) **Groot leermag** - Ontsaglike menigte ruk op vir oorlog Perde word beskryf - Leeukoppe - Verskeurende krag uit hulle bekke - Walm van vuur rook en swawel - ( Geestelike oorlog) - Nou word hulle van God vervreem en geestelik gedood (Nie net gepeinig nie) Uitblaas van die Leuen en lastering teen Jesus uit die bekke van die perde Met agteraf vernynigheid van die slange Mense hou aan om Duiwels te aanbid afgode te dien en weier om hulle te bekeer. **Verseëldes** is gevrywaar |

# Aanhangsel - Beelde van Visioen 3

| |
|---|
| **Klein Boekie** (Gods raadsbesluite) - Nie verseël nie en nou gaan dit dadelik in vervulling<br>**Donderslae**: Johannes mag die betekenis hiervan egter nie bekend maak nie maar net se dat vreeslike dinge te wagte is . - Die einde is hier, geen uitstel meer nie<br>**Eet die boekie** - Johannes moet die inhoud lees om te kan profeteer. (Evangelie – Soet soos heuning en bitter in die maag - stryd om lewe en dood maak dit bitter)<br>**Opdrag om tempel te meet** - Afgrensing en beveiliging wat heiligdom is en aan God behoort (Christus as geestelike tempel is hier ter sprake - (Net die ware aanbidders in die heiligdom word bewaar. - Christendom sal verval- Duur beperk 3,5 jaar) |
| **Twee getuies** (Bevestig die "waarheid) met sakke bekleed, - Berou en oproep tot bekering (priesterlike en regerende Ampte binne die kerk )- Heilige Gees en die Woord<br>**Twee olyfbome** - Heilige Gees en die instrumente waardeur God sy salwing en genade bewerk<br>**Kandelare** – Gemeente wat die lig versprei – Draer van die Woord<br>**Profetiese Woord** van die kerk verskroei die gewete van die mense (Geestelike mag van die kerk) Bose magte sal geen rus he voordat die getuies finaal uit die weg geruim is nie. - Dus onverbiddelike stryd, Minagting van die Woord sal sigbaar wees op die strate – Bloedige verdrukking van Christene in die strate ( 3.5 dag - Onderbroke tydperk omdat God sel intree om 'n einde daaraan te maak)<br>Wanneer die wereld meen dat die Gelowiges finaal weggeruim is het hulle skielik weer lewe gekry en is die oorwinning van Christus sigbaar en 'n ontsettende aardbewing volg. |
| **7 de basuin:** Tempel van God het in die hemel oopgegaan en die **verbondsark** is sigbaar - Die Here regeer en oordeel kragtens Sy verbondstrou. God openbaar Homself as die eienaar en Beskikker oor alles. Hy bevestig sy heerskappy en die van Sy Gesalfde Jesus Christus. Die Eindbeslissing is gefel |

# Visioen 4

## Die Bose drie-eenheid (Aap van God)

| Oorsig van die stryd tussen lig en duisternis | Nabootsing van God | Nabootsing van Jesus | Nabootsing van die Heilige Gees | |
|---|---|---|---|---|
| Eerste teken: **Kerk -** Vrou Voorspelling van die beloofde Messias (Die vrou ( kerk) het die beeld van heerlikheid en oorwinning) | **Draak**<br>Satan - sy val | **Dier uit die see -**<br>Anti-christelike wêreldheerskappy | **Dier uit die aarde -**<br>Anti-christelike wêreldgees (die valse profeet) | **Strydende kerk**<br>(Kerk op aarde) |
| Tweede teken: **Satan** (Owerste van die wêreld) Sy stryd teen die kerk en God se bewaring van die kerk teen Satan - Jesus is weggeruk (Dood, en opstanding en hemelvaart. Hy heers op die troon in die Hemel | **Werk van die Satan -** voortdurende stryd tussen die Lig en die Duisternis | | | **Triomferende kerk**<br>(Kerk in die hemel) |
| Hfst 12:1-2 en 12:3-6 | Hfst 12:7-12 en 12:13-17 | Hfst 12:18-13:10 | Hfst 13:11-18 | Hfst 14:1 en 14:2-5 |

| | | |
|---|---|---|
| **Waarskuwing** van die finale oordeel | Die waarskuwig van die finale oordeel<br>**Graanoes en wynoes** | Voorbereiding vir die laaste oordeel 'n Hemelse perspektief uit **die troonkamer** |
| Hfst 14:6-13 | Hfst 14:14-20 | Hfst 15:1-8 |

# Aanhangsel - Beelde verduidelik t.o.v. visioen 4

| | |
|---|---|
| **Eerste teken:** Oorsig oor die stryd tussen lig en duisternis<br>**Vrou** - Gemeente word geteken as swak en weerloos soos 'n vrou<br>**2 Vlerke** - Geloof en Gebed<br>**Woestyn** - Gelowiges is in die wêreld maar veilig buite bereik van Satan<br>**Strome** – onheil en aardse en tydelike dinge<br>**Rivier sak weg** in die woestynsand – Duiwel vermag niks teen die gemeente nie.<br>**Aanval teen die Kind - Jesus** en almal wat in Hom glo | **Tweede teken:** Dier uit die see<br>**Dier lyk soos Draak** (Verwantskap met die Duiwel)<br>**Die see** - woelende ongeregtigheid en hoogmoed van die volke van die wereld<br>**7 Koppe** - Wereldryke en Kleiner state **Horings** – Sy mag en koppe – Sy heerserswaardigheid<br>**Draak** - Groot mag - **Luiperd**,- sluheid **Leeu** – Moed krag en wreedheid **Beer** – Volharding<br>**Een van sy koppe gewon**d – nabootsing van Jesus wat geslag is. **Genesing van die wond** - Opstanding van Jesus uit die dood - Wereldryk word bedreig met uitwissing maar herstel skielik tot eer van die Dier en lei tot sy aanbidding **Mond met godslastering** - Laster teen1. God se Naam, 2. Sy heilige wese en 3. Sy tabernakel (Sy woning onder die mense) en 4 die wat op aarde woon maar 'n woning in die hemel het<br>**Oorwin:** Die gemeente sal oorwin word maar nie vernietig nie<br>**Aanbidding van die dier**: - Mense vereer die antichris met goddelike aanbidding.<br>**Boek van die lewe:** - Kinders van die Here se name is in die Boek en die goddeloses sal kry wat hulle verdien. |
| **Der uit die aarde** – Sigbare werklikheid **(Antichristelike Wêreld gees** - Valse profeet)<br>**2 Horings** - sy mag – nabootsing van die Lam<br>Hy berei die weg vir die aanbidding van die eerste dier en bou op die "genesing" wat plaasgevind het as wonder. | Hy verlei die mense deur valse godsdiens wat egte lewe naboots. Boots erediens na en dwing almal om deel te neem anders word hulle gemartel. **Merk van die dier** (Merk op die regterhand (werke) of hoof (denke) soos doop die teken is dat mens aan Jesus behoort. **Merk van die dier 666** (6 is die teken van die " Mens" ) Mens wat hom teen God (777) verhef. **Waarskuwing: Graan oes**: Die wederkoms van Jesus word geteken as 'n boer wat met 'n skerp sekel die koring ( die gelowiges ) af oes. **Waarskuwing: Druiwe oes** Die oordeel oor die ongelowiges word met die beeld van 'n boer wat druiwe oes uitgebeeld. ( Die ongelowiges is die druiwe wat met 'n skerp sekel af geoes word. Selfs die druiwe stokke word afgekap . Die druiwe word gepars - Bloed uit die parskuip kom tot aan die tooms van die perde - Ontsettende slagting van die ongelowiges vind plaas.<br>**Voorbereiding vir die laaste oordeel:** Gelowiges word beskerm (Triomferende - Hemelse kerk) en (Strydende kerk - Aardse kerk) **Lofsang van die oorwinnaars** (Gelowiges) by die see van glas dui op die blydskap en oorwinning.7 engele met 7 plae verkyn: Tempel vol rook - Niemand kan inkom nie - Genadetyd is verby. |

# Aanhangsel - Werkstaat t.o.v. Visioen / Video 4

Die invloed van die Anti-Christelike wêreld sisteem en die valse apostel op al die terreine van die samelewing

| | |
|---|---|
| **Dier uit die see -** ‘n Anti Christelike Wêreld sisteem wat deur die Dier beïnvloed en sodanig verdraai word dat dit teen God draai en die mens in die plek van God stel | **Dier uit die land en die dier uit die see werk saam op die verskillende terreine deur die mens in plek van God te stel.**<br>(Valse apostel (aanbidding van die Mens as god deur verdraaiing van die waarheid) |
| **Verskillende wetenskaplike rigtings insluitende:**<br>1) Natuur wetenskaplike navorsing en ontwikkeling<br>2) Sielkundige navorsing en ontwikkeling<br>3) Mediese wetenskap - Gesondheids beheer, Genetiese manipulasie en ontwikkeling en siekte beheer<br>4) Sosiale sisteem - Netwerke soos gesinne en ander sosiale verskynsels en gemeenskaps netwerke en bewegings<br>5) Geografiese verspreiding van mense in lande, volke en hulle verspreiding oor die wêreld.<br>6) Politieke balans waar volke meeding om beheer van die ekonomie en mag.<br>7) Ekonomiese element –Vraag en aanbod vir lewensmiddele<br>8) Ideologiese element - Kulturele verskille, godsdienstige verskille ens. | **Die aanbidding van die MENS (666)**<br>1. Wetenskaplike teorieë wat God as skepper ontken en in stryd is met die Bybel<br>2. Sielkundig - Mense is nie verdorwe soos die Skrif sê nie maar is eintlik Gode en inherent goed.<br>3. Medies - Ewige lewe is op aarde moontlik deur die ontwikkeling van die mediese wetenskap<br>4. Sosiaal - Die gesin as bousteen van die sosiale orde word ondermyn ten gunste van die individu.<br>5. Geografies - Uitbuiting van kleiner onontwikkelde lande vir ekonomiese voordeel en wins deur ontwikkelde lande<br>6. Politieke speletjies en magstryde vir eie gewin.<br>7. Ekonomies - Uitbuiting tussen lande vir eie gewin ten koste van die ander<br>8. Ideologies - Een wêreld, een godsdiens, een wêreld regering waarin die mens aanbid word as God. |

## **Aanhangsel tov Video 4 - Werkkaart** Wat leer die Skrif oor die Satan?

| | | |
|---|---|---|
| Waar kom die Satan vandaan? | Luk 10:18; Open 12:9; Jes 14;<br>Eseg 2:8<br>Judas 6 | Luk 10:18 Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val .<br>Jes 14 " En dit jy, jy wat gedink het ek klim op hemel toe , ek gaan my troon neersit bokant die hoogste ster .... Ek word soos die Allerhoogste self , :15 Maar jy stort af in die doderyk af tot in sy diepste deel." |
| Wat gebied God met die Satan? | 1 Kor 10:20<br>2 Kor 6:14<br>Efes 5:11<br>2 Thes 2:9<br>Deut 18:10<br>1 Sam 16:14<br>Open 2:24 | 1 Kor 10: 20 En Ek wil nie hê julle moet met duiwels gemeenskap hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van duiwels nie. Efes 5: 11 En moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak.<br>Deut 18: 10 Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees, of 'n goëlaar of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen |
| Jesus het die Satan oorwin | Joh 8:36; Open 20:16<br>Efes 1:19: i Joh 5:18<br>1 Pet 3:19; Judas 8<br>Kol 2:14; 1 Joh 3:8<br>Heb 2:14; Open 12:11 | Joh 8: 36 Eers as die Seun julle vry maak sal julle werklik vry wees 1 Pet 3: 22 Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die bose magte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.<br>Kol 2:15 Hy het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as evangenes in die triomftog van Christus mee te voer. |
| Die rol van die Satan in die wêreld | Job 1:6<br>Open 2:13<br>Open 12:12<br>Open 20:7 | Joh 8: 44 Hy was van die begin af 'n moordenaar, En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen . Open 2: 13 Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. |
| Bewaring van die bose | Rom 8:37; Jak 4:7<br>Luk 10:19; Kol 1:13<br>Efes 6:10-20; Joh 16:11<br>1 Kor 15:57; Luk 10:19<br>Luk 11:20; Matt 4:4<br>1 Pet 3:22; 1 Joh 5:18<br>Kol 2:9; Joh 10:27<br>Rom 7:24; Joh 15:30 | Efes 6:11 Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel . :12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die bose magte van hierdie sondige wereld. Jak 4:7 Staan die duiwel tee en hy sal van julle af wegvlug . Joh 10: 28 Ek gee hulle die Ewige lewe en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie . 1 Joh 5:18 Ons weet dat iemand wat 'n kind van God is nie meer sondig nie maar die Seun van God bewaar hom en die duiwel kry geen houvas op hom nie. |

# Aanhangsel - Analise van die wêreldsisteem se wette teenoor die 10 gebooie

| **10 Gebooie** | **Wêreld sisteem wette** | **Kenmerke van mense wat die onheilge wêreldsisteem aanhang** | **Lewenshouding van mense wat die anti-christelike sisteem aanhang** | **Gevolge** |
|---|---|---|---|---|
| God alleen moet gedien word | Mens is god | Inklusief<br>(Alle godsdienste - Inter geloofs assosiasies) | Wees verdraagsaam -<br>Nie te ernstig nie<br>Moenie te seker wees van jou idees nie . -<br>Daar is geen absolutes nie | Boodskap van Jesus irrelevant<br>Bybel is irrelevant<br>(Mense gaan verlore) |
| Geen beelde of substitute vir God mag aanbid word nie | Mens is god | Self verafgoding- Eie individualiteit en belange eerste<br>Materiele welvaart is prioriteit 1<br>Sport of liggaam en gesondheid is belangriker as God<br>Intellektueel – rede- Bevraagteken alles van die Woord | Ambisie, prestasie<br>Sukses | Mense word selfsugtig, liefdeloos en word hulle eie god |
| Heilig die Naam van die Here | Mens is god | Misbruik die Naam van God om krag aan spraak te gee<br>Eie profesiee, eie idees, eie wins, eie gewin, vir aandag en voorspoed - Manipulering<br>Vloek -Misbruik in media om krag te gee<br>Lasterlike spot tov God en Sy gebod | Voorspoedsgodsdiens intellektuele transformasie drywers<br>Spotters / Sinies / Wereldwys | Misleiding in die kerk |
| Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig hou | Mens is god | Misbruik God se dag vir eie plesier , sport, leer, ontspanning, Inkopies, Sport byeenkomste en marathons, wedstryde, politiek ens -<br>Geen kerkbywoning en kerklike betrokkenheid nie | Jong, sportief en aktiewe, studerende jong en ouer mense | Vervolging en uitsluiting van Gelowiges |

# Aanhangsel - Werkkaart tov die tweede deel van die 10 gebooie en die anti-Christelike wêreld sisteem

| 10 Gebooie | Kenmerke van die antichristelike wêreld sisteem | Anti-christelike wette | Waar kom dit voor | Gevolge |
|---|---|---|---|---|
| Eer jou vader en moeder | Gesinsverbrokkeling en individualiteit<br>Dissipline en tug ontbreek grootliks<br>Oormatige klem op die individu en geen verantwoordelikheid t.o.v. ander nie | Die mens is God | bv.Jong volwassenes en hulle kinders | Gesinsgeweld, Selfmoord / gesinsmoord, Tienerswangerskappe, Identiteits probleme van kinders, Opstand teen gesag, Gesinsverbrokkeling, Dwelmmisbruik, Probleme met dissipline by skool |
| Moord: respek vir die lewe | Mensehandel, orgaan skenking, gesondheidspraktyke wat lewe bëinvloed.<br>Aborsie en genadedood praktyke<br>Oorlog en Kern bomme en biologiese oorlogvoering | Die mens is God (666) | bv. Medici en aktiviste | Ongewensde dwang en onderdrukking van mense en mensehandel. Geen repspek vir lewe. Lewensgevaarlike omstandighede vir burgelike bevolking . Biologiese oorlogvoering |
| Egbreuk, sedeloosheid en huweliks-ontrou | Huweliks ontrou en onsedelikheid<br>LBGT en woke culture<br>Pornografie en pedofilie<br>Homoseksuele praktyke<br>Egskeidings en voorhuwelikse seks | Die mens is God (666) | bv.Getroude persone<br>Alle ouderdomme<br>Enkellopendes | Massa aksies en protes aksies WOKE. Vervolging van Christene. Pessiekte, VIGS, Dwelms. Onsedelikheid / geweld neem toe. Werkloosheid |
| Steel: Respek vir ander se besittings | Riegeregtigheid en onverantwoordelikheid. Roekeloosheid,<br>Indirekte praktyke om jouself te verryk ten koste van ander Diefstal, roof en inbrake, grond onteiening | Die mens is God (666) | bv.Egosentriese jong mense Politici en beroepsmense en werkers | Onreg neem toe op alle vlakke. Armoede en onderdrukking. Misdaad korrupsie<br>Grond onteiening en politieke gewin<br>Plaasmoorde, Bou- mafia, Eskom sabotasie ens.<br>Uitbuiting van mense |
| Vals getuienis: Omhels die waarheid | Die leuen, (Propaganda en verdraaiing van die waarheid, Herdefiniering van begrippe om jou te pas, Manipulasie van die wette, skuiwergate, kwaadwilligheid, probeer om<br>jouself beter voor te stel. | Post - modernisme in die kerk en regsomgewing (666) | bv.Kerke, Regslui, media politici en meningsvormers | Mense verward en onseker.<br>Baie stress angs, selfmoord en geestes siektes<br>Mense ontwortel. Kerklos |
| Begeertes, Hartsgesind-heid, diens en nederigheid | Self gesentreerdheid en self vergoddeliking<br>Selfbelang is eerste<br>Geen verantwoordelikheid vir iemand anders<br>Egoïsme en hoogmoed | Vergoddeliking van die individu (666) | bv.Opvoedingsisteem en ouers<br>Jong volwassenes en alle ander ouderdomme<br>Oosterse gevegskunste<br>Beroepslui | Slagoffer mentaliteit en viktimisasie<br>Die wêreld skuld my mentaliteit<br>Ondankbaarheid en gierigheid.<br>Elkeen leef net vir homself .<br>Eensaamheid |

# Visioen 5: Die finale oordeel (7 bakke)

**Voorbereiding vir die laaste oordeel vanuit die troonkamer**

**See van glas**: Teken van God se volbragte werk en Sy heilsraad waarop die verlostes kan terug sien.- Sing oorwinningslied (Soos Israel by die Rietsee)

Hf 15:1-4

7 engele met 7 goue skale kom uit wat die oordele van God gaan voltrek

Tempel word vol rook sodat dit onmoontlik is om in te gaan - Genadetyd is verby.

Hf 15:5-8

| Eerste bak | Tweede bak | Derde bak | Vierde bak | Vyfde bak | Sesde bak | Sewende bak |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwaai en bose swere** aan mense ( Tas liggaam en lewenskrag regstreeks aan. (6 de plaag) | **See word bloed** Algehele einde en uitwissing. Seevervoer word gestaak | **Waterbronne heeltemal besoedel** (word bloed)<br><br>Die bloeddorstiges kry bloed om te drink | **Die son brand die mense**<br><br>Mense word geskroei deur 'n groot hitte en hulle laster die Here maar wil hulle nie bekeer nie | **Die koninkryk van die Dier** word skielik verduister<br><br>**Pyn en swere** | **Die Eufraat** as hinderbnis tussen Ooste en Weste word verwyder.<br><br>**Antigoddelike -** drie**-eenheid span saam vir laaste magsverset teen God.**<br><br>**Paddas** – werktuie van die duiwelse drie eenheid.<br>- **Vir Armaggeddon** (finale stryd tussen Lig en Duisternis) | **(Finale oordeel)** Lug: asemhaling van die mens word bemoeilik **Aardbewing**, donder en bliksem<br><br>Eilande en alle tekens van vastigheid verdwyn<br><br>Groot hael |
| Hfst 16:1-2 | Hfst 16:3 | Hfst 16:4-7 | Hfst 16:8-9 | Hfst 16:10-11 | Hfst 16:12-16 | Hfst 16:17-21 |

# Visioen 6

Laaste deel van die Oordeel is die totale vernietiging van die Bose drie-eenheid. Openbaring 17-20 **(Sluit aan by visioen 4 van die bose drie eenheid)** L. W. (Die beeld speel ook af oor die tydperk van Jesus se eerste koms tot sy tweede koms )

| beskrywing van die beeld | Val van Babilon, hoofstad van die anti-christelike wêreld sisteem | Jesus se oorwinning | Satan se geskiedenis en einde |
|---|---|---|---|
| Beeld van di**e hoer op die dier Babilon - Hoofstad van die wereldmag** (Beeld van die moeder van alle afwyking van God waaruit alle gruwele wat die wêreld ken uit voorkom. Open 17:1-18 | Val van Babilon (Dier)<br>Hoofstad van die anti christelike wereldmag.)<br>18: 1 – 24 | Oorwinning van Christus oor die dier en die valse profeet. (Hoer) Open 19: 4-10 | **Satan 1000 jaar gebind**<br>(Gryp terug na hf 12)<br>Geskiedenis van Satan<br>Hf 20:1-6 |
| **Dier - Wêreldsisteem**<br>Open 17 :15 ... volke en menigtes en nasies en tale. ) ie heerskappy van 'n antichristelike wereldmag.wat verrys (Die agste -17 :11 'n nuwe begin) ) | droefheid, honger en vuur Open 18:8 | **Beeld van Jesus se oorwinning, deur die Woord**<br>**(Bybel – Swaard van die Gee**s)<br>**Kleed in bloed geweek: (**Jesus se kruisdood) - Open 19: 13<br>**Dier en valse profeet** in die vuur gegooi 19 : 20) | **Die getroue gelowiges** (kerk) heers soos konings in hierdie tyd deur God aan hulle verleen.<br>(Jesus sit aan die regterhand van God en ons "in Hom" en deur gebed) Openb 20:4<br><br>Ook die martelare heers in die triomferende kerk in die hemel. (Die hele kerk van Jesus Christus heers saam met Christus) Open 20:5-6 |
| Open 17:15-17<br>Vernietiging van die "hoer" deur die "Dier" | **Konings** ween oor haar verbranding Open 18:9<br>**Handelaars** ween<br>**Seevaar**t word vernietig<br>18: 11<br>Stem van siterspelers, **kunstenaars** stil :<br>Open 18: 21-22 : 23 | Gelowiges by die bruilofsfees van die LamOpen 19: 7 | **Satan word losgemaak** om met volle woede en krag teen God op te tree. Maak Gog en Magog bymekaar vir die finale slag teen die kerk op aarde - Open 20: 7-9<br><br>Finale oordeel vind plaas - Satan in die poel van vuur Open 20:10<br>(**Dode staan op** Open 20:11 – 15<br>**Wit troon oordee**l : volgens 2 boeke<br><br>1) **Gedenkboe**k van dade van alle mense<br><br>2) **Boek van die Lewe** met name van gelowiges. |

## Aanhangsel - Werkkaart ten opsigte van Visioen 6 tov

# Die duisendjarige vrederyk en die eerste en tweede opstanding

**Wat beteken die duisend jarige vrederyk: Openbaring 20 : 1-6 Satan word vir ‘n 1000 jaar gebind. (Bybel met verklarende aantekeninge)**

**1. Die visioen gryp terug na Hoofstuk 12.** - Die draak se bedreiging van die vrou en haar manlike Kind. Die engel uit die hemel kom met ‘n goddelike opdrag, met die sleutel van die afgrond Open 9:1 en ‘n groot ketting omdat daarmee die geweldige mag van die Satan beteuel sal word.

**2. Duisend jaar: ‘n Simboliese getal wat volheid en volkomenheid voorstel, maar tog ‘n bepaalde begrensde tydperk in hierdie geval.** Open 20: 3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël , sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. “Satan is verhinder om in eie persoon sy onheilige werk voort te sit. Sy verderflike werk is egter aan bande gelêvir die vasgestelde tydperk wat intree met die koms van Jesus Christus in die vlees as Verlosser. Vgl. Luk 10:18 Daarna moet hy volgens die raadsplan van God vir ‘n kort tydjie ontbind word om sy bose werk te volvoer. Vir alle gelowiges ‘n tyd van ontsettende smarte .

**3. Die getroues heers soos konings gedurende die duisend jaar.** (Die hele gemeente van Christus wat in hierdie wêreld die karakter dra van ‘n gemeente onder die kruis.. Deur hulle oefen Christus Sy heerskappy uit oor die volke van die wereld gedurende die duisend jaar waarin Satan gebind is.

**4.Eerste opstanding**: Dit is die oorgang uit die geestelike dood na die nuwe lewe in Christus.waarborg die oorgang uit die aardse lewe na die geluksaligheid.

**5. Tweede dood**: - Die geestelike dood in die hel

# Visioen 7

**Die hemel**

| **Die nuwe hemel en die nuwe aarde** | **Die nuwe Jerusalem (Die kerk van Christus as bruid)** | **Die staat van geluk in die nuwe Jerusalem** | **Laaste waarskuwings en beloftes** |
|---|---|---|---|
| Johannes sien die hemelse Jerusalem neerdaal soos Christus se bruid. Sy is die teenoorgestelde van die onheilige wêreldstad.<br><br>Die heilige Jerusalem dien as woonplek van God en sy kinders.<br><br>**Die tabernakel** beskryf die nouste gemeenskap wat God het met Sy volk.<br><br>Die skepping sal net soos die mens van sy verganklikheid bevry word 1 Kor 15:50 1 Kor 15: 51 , (Sien skema oor die parrallel tussen die wedergeboorte van die mens en die nuwe hemel en die nuwe aarde ) | Beskrywing van die Nuwe Jerusalem.<br>3 poorte - Genadewerk van God<br>4 - Die hele wêreld<br>12 Fondamente - 12 Apostels<br>Meetroede- Dit stem ooreen met die raadsplan van God<br>Kubus vorm - Bied ruimte vir alle gelowiges oor alle eeue en geslagte<br>Geen tempel: God is self tempel<br>Geen son - God is die lig<br><br>Genadewerk van God aan die mensheid<br>Fondament 12 apostels (Evangelie)<br>Volmaakte gemeenskap met Jesus | Daar is volmaakte geluk<br><br>Volkome tevredenheid<br><br>Geen vervloeking of sonde<br><br>Vir altyd in die teenwoordigheid van God self<br><br>Alle dors sal geles word uit die kristalhelder stroom<br><br>Geen honger meer nie- Bome van die lewe en gesondheid. .<br><br>Geen siekte , lyding pyn nie | Die boodskap van Openbaring moet nie geseël word nie.<br><br>Betroubaarheid van Openbaring word beklemtoon<br><br>Erns van Openbaring<br><br>Jesus is die uitvoerder van God se raadsplan<br><br>Kerk verwag die wederkoms van Jesus |
| Hfst 21:1-8 | Hfst 21:9-27 | Hfst 22:1-5 | Hfst 22:6-21 |

# Aanhangsel - Werkkaart tov die beskrywing van die skepping en die hemel (Visioen 7)

| Vergelyking tussen Genesis en Openbaring oor die Skepping en die nuwe aarde | | |
|---|---|---|
| **Aarde** | Gen 1:10 God het die droe grond "aarde " genoem en die waters wat bymekaargekom het het Hy "see" genoem. | Open 21: 1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan en die see was daar nie meer nie |
| **Son, maan en sterre** | Gen 1:14 "Toe het God gese Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene dae en jare aan te dui. God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers en ook die sterre". | Open 22: 5 "En nag sal daar nie wees nie en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig" |
| **Vrugtebome** | Gen 2: 9 "Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin en die boom van alle kennis ." | Open 22:2 "In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vruge dra en elke maand sy vrugte gee en die blare van die boom is tot genesing van die nasies" |
| **Rivier** | Gen 2:11 " Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak en van daar al het dit verdeel en vier riviere geword. " | |
| **Wet van God** | Wet van God . Gen 2: 16 "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet sterf jy". | Open 21:22 '" tempel het ek nie daarin gesien nie want die Here God die Almagtige is sy tempel en die Lam" |
| **Paradys** | Gen 2:8 " Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die Ooste aangele en die mens wat Hy gevorm het daar laat woon". | . Open 21:10 "En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoe berg en my die groot stad getoon die heilige Jerusalem wat uit die hemel van God neerdaal" (Tabernakel van God") Op 21:3 |

**Aanhangsel - Werk kaart - Visioen / video 7 -** Vergelyking tussen Genesis en Openbaring t.o.v die skepping en herskpping

| | **Die Skepping** | **Die herskepping** |
|---|---|---|
| Aarde | Gen 1:10 God het die droë grond "aarde " genoem en die waters wat bymekaar gekom het het Hy "see" genoem. | Open 21:1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan en die see was daar nie meer nie. |
| Son, Maan en sterre | Gen 1:14 Toe het God gesê Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene dae en jare aan te dui. God het die twee groot ligte gemaak, die grooste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers en ook die sterre | Openb 22:5 En nag sal daar nie wees nie en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig |
| Vrugtebome | Gen 2:9 Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin en die boom van alle kennis. | Open 22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee en die blare van die boom is tot genesing van die nasies |
| Rivier | Gen 2:11 Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak en van daar al het dit verdeel en vier riviere geword. | Open 22:1 En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam |
| Wet van God | Gen 2:16 Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as y daarvan eet sterf jy. | t Open 21:22 'n Tempel het ek nie daarin gesien nie want die Here God die Almagtige is sy tempel en die Lam |
| Paradys | Gen 2:8 Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die Ooste aangelê en diemens wat Hy gevom het daar laat woondi | Open 21:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon die heilige Jerusalem wat uit die hemel van God neerdaal |

# Die Bybel met verklarende aantekeninge

# Openbaringe

# 1959

**DIE OPENBARING AAN DIE APOSTEL JOHANNES**

Die aard van die boek. Die laaste Bybelboek dien homself aan as openbaring of „apokalips" 1 : 1, en tegelyk as profesie, 1 : 3; 22 : 7, 10, 18, 19. Daarom noem ons dit 'n profeties-apokaliptiese geskrif, en ons dui daarmee sy besondere karakter aan as onderskeie van die ander boeke van die Nuwe Testament. Tussen profesie en apokaliptiek bestaan daar 'n noue verwantskap en tog ook kenmerkende onderskeid. Profesie kan as die samevattende begrip bestempel word, en apokaliptiek as 'n besondere soort profesie. In die algemeen kan profesie beskryf word as 'n prediking of vertolking van die raad van God met die oog op eie tydsomstandighede, omgewing en volk; en dit sien uit na die voleinding van die wêreld as die heerlike eindpunt waartoe die heilsgeskiedenis ontwikkel. Daarteenoor is apokaliptiek in die reel 'n skriftelike bekendmaking van Gods raad met die oog op toekomstige eeue, en open dit 'n wye visie oor die wêreldgebeure en volkeverhoudinge; dit kondig die wêreldvoleinding aan as 'n katastrofale of gewelddadige ingryping in die geskiedenis deur God. Die profesie spreek in terme van gebeurtenisse of beelde uit eietydse omgewing die apokaliptiek spreek die taal van drome en gesigte en maak by voorkeur gebruik van beeldspraak; aan_gestaltes uit die mensewereld en die diereryk, aan verskynsels in die natuur, aan kleure, getalle en meetkundige figure gee dit simboliese_ betekenis. In hierdie aangeduide sin is die Openbaring van Johannes tegelyk profeties en apokalipties van aard. Dit wortel in die tydsomstandighede van die skrywer en getuig van vervolging wat destyds die Christene getref het; maar terselfdertyd rig dit die blik oor die toekomstige eeue en spreek dit van die lyding van die gelowiges van alle tye en van die lotgevalle van alle volke. Dit sinspeel op gebeurtenisse van destyds, maar dit spreek ook in allerlei simboliese terme in in die vorm van van hemelse en bonatuurlike gesigte. Wat in die boek voorkom, mag mag gevolglik nie eenvoudig letterlike verklaar word nie. Ewemin mag die verbeelding vrye loop neem of hedendaagse toestande en gebeurtenisse aangewys word as die finale vervulling van sekere uitsprake in Openbaring. Dit alles maan tot groot versigtigheid en beskeidenheid by die verklaring van hierdie boek. As profeties-apokaliptiese geskrif sluit Openbaring nou aan en put dit ryklik uit verwante boeke van die Ou Testament, met name Daniël, Esegiël, Sagaria en dele van Jesaja, 24-27, en Joël. Maar die uitsprake in die Ou Testament wat betrekking het op die koms van Christus op die aarde, word in Openbaring vertolk in hulle wêreldwye strekking en gerig op die wederkoms van Christus in heerlikheid op die wolke. Die goddelike heilsplan word in sy universaliteit ontvou, en daarin neem Jesus Christus die allesbeheersende plek in.

**Die oorsprong en gesag van die boek.** Die boek het sy oorsprong in God self. Hy het dit aan Jesus Christus gegee, wat dit op Sy beurt deur Sy engele aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, 1 : 1. Daarom is die inhoud waaragtige woord van God en getuienis van Jesus Christus, 1 : 2. Daaruit volg nie alleen dat die boek van goddelike gesag is nie, maar ook dat dit die voortsetting en afsluiting is van die openbaring wat die Here in die Ou Testament en in die Nuwe Testament gegee het. Gevolglik mag die verklaring van die beeldspraak en simbole in Openbaring nie willekeurig geskied nie maar altyd in gebondenheid aan wat elders in die Skrif voorkom.

**Die skrywer van die boek.** Sonder enige nadere aanduiding noem die skrywer homself Johannes, 1: 1, 4, 9; 22 : 8. So bekend was hy by die verskillende gemeentes dat geen misverstand omtrent sy identiteit kon voorkom nie,1;4 9, 2-3. Die eenstemmige getuienis van die oorlewering, meld dat die apostel Johannes in Efese gewoon het en die skrywer van Openbaring was. Opvallende ooreenkomste tussen Openbaring en die ander geskrifte van Johannes ten opsigte, die gebruik van sekere begrippe, die uitdrukkingswyse en die gedagtewêreld bevestig die tradisie dat Johannes die apostel die skrywer van Openbaring was.

**Die datum van die skrywe.** Wanneer die boek geskryf is, kan alleen by benadering vasgestel word. Volgens 1 : 9-11 het dit gebeur toe Johannes as banneling op die eiland Patmos, teenoor die kus by Efese, verkeer het. Die vervolging van die Christene wat ook die apostel getref het, moet die gewees het wat onder keiser Domitianus, 81-95 n.C., gewoed het. Die tradisie stel Openbaring in die laaste regeringsjaar van daardie keiser; dus in 95 n.C. Daar bestaan geen rede om hierdie aanduiding te betwyfel nie.

**Die vorm en hoofinhoud van die boek.** Na sy vorm is Openbaring 'n brief, 1 : 4, gerig aan die sewe gemeentes in Asië, maar bedoel vir die kerk van Christus In alle eeue. Die geheel is 'n digwerk, kunstig opgebou volgens 'n merkwaardige skema waarin sekere getalle, veral die sewetal, die grondstruktuur vorm, bv, 7 gemeentes, 7 briewe, 7 seëls, 7 basuine, 7 skale, 7 plae. Ook in 'n aantal besonder-hede kom die getal 7 voor, en daarbenewens die getalle 3, 4, 10 en 12, of veelvoude daarvan. Hierdie getalleskema moet by die lees van Openbaring in gedagte gehou word.

Die doel van hierdie skrywe van Johannes is om die vervolgde kerk te vertroos deur die triomf van Christus en Sy evangelie en die aanbreek van die volle geluksaligheid vir die gelowiges te beskryf. Die inhoud gaan oor die dinge wat is sowel as die wat gaan gebeur, 1 : 19. Die sentrale en alles bepalende gedagte bly : die Here kom; vgl. die woorde van die Here self, 1 : 7; 22 : 7, 12, 20; die bede van die Gees, 22 : 17; en die versugting van Johannes, 22 : 20; verder nog in 2 : 5, 16; 3 : 3, 11; 6 : 12 v.; 11 : 13 v.; 14 : 14 v.; 16 : 17 v.; 19 : 11 v.; 20 : 11 v. Daarmee word nie net Sy uiteindelike wederkoms op die wolke bedoel nie, maar die hele wêreldgeskiedenis, alles wat van die geboorte van die Heiland af plaasvind, word gesien as 'n voorbereiding vir Sy verskyning in heerlikheid vir die laaste oordeel. Die

loop van die geskiedenis word egter nie in 'n ongebroke lyn geteken nie, maar word meermale oorskou, telkens vanuit 'n ander gesigspunt, en word iedere keer ietwat verder deurgevoer, totdat eindelik die aanbreek van die voleinding en die glorieryke oorwinning van Christus aangekondig word. In dit alles bly Openbaring by uitnemendheid 'n troosboek vir die gemeente, wat daardeur vermaan word orn te volhard in die verwagting van Jesus Christus, wat in majesteit en volle heerlikheid op die wolke sal verskyn en Sy getroues sal heenlei na die volsaligheid van die Nuwe Jerusalem.

**Die hoofindelinge.** Indeling van die inhoud kan as volg gestel word: Na die inleidende verse, 1 : 8-8, volg drie hoofdele, nl. (i) 1 : 9-3 : 22, waarin die verskying van Christus beskryf word en Hy deur die hand van Johannes 'n brief aan elkeen van die sewe gemeentes rig; (ii) 4 :1-20 : 15, waarin die ontplooiing van Gods heilsplan in die geskiedenis en die verwoede aanvalle van die Satan beskryf word; 21 : 1-22 : 5, waarin die voltooiing van die heilsplan beskryf word. Daarop volg 22: 6 -21 met vermaninge en 'n slotwoord.

## OPENBARING 1:1-3 Naam en onderwerp van die boek

> [1] Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, [2] wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus — alles wat hy gesien het. [3] Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

*1 1-3. 'n Algemene voorwoord van die boek*. [1] In die saamgedronge v. 1 word die karakter van die boek vermeld : dit is openbaring. van Jesus Christus; die oorsprong : van God. . . gegee; die bestemming om aan sy diensknegte *te toon*; die inhoud: *wat gou moet Gebeur*. Die vorm: deur tekens en beeldspraak wat gesien word, te toon; die bemiddeling: Deur die sending van sy engel; en, die skrywer sy dienskneg Johannes . Openbaring die wegneem van 'n bedekking, die onthulling van wat voorheen bedek en dus onbekend was, Matt. 11 : 25; Efes. 3 : 5, sodat daardeur meer en ware kennis verkry word. Die woord kan beteken die daad van openbaarmaking, Rom. 2 : 5; die resultaat of inhoud van bekendmaking, 1 Kor. 14 : 26; en die geskrewe bekendmaking. Al drie betekenisse is hier van toepassing. Eintlik kan, die openbaring van Jesus Christus beskou word as die opskrif van die boek. van Jesus Christus: afkomstig van Hom, v. 2, maar dit het ook Jesus Christus tot inhoud, Rom. 16 : 25. Die benaming Jesus dui Hom aan. as Saligmaker, Matt. 1 : 21; en Christus as die Gesalfde, Matt. 1 : 16; 16 : 16. wat God Hom gegee het: die openbaring het sy oorsprong in die genadewil van God self; in. Sy volstrekte soewereiniteit verleen Hy aan Jesus die bevoegdheid en gee Hy die opdrag om die voleinding van Sy middelaarswerk bekend te maak, vg1. Joh. 20 : 21. sy diensknegte, lett.: slawe; 'n benaming vir die Godsgesant, Rom. 1 : 1; Jak. I : 1; so word ook die profete as die ontvangers van die bekendmakinge van God genoem, 22 : 6; en deur Johannes so te noem, word hy ingeskakel in die ry van die profete; daarom is sy boek 'n profesie, 1 : 3. t*e toon:* te laat sien deur gesigte en tekens, maar ook deur mondelinge bekendmaking. *wat gou moet gebeur:* alles wat volgens die raadsbestel van God noodwendig moet gebeur en wel gou, d.i weldra of binne 'n korte tydsbestek, in snelle opeenvolging. deur d*ie . . . engel:* die boodskapper van. Christus wat met Johannes spreek, 22 : 16, vgl. 22 : 6; 19 : 10*. aan sy dienskneg* Johannes: hy word nie apostel genoem nie, waarskynlik omdat hy by die lesers algemeen bekend was; sy verhewenste selfbetiteling is : slaaf van Christus. *te kenne gegee he*t: deur die gebruik van sinnebeelde en tekens meegedeel het. Diê uitdrukking bevat 'n ernstige waarskuwing dat wat in die boek opgeteken is, nie in. die letterlike sin bedoel is nie, maar n verborge betekenis het en in 'n oordragtelike sin verstaan moet word. Daarom moet die verklaring steeds met groot versigtigheid en beskeidenheid geskied. Vers 1 lê vas dat die boek op 'n viervoudige gesag gegrond is, nl. God, Jesus Christus, die engel en Johannes; daarom is die inhoud volstrek geloofwaardig. [2] *wat getuig . . . . God:* die aandeel van Johannes is slegs dat hy getuienis aflê van wat aan hom bekend gemaak is. Daarby gaan.dit nie om eie inbeelding of fantasie nie, maar om wat God self gespreek het, vgl. 22 : 6, 16. 18, 19. *en die getuienis van Jesus Christus*: die getuienis deur Hom afgelê, vgl 22 : 16; dit is gelyk aan die Woord van God, met name soos diê in die laaste Bybelboek opgeteken staan, *alles wat hy gesien het*, d.i. soveel as wat hy die voorreg gehad het om te sien van die ryke en onuitputlike Woord van God. Voorts laat die uitdrukking nog eens blyk dat die mededeling deur middel van gesigte en beelde geskied het. [3] Salig: vgl. Matt. 5 : 3; Jak. 5 : 11, *wat. . . lees*: eintlik hy wat voorlees in die gemeente, vgl. Ko1. 4 : 16; 1 Thess.5: 27. Die boek word profesie genoem omdat dit Gods woord bekend stel, met name

## OPENBARING 1

> 1 : 4-8 Opdrag aan die sewe gemeentes van die provinsie Asië 4] Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, [5]en van Jesus Chris-tus, die getroue getuie,

die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed,

aangaande die toekomstige dinge, vgl. 22 : 7, 10. hoor en bewaar : die vergaderde gemeente waar die Woord ontsluit en bedien word, moet met erns daarop ag slaan en daarvolgens lewe. Want die tyd is naby: die afgemete of gestelde tyd is kort; die voleinding moet gesien word as onmiddelik op hande, d.w.s. dit kan te eniger tyd aanbreek. Daarom moet gelet word wat voorgelees word uit hierdie boek, nie alleen om verlede of die toekoms meer te wete te kom nie, maar ook om te weet hoe om in die hede die lewe in te rig met die oog op die wederkoms van Christus. Die boek is dus profeties maar vermanend en vertroostend. 4-8. *Seëngroet en aankondiging van die wederkoms van Christus*. [4] Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: in die vorm van 'n brief begin die boek, vg1. Rom. 1:1-7. In Klein-Asië was daar meer as sewe gemeentes, maar die getal 7 het 'n sinnebeeldige betekenis, vgl. v. 20. Die genoemde sewe gemeentes v. 11 verteenwoordig al die gemeentes, die hele kerk van Christus op aarde, vgl. 2 : 7, 11, 17, 29; 3 : 6, 13, 22. *genade . . . . en vrede*: vg1. Rom. : 7 ; 1 Kor. 1 : 3, ens., veral Fil. 1 : 2; 1 Pet. 1 : 2. Aan die gemeentes word toegewens die gawe van Gods guns en die innerlike onverstoordheid van gees wat daaruit voortv1oei. *vrede*: vgl. 1 Sam. 25 : 6; 1 Kon. 2 : 33; Ps. 35 : 27; 122 : 6. *Hom wat is . . wat kom*: in die Grieks dien die uitdrukking as 'n benaming van God; deur die skrywer word dit ondanks die eis van die grammatika onverboë gebruik, om daardeur sterker die onveranderlikheid van God tot uitdrukking te bring. Dieselfde geskied met die benaminge van Christus in v. 5. God is sonder begin of wording of ontwikkeling : die Synde, vg1. Jes.41 : 4, Hy wat altyd daar was en bly, en die komende is, vgl. Jes. 40 : 10, nie net by die voleinding nie, maar reeds nou. Die benaming is in wese dieselfde as die in Ex. 3 : 14.*die sewe Geeste*. die Heilige Gees word op uitsonderlike wyse sewe geeste genoem, om daardeur die volkomenheid van. Sy werking uit te druk, vgl. 4 : 5. wat voor sy troon is: die beeldspraak, ontleen aan die tabernakel, waar die kandelaar dien om die glans en heerlikheid van God uit te straal, wil te kenne :gee dat die Heilige Gees die versoeningswerk van Christus en ook die genade en vrede, vanuit die binnenste heiligdom na die gemeente laat toestroom. 5] *van Jesus Christus, die getroue getuie.* daarmee is nou God drieenig genoem in die volgorde - God Heilige Gees, Jesus Christus. Aangaande Christus word vervolgens drie benaminge gegee, om ooreen te stem met die verkondiging: gestorwe — opgestaan — verhoog, wat hier verbind word tot 'n grondplan van 'n geloofsbelydenis. Deur Sy prediking en die bevestiging daarvan deur Sy bloed, is Hy die betroubare getuie van die waarheid van ons verlossing wat van God uitgaan. *die eersgeborene uit die dode* opstaan. 'n eretitel waardeur Jesus aangedui word as voorganger van die wat uit die dode opstaan en daarom as maghebber wat heerskappy voer oor die dood en die dode, vgl. Kol. 1 : 13, 15, 18; 1 Kor. 15: 20, 23. *die Owerste oor die konings:* Hy is verhewe tot 'n staat van majesteit en almag sodat volstrek alles aan Sy heerskappy onderworpe is vgl. Jes. 55 : 4; Openb. 17:18; .19:16. *ons liefgehad* het: die eerste van drie weldade van Christus wat hier genoem word. Eintlik staan. Daar: wat ons liefhet, waardeur die blywende liefde uitgedruk word, vgl. Rom. 8 : 37; Joh. 14 : 21 e.a. *ons . . . gewas het* .'n beter tekslesing is: ons . . . . verlos het, d.w.s. bevry het uit die bande van die sonde deur die offer van Sy bloed, vgl. 5 : 9; Efes. 1 : 7. Daarmee is die drie ampte van. Christus aangedui: die profetiese amp; Eersgeborene en Owerste die koninklike

## OPENBARING 1

[6] en ons gemaak het konings en priesters vir, sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid Amen. [7] Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen. [8] Ek is die Alfa en die Ornega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

amp; die Versoener en Verlosser - die priesterlike amp. [6] *en ons gernaak_her konings*: die betroubaarste manuskripte lees : en ons gemaak het 'n koninkryk. Tot Sy koninklike amp hoort dat Christus Sy eiendom vergader tot 'n koninkryk, waarin hulle egter ook as konings regeer, 5 : 10; 22 : 5, en gestel is tot priesters vir sy God en Vader, d.i. om die volk priesterlik voor God te verteenwoordig en aan hulle die bediening van die versoening te verrig, vgl. 2 Kor. 5 : 18-20; vgl. ook die priester-koning Melgisedek, Hebr. 7. *aan Hom . ewigheid*: aan God kom die hoogste lof en heerlikheid toe; en aan Hom behoort die allesoorwinnende mag, sonder dat die opeenvolgende tydperke daar ooit 'n end aan kan maak. Vgl. dieselfde 1ofspraak in Rom. 11 : 36; 16 : 27; Gal. 1 : 5; Hebr. 13 : 21; 1 Pet. 4 : 11; 2 Pet. 3 : 18; 2 Tim. 4:18; sien ook Matt. 6 : 13. *Amen*• 'n woord van bevestiging, vgl Deut. 27 : 15-26; sien ook by Matt. 5 : 18; Mark. 3 : 28; in Openbaring kom dit voor na ‘n lofspraak in 1 : 6; 7 : 12; as bevestiging van wat 'n ander gesê het, 5 : 14, 19 : 4; 22 : 20; in die vorm ja, amen, 1 : 7 ; en as naam van Christus, 3 : 14. [7] *Kyk, Hy kom . . . wolke*:
v. 7-8 kondig die tema van die boek aan : dit gaan om die koms van die Here in heerlikheid,soos aangedui in die Godsbenaming in v. 4. Die koms van God voltrek hom in die koms van Christus. *Hy kom met die wolke*, vgl. Dan. 7 : 13; Mark. 14 62, of op die wolke,14: 14-16, telkens is die wolke die sigbare

teken van Gods majesteit en teenwoordigheid, Ex. 13 : 21, e.a. By die wederkoms dien die wolke egter nie meer om Hom te bedek nie, maar juis om Hom sigbaar en kenbaar te maak vir elke oog, vgl. Matt. 24 : 30. *ook hulle …... deursteek het*: wat in Sag. 12 : 10 ten opsigte van God gesê is, word nou op Jesus van toepassing gemaak omdat die twee tog wesens-een is, vgl. Matt. 24 : 30; Joh. 19 : 34-37. Die wat Hom deursteek het, is almal wat in alle eeue Christus gesmaad en verstoot het. *En al die geslagte . . . . rou bedryf:* alle mense, sonder 'n enkele uitsondering, sal Hom sien kom; onder diegene wat hier op aarde Hom verwerp het, sal daar 'n ontsettende roubedryf wees, omdat hulle dan in die oordeel kom, vgl. Luk. 23 :
27.1 *ja, amen.* die Griekse en die Hebreeuse bevestigingsbede word hier saamgevoeg om des te sterker die waarheid van, die aankondiging te beklemtoon, vgl. by v. 6. [8] Ek is: 'n uitdrukking wat dien by die selfbekendstelling *van. God*, Ex. 3 : 14; *en van Christus*, Joh. 6 : 35; 10 : 7, 11; 15 : 1, en wat uitdrukking gee aan die een Ek en die ewige syn; vgl. by Mark. 6 : 50. *die Alfa en die Omega*: die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet, soos ons A en. Z. Met daardie twee letters en almal wat deur hulle ingesluit word, kan alles op alle gebiede geformuleer word. So is God die begin en die einde van alles en staan alles daartussen. onder Sy albestier, vgl. Rom. 11 : 36; 1 Kor. 15 : 28. Die uitdrukking is dus die insluitende begrip van *die al,* net soos die benaming. wat is en wat was en wat kom dien as die insluitende begrip van die tyd. Daarmee word die allesomvattende en allesbeheersende karakter van die persoon en wese van die Here aangedui, vgl. Jes. 44 : 6. *sê die Here*: die meeste manuskripte het : sê die Here God, waarmee bedoel word Christus, die Verheerlikte. die *Almagtige*. dien as weergawe van die toevoeging van die leërskare wat in die Ou Testament by die Godsnaam voorkom om Sy volstrekte mag aan te dui, vgl. Jes. 44 : 6, Hos. 12 : 6; Amos 4 : 13. Daarrnee gee hierdie vers uitdrukking aan die wese van God in drie dimensies:

## OPENBARING 1

> 1 : 9-20 Jesus verskyn aan Johannes op Patmos - Bevel om op te skrywe en dit te stuur aan die sewe gemeentes. [9] Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus. [10] Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê: [11] Ek is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Efese en Smirna en Pergamus en Thiatire en Sardis en Filadelfia en Laodicea.

na die ruimte, die tyd en die magswerking daarvan; Hy omspan „*alles altyd in alle opsigte*" vgl. 1 Kor. 15 : 23. 9-11. Johannes op Patmos ontvang die *ek, Daniël* Dan 7:15: of *ek Paulus* Gal 5:2; 1 Thess 2 : 18; 19; waardeur die skrywer sy persoon op die voorgrond stel as waarborg vir die juistheid van sy berig. julle *broeder en deelgenoot:* hy kondig homself nie as apostel aan nie, maar as iemand wat in alle opsigte een is met die gemeente in alles wat hulle deelagtig geword het. Die gemeenskaplike ervaring wat die broederband verstewig, is drieërlei, naamlik in die verdrukking: soos deur die tydsomstandighede meegebring, en, waardeur die woord van Jesus in vervulling gaan, Joh. 16 : 33, vgl. 2 Tim. 3 : 12; *in die koninkryk*: d.i. in die koningskap wat hulle reeds van Christus ontvang het en wat in die toekoms sy volle verwesenliking bereik, 22 : 5; en lydsaamheid: d.i. die volharding wat hom in die uur van verdrukking heen strek na die toekomstige koningsheerskappy, vgl. 2 Tim. 2 : 10; Hebr. 12 : 2. *van Jesus*, eintlik: in Jesus, d.i. die leed, die hoop en die volharding kry 'n besondere kwaliteit omdat dit met
Jesus verbind is en deur Sy werk en raad oor hulle kom. *Patmos*: 'n klein eiland teenoor
Efese, rotsagtig en boomloos. Volgens oorlewering is Johannes weens sy geloof in Christus deur keiser Domitianus, wat 81-95 n. C. geregeer het, daarheen verban*. ter wille van die woord* . . . . *Christus*: die vervolging van die Christene het ook die hoogbejaarde apostel getref; sy belydenis en getuienis lei tot sy verbanning. [10] Ek was in die. Gees. hy het in vervoering van die gees geraak, waardeur hy onbewus geword het van die sigbare wêreld rondom hom en in n geestestoestand geraak het waarin hy gesigte gesien het uit die bo-sinlike wêreld, vgl. Hand.10 : 10; 2 Kor. 12 : 2, 2 Pet. 1 : 21, ook 2 Sam. 23 2. Dit geskied deur die Heilige Gees. *op die dag van .die Here*: die opstandingsdag, die eerste dag van die week, wat vroeg reeds in die gemeente die plek van die sabbat inneem, vgl. Hand. 20 : 7; 1 Kor. 16 : 2. *'n groot stem . . . . basuin*: sonder om iets te sien, hoor hy 'n. stem wat ooreenkom met die klank van. 'n basuin, vgl. Eseg. 3 :12. Die beskrywing herinner aan Ex. 19 : 16 v. Die basuin kondig die begin van die eind tyd aan, Matt. 24 : 31; 1 Kor. 15 : 52; 1 Thess. 4 : 16. [11] *Ek is . . . . die laaste*: vgl. v. 8. Die meeste manuskripte laat hierdie benaming weg. *Wat jy sien*: d.i. die visioene en die woorde, alles wat hy van nou af sal waarneem. *die sewe germeentes*, vgl. v. 4; hulle word in die volgorde van hul geografiese ligging genoem. Efese die groot hawestad waar Paulus gearbei gearbei het Hand. 18 : 19; 19 : 1 v., naaste aan Patmos

## OPENBARING 1

> 12)Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, 13) en tussen die sewe kandelaars, Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met n goue gordel. 14) Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, 15)en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. 16) En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

geleë. *Smirna*: 'n ander hawestad, sowat tien uur te voet noord van *Efese*. *Pêrgamus:* die setel van afgodiese keiseraanbidding, geleë in die Romeinse provinsie Asië, sowat twaalf uur noord van *Smirna. Thiatire*: geleë sowat twaalf uur suidoos van Pergamus. *Sardis:*sowat agt uur suid. van Thiatire. Filadelfia: agt uur ver suidoos van Sardis. Laodicêa: sowat twaalf uur suidoos van Filadelfia en 'n veertig uur oos van Efese. Die gemeentes lê dus in 'n wye kring. 12-16. Johannes kry 'n gesig van die Spreker. [12] *om te sien watter* stem om die spreker te sien wat met so 'n stem gepraat het. *sewe goue kandelaars*: in. die tabernakel was daar een kandelaar met sewe lampe, Ex. 37 : 17 v., wat die eenheid van die verbondsvolk voorgestel het. Tans word die gemeentes voorgestel as sewe kandelaars wat onsigbaar ot 'n eenheid verbind is in Christus, en deur die Heilige Gees die lig van. Gods heerlikheid laat uitstraal. [13] *Een soos die Seun van die mens*, lett. : soos 'n Seun van die mens, ooreenkomstig die benaming in Dan. 7 : 13, van waar die selfbenaming van Jesus herlei word, vg1. Matt. 8. 20; Mark. 2 : 10. Die stem wat Johannes gehoor het, blyk die te wees van dieselfde Jesus wat op aarde was, maar nou in heerlikheid en majesteit verkeer. *met 'n kleed . . . . hang*: 'n verwysing na die gewaad van die hoëpriester, Ex. 28 : 4; 29 : 5; 39 : 27, waardeur Sy priesterlike waardigheid aangedui word vg1. by 7 : 9, *en gegord om die bors:* 'n aanduiding van koninklike waardigheid. [14] *Sy hoof en hare . . . . soos sneeu*: Sy hoofhare en baard was glansend wit as teken van Sy heiligheid, vgl. Dan. 7 : 9. sy oë soos 'n vuurvlam: vgl. Dan. 10 : 6, om deur alles heen te kan dring; niks is vir Hom verborge nie, Hy is alwetend, vgl. 2 : 18 v.; 19 : 11 v. [12 *sy voete . . . .'n oond*: teenoor die onvaste voete van die beeld van. Dan. 2 : 33 is die voete van die Seun soos van 'n vaste metaal van hoë skitteringsgehalte, as sinnebeeld van. Sy heiligheid. *sy stem soos . . . . baie waters:* die stem soos 'n basuin, v. 10, word nou in sy krag en verhewenheid vergelyk met die gedruis van 'n magtige stroom, vgl. 14 : 2. [16] *En in sy regterhand*: dien as uitdrukking van volkome beheersing; Hy het die sterre in. Sy mag en hou hulle na Sy welbehae in stand. *sewe sterre*: vgl. by v. 20. en *'n skerp tweesnydende swaard . . . . uitgegaan*: die swaard met twee snykante, d.i. met 'n dodelike trefvermoë, is die woord van God wat deur Jesus se mond kom, vgl. 2 Thess. 2 : 8-;a4 : 12 en ook Jes. 11 : 4. Hier het dit betrekking op die rigtende, oordelende werksaamheid van. die Seun van die mens, vgl. 2 : 12, 16. Die uitspraak bedoel nie gebeurtenisse van die verlede nie, maar wat vandag nog voortgaan; Hy hou steeds die sterre en die swaard gaan steeds uit, of: is uitgaande. Hy gaan voort om Sy heerlikheid te openbaar en ook om te oordeel en te straf. *sy aangesig*: Sy aansien, d.i. die voorkoms soos Johannes dit gesien het, was soos die son in sy middag-hoogte; dus, verblindend heerlik.

## OPENBARING 1

> [17] En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste [181 en die lewende;en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen en Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. (19) Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur; 20 die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars is die sewe sterre is die engele van die gemeentes en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

17-20. Die opdrag aan die profeet. [17] *val ek . . . . aan sy voete*: die onmiddellike uitwerking van die goddelike verskyning is steeds dodelike skrik en 'n eerbiedige nerval op die aarde, vgl. Rigt. 6. 22; 13 : 22; Jes. 6 : 5, Eseg. 1 : 28; Dan. 8 : 17; 10 : 7-9. *Sy regterhand op my gelê*: om hom tasbaar te verseker van die oprigtende genade van die Here. *Moenie vrees nie,* lett.: hou op om te vrees. Met die uitdrukking het Jesus tydens Sy aardse omwandeling meermale Sy volgelinge gerusgestel, vgl. Mark. 5 : 36; 6 : 50. Dit gaan dus om dieselfde Jesus wat Johannes op aarde geken het. *Ek is die eerste en die laaste*: vgl.by v. 8; Hy is die eerste of oorsprong, en die laaste eindbestemming van alle dinge vgl. Rom. 11 : 36; Kol. 1 : 15-19; Jes. 44 : 6. [18] *die lewende*. Hy wat oor die lewe as sodanig beskik; wie se wese die lewe is en wat daarom steeds die Lewende bly, vgl. v. 5. *en Ek was dood . . . . ewigheid* vrywillig het Hy 'n dode geword; maar as die Een wat die lewe in Homself besit, het Hy weer tot die lewe opgestaan om in ewigheid onveranderlik en onsterflik te bly lewe. Amen: vgl. v. 6. *die sleutels*- die simbool van mag en beskikkingsreg, om te kan binnelaat of uit te sluit wie Hy ook wil, vgl Jes. 22 : 22; Matt. 16 : 19. van die

doderyk: die vergaderplek van alle gestorwenes, waarheen die dood lei; soms word dit voorgestel as n huis met poorte, Matt. 16 : 18,vgl. ook Openb. 6 : 8; maar dit is onderskei van die hel, vgl. 20 : 14. Jesus, die Vors van The lewe, beskik oor die mag om in die doderyk te laat afdaal of daaruit terug te *te roep* [19] *wat jy gesien het*: d.i. wat hy tot hiertoe gesien. het sowel as wat nog gaan volg. *Die wat is*: die bestaande toestande in sy eie tyd soos dit in die sewe gemeentes voorkom, hfst. 2-3. *die wat gaan gebeur* die dinge wat in die nabye toekoms te wagte is, vgl. v 1 3 4 7 [20] *die verborgenheid*. die spreker, Jesus, is die bekendmaker van. die goddelike geheimenisse en doen dit ook hier ten opsigte van die sewe sterre en die sewe kandelaars. die sewe sterre is die engele: die sterre is die voorstelling van die voorgangers of ampsdraers van die sewe gerneentes; as sterre het hulle die roeping om die hemelse lig te versprei in die nagtelike duisternis, *die sewe kandelaars . . . . die sewe gemeentes*: yg v..12. Die getal 7, vgl. v. 4 en 11, is saamgestel uit drie, d.i. die getal van die goddelike Drie-eenheid, en vier, d.i. die getal wat die wêreld of die mensheid voorstel, sodat die getal 7 die volle handeling van God met die mensheid tot uitdrukking bring en 'n. aanduiding word van Sv genade, maar ook van Sy oordeel.

2 : 1-3 : 21. Die briewe aan die sewe gemeentes beskryf the dinge wat is, 1:19 om die gemeentes te vermaan, te louter en te bemoedig alvorens hulle kennis maak met die

## OPENBARING 2

2: 1-7 Briewe aan die sewe gemeentes van Asië
Eerste brief: aan Efese
[ 1] Skryf aan die engel van die gemeente in Efese: Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: [2] Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte rnense nie kan verdra nie; en dat jy die op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.

*wat gaan gebeur*, 1 : 19, vgl. 4 : 1. Op grond van die vorm van die slot van die briewe kom die eerste drie ooreen, en dan weer die laaste vier. Daardeur vind ons hier die eerste voorbeeld van. 'n breuk in die getal 7 wat meermale in Openbaring voorkom. Tog vorm die briewe 'n eenheid en is hulle saam gerig aan die kerk in sy geheel.

2 : 1-7. Efese word geprys, maar ook bestraf. [1] Efese was die belangrikste hawe, die poort van die Egeïese See na die Eufraat-lande, en bekend vir die tempel van Diana ook geroem as die tempelbewaarder van die groot godin Diana, Hand. 19 35. Paulus het die gemeente daar gestig en opgebou, Hand. 18-19, vgl. Hand. 20 : 17-38. *die engel:* die voorganger, vgl. 1 : 20. *Hy wat die sewe sterre . . . . hou*: vgl. 1 : 16, 20. Die voorganger, as een van die sterre, moet begryp dat hy is wat hy is enkel omdat God hom vashou. *wat wandel . . . kandelaars*: vgl. 1 : 12 v. [2] *Ek ken jou werke*: met 'n absolute wete ken die Here al die doen en late van die voorganger, en in sy persoon ook van die gemeente;ook al die omstandighede en toestande waarin die gemeente bestaan. *Arbeid …lydsaamheid* : die werke is van tweërlei aard : wat gedoen is en wat verduur is. Bedoel word die inspanning en die volharding of uithou onder die druk van teenstand, vgl. 1 : 9, ook 2 Kor. 6 : 4 v. *slegte mense . . . . verdra nie*: sondige mense, en mitsdien die wesenlike verkeerdheid wat hom in dade van sonde openbaar, kon voorganger en gemeente op grond van hulle innerlike gesteldheid nie verdra nie. *en dat jy diê . . . . leuenaars* bevind het: sekere predikers het in die gemeente voorgegee dat hulle apostels is, vgl. 2 Kor. 11 : 13, maar het by ondersoek geblyk leuenaars te wees, omdat hulle nie die ware evangelie verkondig nie, vgl. v. 6 en Hand. 20:29. [3] *dat jy verdra het:* die geestelike gesteldheid van die voorganger is sodanig dat hy die kwade nie kan verdra nie, v. 2, maar die kruis wel. *lydsaamheid*: volharding, 1 9. *ter wille van my Naam*: om aan die Naam, d.i. die Persoon, getrou te bly en dit in volstrekte ere te hou, vgl Matt. 10 : 22; Mark. 13 : 13. [4] *jou eerste liefde verlaat het*: die liefde tot Christus wat in die begin daar was, en wat in die Christelike lewe altyd eerste moet bly, het te midde van die veelheid van werksaamhede en van die teenstand teen dwalinge verflou. Wanneer hierdie liefde verkoel, kan geen ander deug dit vergoed nie. [5] *waarvandaan jy uitgeval* het. omdat die liefde verkoel het, staan die voorganger nie meer op die hoë peil van Christelike lewe soos voorheen nie. Onthou . . . .

## OPENBARING 2

Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. [6] Maar dit het jy,, dat jy die werke van die Nikolalete haat, wat Ek ook haat. [7] Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes se. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.

2:8-11 *Tweede brief: aan die gemeente van Smirna*
[8] En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het: [9] Ek ken jou werke en verdrukking en armoede - maar jy is ryk –

*bekeer . . . doen*: die drie stappe wat noodsaaklik is om te kan terugkeer tot die hoë stand van Christelike lewe selfinkeer, innerlike omkering en gedragsverandering. *die eerste werke*: die wat uit die eerste liefde gebore is. *jou kandelaar verwyder*: omdat die gemeente, deur die verkoeling van die liefde, hom van God verwyder het, sal die Here ook Sy hand van die gemeente terugtrek; vir 'n. tydjie sal hy nog 'n naskynsel gee, maar sy ligbron, sal weggeneem wees. *as jy jou nie bekeer nie*: opnuut tot inkeer kom en die leefwyse verander. *die werke van die Nikolaite*: 'n groep dwaalleraars wat nie nader aangedui kan word nie, maar wie se leer en gedrag sodanig was dat dit gehaat moet word, v. 15. [7] *Wie 'n oor het, laat hom hoor*: wie innerlik sodanig gestemd is dat hy die uitspraak kan begryp, moet dit ter harte neem. Al sewe briewe sluit met hierdie vermaning : vgl. ook Matt. 11 : 15; 13 : 9; Mark. 4 : 23 *die Gees aan die gemeentes*: die Heilige Gees as Persoon, vgl. 14 : 13; 22 17, spreek hiermee al die gemeentes, dit is die hele kerk, aan. *Aan hom om wat oorwin* 'n algemene belofte aan elkeen wat volhardend die oorwining in die aardse stryd behaal; vgl. ook 1 Joh. 5 : 4; Joh. 16 : 33. om te eet. . . . van God is: n sinspeling op Gen. 2 : 9; 3 : 22, waar die mens deur die sondeval uit die paradys verban is. Nou word die belofte gedoen dat deur Christus die toegang tot die paradys.herwin sou word en dat die wat oorwin van die boom van. die lewe sou mag eet om vir ewig geluksalig te kan lewe, vgl. 22 : 2.

8-11. Smirna word geprys, maar ook vermaan met die aanstaande verdrukking
[8] die engel: vgl. by 2 : 1. Smirna: 'n eeue-oue hawestad , noord van Efese, wat voorgegee het om die vernaamste stad in die Romeinse provinsie Asië te wees. Twee eeue v.C. is daar 'n tempel opgerig waar Rome as godin vereer is. die eerste en . . . . lewend geword het: vg1. by 1 : 17-18. Die selfbenaming moet die gemeente daaraan herinner dat alles wat hulle mag tref, binne die raadsbestel van God val; al sou die martelaarskap hulle wag, is die Here die oorwinnaar van die dood. 9) Ek ken jou werke . vgl. 2 : 2. Tot troos word gesê dat drie dinge by die Here bekend is, nl. hulle verdrukking, armoede en lastering verdrukking: die druk wat uit vyandskap teen Christus aan. die gemeente opgelê word armoede — maar jy is ryk: van alle aardse goedere beroof, vgl. 2 Kor 8 : 2, 9, maar ryk in die besit van geestelike goedere; vgl. 2 Kor. 6 : 10; Jak. 2 : 5; ook Luk. 12 : 21; 3 : 17. lastering: die verspreiding van leuenagtige gerugte ten einde skade te berokken

## OPENBARING 2

die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan. [10] Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat ju11e op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie. 2 : 12-17
*Derde brief: aan die gemeente van Pêrgamus*
En skryf aan die engel van die gemeente in Pergamus: Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:

vgl. Jak. 2 7; Hand. 17 : 6. *dat hulle Jode is*: hulle stam wel van Abraham, maar is geensins lede van die ware volk van God, die nuwe Israel, nie. maar 'n sinagoge van die Satan: teenoor die kerk van God staan die sinagoge of vergadering van Satan, vgl. Joh. 8 : 39-44. Satan, die duiwel, verset hom met groot mag en sluheid teen God en Christus, vgl. 2 : 13; 12 : 9; ook Matt. 4 : 1, 10. [10] *Vrees vir niks:* d.i. in geen enkele opsig nie, vgl. Matt. 10 : 28. Om in die lyding aan Christus getrou te kan bly, mag die geloof nie verflou nie. *die duiwel*: die Satan, vgl. 12 : 9; die naam in die Hebreeus laat dink aan die aanklaer, vgl. Luk. 16 : 1; Sag. 3 *sommige van julle*: nie net die voorganger nie, maar die hele gemeente word aangespreek, vgl. 1 : 20; 2 : 1 v. *op die proef gestel kan word*: die verdrukking het 'n positiewe uitwerking, nl. om die standvastigheid van die geloof te beproef en sodoende die heerlike werk van God in hulle tot openbaring te bring; vgl. Job 1 : 6 v.; Jak. 1 : 2-4. *tien dae lank*: vgl. Dan. 1 : 14. Bedoel word 'n kort tydsverloop, Gen. 24 : 55; Num. 11 : 19; vgl. Openb. 11 : 3; 12 : 6. Tien is die getal van volkomenheid en dien as uitdrukking van die volle eis van Gods geregtigheid, nl. in tien gebooie; en die volle maat van Sy straf, bv. die tien plae, en tien versoekinge, Num. 14 : 22. *Wees getrou tot die dood toe*: die gevangenskap sal op die dood uitloop, maar hulle sal in staat gestel wees om onwankelbaar in die geloof te bly. *die kroon van die lewe*: d.i. die ewige lewe as oorwinnaarsbekroning. Die beeld is ontleen aan die atletiekwedstryde waarvoor Smirna bekend was; vgl. ook 1 Kor. 9 : 24; Fil. 3 : 14; 2 Tim. 2 : 5; 4 : 7; 1 Pet. 5 : 4; Jak. 1 : 12. [11] *Wie n oor . . . . gemeentes sê:* vgl. by 2. 7. *die tweede dood*: d.i. die ewige straf, vgl. Matt. 10 : 28. Die eerste dood is die liggaamlike sterwe aan die end van die aardse lewe; die tweede dood is die onherroeplike oordeel van God, vgl. 19 : 20; 20 : 10, 14; 21 : 8.

12-17. Pergamus word geprys, maar ook bestraf. [12] die engel: vgl. by 2 : 1. *Pêrgamus:* vroeg reeds beroemd vir sy biblioteek, sedert 133 v.C. 'n vername stad van die Romeinse provinsie Asië, het bekendheid verwerf as die middelpunt van 'n hele aantal heidense godsdienste; o.a. is Asclepius Soter, d.i. Redder, daar vereer as god van die genesingskultus. Die groot aantal godsdienste wat daar saamgetrek is, word vir die Christene n versoeking en 'n bedreiging. *wat die . . . . swaard het*: vgl. by 1 : 16. Die Here maak Hom bekend as die oordelende wat met Sy swaard skeiding maak tussen gemeente en heidendom, maar ook tussen getroues en ontroues binne die gemeente, vgl. v. 16.

## OPENBARING 2

> 13] Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. [14] Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. [15] So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die wat Ek haat. [16] Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog over met die swaard van my mond.[17] Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Diegene binne die gemeente wat met die praktyke van die heidene heul, is voor Hom 'n gruwel. [13] *Ek ken jou werke*: vgl. by 2 : 2. waar jy woon: die gemeente is aan 'n bepaalde woonplek gebonde en word deur die gees en gesindheid van die omgewing beïnvloed. In hierdie geval hou die omgewing groot gevaar in omdat dit is: *waar die troon van Satan is.* Satan voer daar heerskappy daarom is dit uiters moeilik om Christus daar te bely. *En jy hou vas … nie verloën nie*: tot lof van die voorganger word verklaar dat hy ondanks oorweldigende teenstand aan Christus getrou gebly het. selfs in die dae: toe 'n tyd van vervolging sy hoogtepunt bereik het. *Antipas*: 'n onbekende Christen wat volgehou het dat alleen Christus, en nie die keiser of enige ander nie, „die Here" is; gevolglik het hy die marteldood gesterf. *my getroue getuie*: orndat hy Christus geëer het, word hy nou deur Christus geëer, vgl. Matt. 10 : 32. Die oorspronklike woord vir getuie beteken ook martelaar, dus bloedgetuie. [14] *enkele dinge*: nie kleinighede nie, maar baie ernstige dinge. *die leer van Bileam*: 'n dwaalleer van bose oorsprong en. gevaarlike werking, soos die van Bileam, wat aan Balak raad gegee het hoe om Israel aan God ontrou te maak, vgl. Num. 22-24; 25 : 1 en veral 31 : 16. Hy moes hulle naamlik verlei om mee te doen aan maaltye vir die afgode en aan hoerery; daardeur sou hulle aan die Here ontrou en aan die wêreld gelykvormig geword het. [15] *die leer van die Nikolaïete*: vgl. 2 : 6. Vermoedelik is die Nikolaïete verantwoordelik vir die verspreiding van die Bileamsleer waardeur hulle die Christene probeer verlei om die grense tussen kerk en wêreld vokome uit te wis. [16] *Bekeer jou* die voorganger en die gemeente self moet ten opsigte van hierdie dwaling tot inkeer en lewensverandering kom*, anders kom Ek gou*: daar is geen uitstel nie; volharding in die kwaad bring die oordeel, vgl. Eseg. 3 : 17-20; 33 :6, 13. Versuim van die tug verhaas die tugtiging. *teen hulle oorlog voer*: d.i. teen hulle optree met die doel om hulle te verdelg, vgl. 19 :11. *swaard van my mond*: vgl. 1 : 16; 2 : 12; 19 : 15; ook Hebr 4 : 12. [17] *Wie 'n oor het*: vgl. by 2 : 7. hom wat oorwin: vgl. by 2 : 7. *te eet van die verborge manna* 'n verwysing na Ex. 16 : 14 v., vgl. Ex. 16 • 4; Ps. 78 : 24. In die plek van

## OPENBARING 2

> hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op die steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.
>
> 2: 18-29 *Vierde brief: aan die gemeente van Thiatire*
>
> [18] En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire: Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper: [19] Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke,en dat die laaste meer is as die eerste. [20] Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. [21] En Ek het haar tyd gegee

die sigbare spyse by die afgode-offermaaltye sal Christus Sy getroues versadig met die onsigbare hemelse spyse. Vgl. 1 Kor. 10 : 21 - die tafel van die Here teenoor die tafel van die duiwels, sien ook Joh. 6 : 31, 51. *'n wit keursteen*: n beeld ontleen aan die regspraak van destyds, waarby twee steentjies gebruik is : 'n witte om vryspraak en 'n swarte om veroordeling aan te dui 'n nuwe naam: omdat die vryspraak volstrek persoonlik en onherroeplik seker is word die naam van die ontyanger op_die keursteen geskryf. *'n nuwe naam* is dit om aan te dui dat deur die bekering sy hele wese nuut geword

het en 'n nuwe bedeling in sy lewe begin vgl. Gen. 17 : 5; 32 : 29; Mark. 3 : 16; Joh. 1 : 42 *wat niemand ken nie*: omdat dit n heel persoonlike naam is, wat vir die eerste keer deur die mond van God uitgespreek word, vgl. Jes. 62 : 2 v.; 65 : 15. 18-29. Thiatire ontvang lof en bestraffing. [18] *die engel*: vgl. 2 : 1. *Thiatire*: geleë in Lidië, suidoos van Pergamus, was as nywerheidstad gebou en bekend vir wolverfstowwe,vgl. Hand. 16 : 14. Druk word op Christene uitgeoefen om mee te doen aan godsdienstige handelinge en onsedelike praktyke wat met die industrie arbeid gepaard gaan. *die Seun van God*: hierdie selfbenaming, wat geïmpliseer is in 1 : 6; 2 : 28; 3 : 5, 21, dien om die voorganger en gemeente te laat besef dat hulle deur Christus met Sy volle goddelike gesag aangespreek word. *wat oë het . . . . koper*. vgl. by 1 : 14 v. [19] *Ek ken jou werke*. vgl. By 2 : 2. Die werke word omskryf: liefde en geloof, d.i. 'n innerlike gesteldheid, en die mees kenmerkende uitinge daarvan, nl. diens en lydsaamheid. Die liefde openbaar hom in die bediening van die behoeftiges; die geloofsvertroue het tot vrug die volhardende standvastigheid. *en jou werke . . . . as die eerste*, liewer te vertaal: „en jou laaste werke is meer as die eerste"; anders as by Efese, 2 : 4-5, is hier 'n toeneming in die geestelike lewe van die gemeente. [20] *dat jy die vrou Isebel* die naam is simbolies, net soos die van Bileam 2 : 14, en dien om 'n invloedryke vrou in die gemeente aan te dui wat besig was om die gemeente te verlei, soos die vrou van Agab die hele Israel tot afgodediens verlei het, vgl. 1 Kon. 16 : 31 v.; 2 Kon. 9 : 7. *toelaat*, eintlik: laat begaan, vgl. dieselfde woordgebruik In Joh. 11 : 48; 12 : 7; d.w.s. die voorganger is bewus van die kwaad, maar laat dit toe. *wat haarself 'n profetes noem*: sy gee valslik voor dat sy openbaringe ontvang soos 'n profetes. Profeterende vroue het meermale in die gemeentes voorgekom, vg1. Hand. 21 : 9; 1 Kor. 14 34; 1 Tim. 2 : 12. om *te hoereer . . . . te eet*: dieselfde sonde wat in Pergamus as die leer van Bileam bestempel is, 2 : 14. [21*] tyd gegee om . . . . te bekeer*: in Sy lankmoedigheid

## OPENBARING 2

haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. [22] Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. [23] En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek,en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. [24] En ek sê vir julle

en die ander wat in Thiatire is, a1ma1 wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie. Ek sal op julle geen ander las lê nie. [25] Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. [26] En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sa1 Ek mag oor die nasies gee,

*het die Here haar ernstig gewaarsku*. Die verhouding tussen God en Sy volk word soms beskryf as 'n heilige huweliksverhouding; *deur afgodery en ongeloof* word die verhouding,verbreek, net soos hoerery 'n huwelik verbreek. Die sonde van Isebel is dus wel liggaamlike onsedelikheid, maar tegelyk 'n geestelike ontrou teenoor die Here. [22] Ek werp . . . . op 'n siekbed: as straf sal God haar wellusbed verander in 'n ernstige siekbed *en die wat met haar owerspel bedryf* d.i. lede van die gemeente wat hulle deur die vrou laat verlei het. *van hulle werke bekeer*: volgens die meeste manuskripte : *van haar werke*, waardeur die vrou andermaal aangewys word as verantwoordelik vir die sonde in die gemeente. [23] *haar kinders . . . . doodmaak*: die straf van die moeder word verswaar deurdat Gods oordeel haar kinders tref; vgl. die kinders van. Isebel wat deur die waard van Jehu omkom, 2 Kon 9 : 22; 10 : 6. *wat hart en niere deursoek*: vgl. Ps. 7 : 10; Jer. 11 : 20; 17 : 10; 20 : 12. Die hart is die setel van die denke, gevoel en wil, en die niere van die innerlikste en mees verborge gevoelens en geneenthede. Die almal is by God bekend. *aan elkeen .. . .* volgens sy werke: omdat die dade die gesindheid van die hart openbaar word by die vergelding op hulle gelet, vgl. Ps. 62 : 13; Jer. 17 : 10; Matt. 16 :27 Rom. 2 : 6; 14 : 12; 2 Kor.5. 10. [24] *vir julle en die ander*: eintlik staan daar: vir die ander m.a.w die Here rig Hom nou tot die getroues wat die leer van die Isebel nie nagevolg het nie. *wat die dieptes van Satan* . . . . *nie leer ken het nie* dit skyn die spreekwyse te geword het dat iemand eers met die aller-ergste werke van Satan moes kennis maak voordat hy dit kon oorwin; dus, volgens hulle, moes die gelowige hom eers aan. die sonde oorgee, met name van v. 6 en 15, om dan daaroor te kan heers. *Ek sal . . . . geen nader las lê nie*: 'n oproep om die gebooie van die Here te gehoorsaam. Blykbaar is hier 'n toespeling op Hand 15 : 28-29, waar verorden is dat die gemeentes hulle moes onthou van afgodsoffervleis en hoerery. [25] *wat julle het*: d.i die suiwere evangelie met sy eise van waarheid en heiligheid. *totdat Ek kom*: die uitsig op die wederkoms van Christus word voorgehou as spoorslag vir die gemeente om by die waarheid te volhard en nie aan dwaalleer toe te gee nie. [26] aan hom wat oorwin: vgl by 2:7 *en my werke . . . . bewaar*: die werke wat Christus in die gelowiges bewerk, d.i. alles. wat die teenoorgestelde is van die werke van die verleidster, v. 20-22. *mag oor die nasies gee.* in die huidige bedeling staan die gelowiges

[27] en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. (28) En Ek sal hom die morester gee. 29)Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

3: 1-6Vyfde brief: aan die gemeente van Sardis [1] En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy le
ef, en jy is dood. [2.] Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. [3] Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou;

magteloos teenoor die oormag van diegene uit alle volke wat Christus verwerp; maar die verhouding sal omgekeer word, soos ten opsigte van die Messias voorspel is in Ps. 2 : 89. [27] *hulle regeer met 'n ysterstaf*, lett.: hulle soos 'n herder hoed met 'n ysterstaf, d.w.s. met onverbiddelike strengheid aan stukke slaan, vgl. 19 : 15, *en alle teenstand wegruim*, Ps. 2 : 9. *soos erdegoed . . . . verbrysel*: voor God sal die teenstand so broos soos erdewerk wees, vgl. Ps. 2 : 9. *net soos Ek . . . . ontvang het:* net soos Christus van Sy Vader die mag ontvang het, so verleen Hy dit ook aan die oorwinnende gelowiges, vgl. Ps. 2 : 8-9; ook Matt. 28 : 18. [28] *die morester gee*: volgens 22 : 16 is Jesus self die morester. Dus, Hy beloof om Homself te gee aan elkeen wat getrou is en oorwin. Hy is die morester wat hulle inlei in die dag van ewige heerlikheid, vgl. 2 Pet. 1 : 19. [29] *Wie ore het*: vgl. by 2 : 7. In teenstelling met die eerste drie briewe word die volgorde van belofte en opwekking om te hoor, in die laaste vier omgekeer, vgl. by 2 : 1. 3 : 1-6. Sardis ontvang bestraffing. [1] *die engel*: vgl. by 2 : 1. *Sardis*: 'n ou stad wat voor 1000 v.C. reeds bestaan het. later was dit die hoofstad van die Lidiese koninkryk,maar dit het in verval geraak en die glorie van voorheen nie herwin nie. Die gemeente aldaar het die goeie skyn behou, maar was sonder krag. *wat die sewe Geeste . . . . sewe sterre het:* vg1. 1 : 16, 20. Die selfbenaming wys die gemeente op die bron van alle lig en lewe. *Ek ken jou werke:* vgl. by 2 : 2. die naam het dat jy leef: sonder 'n woord van waardering soos in die ander briewe, word die ware toestand aangewys. Die gemeente het die uiterlike skyn van lewenskrag, maar innerlik is die geestelike lewe verdoof; hulle het naam Christene geword, vgl 2 Tim. 3 : 5. [2] *Wees wakker*, of liewer : word wakker! Die toestand vereis onmiddellike aktiewe ingryping om nog enigsins iets te red. *die wat oorbly …..te sterwe*: daar was nog wel enkele getroues, maar hulle word deur die geestelik doodse toestand van die gemeente in gevaar gestel. *jou werke nie volkome . . . . gevind nie*: voor die mense mag die toestand van die gemeente in orde lyk, maar wanneer dit voor God gestel word, blyk hulle werke sonder betekenis te wees; hulle is nie vol, d.w.s. leeg, sonder innerlike geestelike waarde. [3*] Onthou . . . . gehoor het*: besinning moet hulle terugvoer



as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. 4) Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is. 5) Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. 6)Wie 'n oor het,laat horn hoor wat die Gees aan die gerneentes sê.

3: 7-13 *Sesde brief: aan die gemeente van Filadelfia*

Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

na die omstandighede waarin hulle vir die eerste keer die evangelie deur die prediking verneem het en tot die geloof gekom het, sodat daardie egte geestelike lewe herwin kan word. *bekeer jou*: 'n ewe ingrypende lewensverandering as toe hulle vir die eerste keer gelowig geword het, is nou nodig, vgl. 3 : 19. *soos 'n dief . . . . op jou afkom nie*: sover bekend, is Sardis twee maal by gemis aan waaksaamheid ingeneem, daarop word hier gesinspeel. Hulle sal deur Jesus verras word, omdat Sy koms volstrek onverwags is, vgl. Matt. 24 43; 1 Thess. 5 : 2; 2 Pet. 3 : 10; Openb. 16 : 15. [4] *enkele persone ook in Sardis*: al was die toestand hoe droewig, was daar tog nog 'n klein getal getroues wat by name aan die Here bekend was, v. 5; vgl ook 1 Kon. 19: 18. *wat hulle klere . . . . het nie*: die genade van Christus word voorgestel as 'n kleed wat Hy skenk en wat ongeskonde bewaar moet word, vgl. 16 : 15; Jes. 61 : 10, ook Jud. : 23. *hulle sal . . . . wandel*: die kleed van oorwinning en heerlikheid en van hemelse feesviering word aan die getroues toegesê, vgl. 7 : 9; 19 : 14; ook Matt. 17 : 2. *omdat .. . waardig is*: nie dat hulle dit as belonging verdien het nie, maar hulle getrouheid het hulle opregte verbondenheid aan Jesus bewys en daarvoor ontvang hulle Sy guns as genade; vgl. 5 : 12; 6 : 1; Luk. 6 : 23,
35; Matt. 20 : 11-15 e.a. [5] *Wie oorwin* vgl. by 2 : 7. *met wit klere*: vgl. v. 4. *Ek sal sy naam. • • • boek van die lewe nie*: meermale is daar sprake van die boek van die !ewe, 13 : 8; 20 : 15; 22 : 19; Fil. 4 : 3;

Ex. 32 : 32-33; Dan. 12 . 1 vgl. Luk. 10 : 20. Om Sy uitverkorenes te verseker dat nie een van hulle vergeet word nie, verklaar Hy dat hulle name in Sy boek onuitwisbaar opgeteken staan, sy *naam bely…. . Sy engele* vgl Matt 10:32 6) *Wie 'n oor het:* vgl by 2:7

7-13. Filadelfia word geprys. [7] die engel: vgl. by 2 : 1. Filadelfia: n klein stad in Lidië, suidoos van Sardis, gebou in die tweede eeu v C en geteister deur aardbewings Omdat dit 'n wynboustreek was, is Dionysus, die wyngod daar vereer. 'n Klein, lewens kragtige gemeente, waarvan die stigter onbekend is, het lank daar bestaan. *die Heilige*: 'n benaming van God, Jes. 40 : 25, Hab. 3 : 3; maar ook van Christus om Sy volkome gelykheid met die Vader uit te druk, Mark. 1, 24; Joh. 6 : 69. Daarmee word Hy aangedui in Sy volstrekte afsondering van die sondige en. onheilige. *die Waaragtige*: die Een wat .

## OPENBARING 3

[8] Ek ken jou werke Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. [9] Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan,van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. [10] Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het,sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. [11] Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. [12] Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar

Hom teenoor alle leuenagtigheid stel. Ook is Hy ten volle en in waarheid alles wat Sy naam van Hom se: die betroubare en getroue *wat die sleutel van Dawid het*: vgl. By 1: 18, en Jes. 22 : 22 Die sleutel is die simbool van beskikkingsreg en -mag. Wie die sleutel van Dawid het, kan die beloftes aan hom gegee, in vervulling laat gaan; Hy is die Messias, vgl. 5 : 5; 22 : 16. *wat oopmaak . . . . oop nie*: onweerstaanbaar en beslissend sal Hy Sy mag ook uitoefen; vgl. Jes. 22 : 22. [8] *Ek ken jou werke*: vgl. by 2 : 2. *jou 'n geopende deur gegee*: 'n geleentheid om die evangelie te verkondig; aangesien God dit voorberei het, is die vrug verseker; vgl. 1 Kor. 16 : 9; 2 Kor. 2 12; Kol. 4 : 3. *want jy het min krag*: klem in getal en sonder besondere geestelike begaafdhede. *en jy het . . . . nie verloën nie*: tog het die gemeente in die oorwegend heidense omgewing getrou gebly aan die Woord, vgl. 1 : 3; 2 : 26; en steeds die Naam van Christus bely, vgl. 2 : 13. [9] *die sinagoge van Satan*: vgl. by 2 : 9. v*an die wat sê . . . . maar lieg:* vgl. 2 : 9. Uit die Joodse teenstanders wat op hulle Joodse afkoms roem, maar nie werklik tot die volk van God behoort nie, sal die Here self die bekeerlinge te voorskyn bring. voor jou voete neerbuig. as oorwonnene eerbiedig hulde bring aan die oorwinnaar; vgl. Jes. 60 : 14; 45 : 14; ook Openb. 15 : 4; 22 : 8. *en erken . . . . liefgehad het:* die haat van. die teenstanders sal plek maak vir 'n erkenning dat die guns van die Here op die voorganger en gemeente gerus het, vgl. Jes. 43 : 4; Joh. 17 : 23. [10] *die woord . . . . bewaar het*: vgl. 3 : 8. van my lydsaamheld: d.i. aangaande die lydsaamheid of volharding van Jesus self, met name toe Hy die kruisweg moes bewandel. Juis daardie woord van die kruis was vir die Jode 'n ergernis, vgl. 1 Kor. 1 : 23; Gal. 6 : 12. bewaar in die uur van beproewing: die klein gemeente sal nog deur groter versoekinge beproef word, maar ontvang die belofte dat die Here hom sal bewaar. Blykbaar het die belofte betrekking op 'n bepaalde tyd van vervolging wat aanstaande was. *oor die hele wêreld*: die bewoonde aarde, vgl. 12 : 9; 16 : 14; Luk 2 : 1. *Al die bewoners .. . . proef te stel*: alle mense sonder onderskeid sal deur die verdrukking of beproewing getref word, vgl. 6 : 10; 8 : 13 e.a.„ omdat God almal met Sy oordele sal besoek. Maar in daardie uur is die gemeente Filadelfia verseker van die bewaring van die Here. [11] Ek kom gou: vgl. by 2 : 5, 16; 22 : 7. *Hou vas wat jy het*. d.i. gaan voort om vas te hou, vgl. 2 : 13, 25; ook 1 Tim. 1 : 19. j*ou kroon*: vg1. by 2 : 10; hier bedoel as die oorwinnaarskroon wat die gemeente deur sy standvastigheid en trou verwerf het. [12] Wie

## OPENBARING 3

in die tempel van my God maak en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sa1 op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

*Sewende brief: aan die gemeente van Laodicense:*

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke,dat jy nie koud is en ook nie warm nie.Was jy tog maar koud of warm!

oorwin: vgl. by 2 : 7*. 'n pilaar . . . . maak*: vgl. Gal. 2 : 9. 'n Huis of tempel rus op pilare, Rigt. 16 : 26, 30; Job 9 : 6; Ps. 75 : 4; wat ook dien tot sieraad, 1 Kon. 7 : 15 v.; 2 Kron. 3 : 15; dus dien die pilaar as beeld van vastheid en eer. Die gemeente wat 'n pilaar word in die tempel van God is verseker van 'n

vaste plek in die teenwoordigheid van die Here.*die tempel van my God* die woning van God in sy volle heerlikheid soos dit in. die toekoms gesien sal word. *daar nooit weer uitgaan nie*: omdat die tempel nie van hierdie aarde is nie, maar van die ewigheid. *Ek sal op hom . . . . skrywe*: volgens antieke gebruik word eretitels op tempelpilare gegraveer.In hierdie geval sal die Here 'n drietal name op die pilaar skryf om daarmee te betuig: aan wie dit, d.i. die gemeente, behoort; waar dit sy tuiste het; en deur wie se bemiddeling dit daar is *Ten eerste* : die Naam van my God: waardeur hulle aangedui word as behorende aan God en gesetel in Sy gemeenskap. Ten tweede: die naam van die stad van my God: daarmee word die hemelse Jerusalem bedoel, wat nuut is, in teenstelling met die oue, omdat dit in wese, aard en bestaan volkome andersoortig is. Dit is die stad wat aan die neerdaal is uit die hemel, m.a.w. gelyk aan die koninkryk van'die hemele, waarvan die gelowiges reeds op aarde burgers is, vgl. Fil. 3. 20. Vgl. Openb. 21 : 2, 10; ook Jes. 26 : 1; Hebr. 11 : 10, 16. Ten derde: *my nuwe Naam*. d.i. die Naam wat aan die verheerlikte Christus gegee word na die voltooiing van Sy middelaarswerk, vgl. Fil. 2 : 9-11; Openb. 19 : 12, 16. Wat die Naam is, word nie vermeld nie. [13] Wie 'n oor het: vgl. by 2. 7. 14-22. Laodicea ontvang skerpe teregwysing. [14] *die engel*: vgl. by 2 : 1. Laodicea: 'n welvarende handelstad in Frigië, nie ver ten weste van Kolosse geleë nie, kon na Ongeveer 60 n.C. uit eie middele weer opgebou word. Vroeg reeds was daar 'n gemeente, Kol. 2 : 1; 4 : 16, maar net soos in Sardis, 3 : 1-6 tree verslapping in ten gevolge van die invloed van die omgewing. *Dit sê die Amen* Die Here word self die Amen genoem, vgl. by 1 : 6-7, omdat in, Hom alles wat God gespreek het, waar gemaak en bevestig is; sien ook Jes. 65 : 16, „*die God van waarh*eid", d.i. van amen *die getroue …..Getuie:* vgl. 1 : 5 en 3 : 7. die begin van die skepping van God: d.i. die Voortbrenger, vgl 21 : 6; 22 : 13; Kol. 1 : 15-18, wat die skepping in aansyn roep; d.w.s. Hy is van een wese met God en self God. Die drievoudige selfbenaming bevestig Sy onveranderlikheid, waaragtigheid en goddelike almag. [15] jou werke: vgl.gby 2 : 2. *nie koud . . . . nie warrn* nie: nie soos diegene wat nog volstrek onaangeroerd is deur die evangelie, of soos diegene wat daardeur aangegryp is sodat hulle van liefdevuur en ywer brand nie, vgl. Hand. 18 25; Rom. 12 : 11. Dus, volkome ongevoelig teenoor die saak van die Here. *Was jy warm*: in die eerste geval sou daar nog op waaragtige bekering kan gehoop word; in die

## OPENBARING 3

> 16) Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie,sal Ek jou uit my mond spuug.17)Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. 19 )Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek.Wees dan ywerig en bekeer jou. 20) Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop .As iemand my stem hoor en die deur oopmaak,

tweede geval sou hulle geestelike lewe in orde wees. [16] *omdat jy lou* is: reeds bekend met die evangelie, maar sonder gloed; afgestomp en ongevoelig vir die prediking; vgl. Hebr. 4: 2; 6 : 4. *Uit my mond spuug*: hulle is vir die Here 'n. walging. [17] *Ek is ryk . . . . gebrek nie:* stoflike welvaart, vgl. v. 14, lei tot selfvoldaanheid en selfversekerdheid ook op geestelike gebied. Daarom moet hulle tot 'n besef van hulle werklike geestelike nood gebring word; daarteenoor vgl. 2 : 9; 2 Kor. 8 : 9. *wat ellendig . . . . naak* is nie: soos deur Christus gesien, verkeer hulle geestelik in die grootste armoede en ellende, sonder die minste aanspraak op roem. [18]*raai jou-. . . . te koop* daar is net een weg tot herstel : die handelstad moet met Jesus handel dryf en Sy ware koop, nl.. goud, wit klere en salf vir die oë. Vg1. dieselfde beeldspraak in Jes. 55 : 1. *goud . . . . gelouter* is: goud wat deur die vuurgloed gesuiwer is om van reinheid te gloei, vgl. by 1 : 15; 'n beeld van beproefde geloof en liefde, vgl. 1 Pet. 1 : 7. *sodat jy kan ryk word*: ondanks hulle vermeende rykdom, v. 17, moet hulle nog begin om ryk te word. wit klere: vg1. by 3 : 4-5. Die wit klere is ook die genadekleed wat Christus aanbied, nl. van geregtigheid en heiligheid, sodat die sondige toestand in die lig van Gods oordeel nie sigbaar sal word nie. *die skande van gou naaktheid:* naaktheid in al sy skandelikheid, vgl. Gen. 2 : 25; Jer. 3 : 25; ook Eseg. 16 : 4, 37; 23 : 29. *en salf om jou oë te salf*: 'n sinspeling op die geneesmiddels waarvoor Laodicea bekend was; aan hulle sou Christus 'n middel kan verskaf om hulle geestelike oë te open sodat hulle hul eie ellende en die enigste redding mag sien. [19*] Almal wat Ek . . . tugtig nadruklik Ek*, sodat die gemeente mag besef dat hulle met Christus te doen het, en Hy met hulle. Hy straf en tugtig omdat Hy liefhet en wil red, vgl. Job 5. 17; Spr. 3 : 12; Hebr. 12 : 5. *Wees dan ywerig*: d.i. warm van liefdevuur. *bekeer jou*. vgl. 2 : 5, 16. [20] *Ek staan . . . . klop*: vgl. Hoogl. 5 : 2. Soos een wat die slaper wil wek, het Jesus Sy plek by die deur ingeneem en soek Hy toegang tot die gemeente. *my stem hoor*: d.i. herken en daaraan gehoor gee, vgl. Joh. 10 : 3; 18 : 37. die deur oopmaak: die hart van die enkeling oopstel. *saam met hom maaltyd hou*: die maaltyd dien in die Ooste as teken van vriendskap,

sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. [21] Aan hom wat oorwin,sa1 Ek gee om saam met My te sit op my troon,soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. [22] Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

*Gesig van die troon - Die vier en twintig ouderlinge – Die vier lewende wesens*

[1] Na hierdie dinge het ek gesien — kyk, 'n geopende deur in die hemel,en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen,en Ek sal jou toon wat na hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk

vrede en gemeenskap, vgl. Ps. 41 : 10. Waar Jesus in die hart toegelaat word, kom die wederkerige gemeenskapsoefening tot stand. [21] *wat oorwin*. vgl. by 2 : 7 *om saam op my troon*: om in Sy mag en heerlikheid te deel; die troon dien as uitdrukking van heerskappy en heerlikheid, maar ook as setel van die regter. Vgl. voorts Matt. 19 : 28; Joh. 17 : 5; 1 Kor. 6 2-3 [22] Wie 'n oor het: vgl by 2 : 7.

4 : 1-11. By die beskrywmg van die dinge wat gaan gebeur, 1 : 19, staan die troon van God voorop in al sy heerlikheid en koninkhke heerskappy. Hy regeer oor alle dinge en sal alle dinge oordeel wanneer Hy die geskiedenis van wêreld en kerk tot 'n afsluiting voer. [1] *Na hierdie dinge*: na die verskyning van Jesus Christus en die opdrag om aan die sewe gemeentes te skryf, 1 : 9-20, d.i. nadat die dinge wat is, 1 : 19, bekend gemaak *is 'n geopende deur in die hemel*: 'n beperkte opening verleen aan Johannes toegang tot die hemel, om daar die heerlikheid van Gods troon en van Sy raadsplanne te mag sien *die eerste stem:* dieselfde as in 1:10, d.w.s. die stem van die Here self. *Kom op hierheen*: van die aarde af moet Johannes opstyg na die hemel; wat aan hom bekend gemaak sou word, was dus nie op die aarde aanwesig nie, maar nog verborge in Gods raad. Om die te ken, moes hy die heerlikheid van die hemel binnegaan. *wat ... moet gebeur*: vgl. by 1 : 19. [2] *En dadelik . . . . in die Gees*: vgl. 1 : 10. Terwyl hy die sewe briewe geskryf het, was Johannes weer by sy volle bewussyn; nou word vir die tweede keer alle bewuste kontakte met aardse dinge opgehef. *daar staan 'n troon in die hemel*: die sinnebeeld van die koningskap, majesteit, regering en gerig oor alle dinge. Die troon staan In die middelpunt; alle dinge geskied rondom die troon, of word vanuit die troon beskik. Die troon word in elke hoofstuk van Openbaring genoem, met uitsondering van hfst. 2, 9 en 10. *en Een sit op die troon:* alleen genoem „die Sittende", waardeur God aangedui word as die Een wat in,volle rus en onbetwiste maiesteit Sy heerskappy uitoefen [3] *wat in sy voorkoms gelyk het soos*: 'n beskrywing van



soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. En rondom die troon was daar vier-en-twintig trone, en op die trone het ek die vier-en-twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal,en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. [7] En die eerste lewende wese was soos 'n leeu,

God word nie gegee nie, maar Sy glansende heerlikheid word vergelyk met die edelgesteentes met die pragtigste kleurskittering wat op aarde bekend is. jaspis en sardius: vgl. Ex. 28 : 17-20;.Eseg. 28 : 13. Jaspis kom in verskillende kleure voor: rooi bruin geel groen, en is baie kosbaar 21 :11; sardius is bloedrooi. *'n reënboog . . . . soos 'n smarag*: vgl. Eseg. 1 : 28. Die boog die teken van die verbondstrou van God, Gen. 9 : 13, is in hierdie geval seegroen van kleur. Die kleure het simboliese betekenis : jaspis dui die heerlikheid van God aan., Sardis die lewe, smarag,die_bewarende genadetrou. 4) *rondom . . . vieren-twintig trone*: hulle ontvang hulle heerlikheid en bevoegdheid van die troon van God. *op die trone . . . . vier-en-twintig ouderlinge*: eerbiedwaardige manne, onderskeie van engele, vgl. 5 : 11; 7 : 11, wat die hele gemeente.van Christus oor alle tye verteenwoordig Die getal het nie betrekking op die twaalf aartsvaders en die twaalf apostels nie, maar is simbolies om die volkomenheid van die gemeente van Christus uit alle geslagte voor te steL Die taak van die ouderlinge word aangedui in v. 9-11; : 5; 7 : 13-15; 11 : 16-18. *wit klere*: ygl. by 3 : 4 dien as teken van geregtigheid en heiligheid, 7 : 14; 19 . 7-8; soos van God self, Dan. 7 : 9, en Jesus, Matt. 17 : 2. ,*groue krone:* die oorwinningkroon wat bestem is vir diegene wat die stryd deurstaan het., vgl 2 : 10; 3 : 11. [5] *daar het . . uit die troon uitgegaan*. die grootheid en majesteit van God openbaar hom met uitskietende ligstrale, oorweldigende gerommel en geluide wat skrik aanjaag en diepe ontsag wek, vgl. Ex. 19 : 16; 20 : 18; Job 37 : 4, 5; ook Openb. 8 : 5; 11 : 19; 16 : 18. *sewe vuurfakkels*: d.i. fakkels of ook lampe wat geheel van vuur is as sinnebeeld van die heiligheid

van God wat die onheilige verteer, maar ook die heilige koester en bestraal *wat die sewe Geeste is:* vgl. by 1 : 4. Die voorstelling het te doen met die Heilige Gees, wat ook voor die troon ligtende is om onheiligheid, indien daar enige sou wees, weg te suiwer. [6] *'n see van glas soos kristal*: die beeld herinner aan die koperwaskom in die tempel, 1 Kon. 7 : 23, waarin die priesters hulle reinig; dus, 'n verwysing na die reinigende bloed van die Lam; maar dit dien ook as voorstelling van die toorn van God en Sy regverdige oordele, wat in die hemel deursigtig is soos glas, vgl. 15 : 2. Elders is die see ook die beeld van die woelende,sondevoortbrengende volkewêreld, vgl. by 12 : 18; 13 : 1; 17 : 15. *in die middelen rondom*. . . aan elke kant van die troon. vier lewende wesens: vgl. Eseg. 1. 5 v.; hulle wese is lewe; wakker om God te verheerlik, 4 : 8, en om Sy oordele tot uitvoering te laat gaan, 15 : 7; vgl. 6 : 1, 3, 5, 7. *vol oë*: altyd en in alle rigtings is hulle waaksaam om in die hemel en op die aarde die majesteit en eer van God te beveilig; vgl. Eseg. 1 : 5 v.; 10 : 2 v.en Jes. 6 : 2 v. [7]*die eerste . . . . soos'n leeu*: iedere gestalte bring 'n bepaalde hoedanigheid tot uitdrukking. Die leeu stel voor: die koning van die diere met sy moedigheid; *die kalf:*

## OPENBARING 4

en die tweede lewende wese was soos 'n kalf, en die derde lewende wese
het 'n gesig gehad soos n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg.
[8] En die vier lewende om wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was
rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig,
heilig is die Here God,die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! En elke keer as die
lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit,
wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier-entwintig ouderlinge neer voor Hom wat op die
troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon
en sê U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag,

verteenwoordiger van die mak diere, is die beeld van jonge krag; *die derde . . . .'n gesig soos 'n mens*: voorstellende alle redelike wesens met verstand soos n mens; *die vierde soos 'n arend wat vlieg*: verteenwoordigende die ryk van. die voëls, is dit 'n beeld van die vermoë om hoog en vinnig te vlieg en skerp te sien. Saam verteenwoordig die vier wesens die hele skepping met al die edele kragte en vermoëns daarvan. Die geta1 4 is die,_getal van die wereld. Hulle is egter ondergeskik aan die vier-en-twintig ouderlinge wat die gemeente voorstel, vgl. v. 4. [8] *elkeen . . . . ses vlerke*: om vinnig in enige rigting te kan beweeg, vgl. by Eseg. 1. 9. *rondom . . . . vol oë*: aan alle kante en ook onder die vlerke was oë, om alle dinge te kan opmerk; 'n voorstelling van alwetendheid, vgl. v. 6. Vir die hele beskrywing vgl. Eseg. 1 en Jes. 6. sonder ophou dag en nag: d.w.s. sonder rus maar wel met onderbreking, vgl. v. 9; 5 : 8, 14; 6 : 1 v. e.a., verrig hulle hul eerste werk,nl. om die eer van God te besing. Daarby sluit die ouderlinge aan, v. 10, sodat skepping en herskepping aan God lof toebring. *Heilig . . . . heilig*: vgl. by 3 : 7 en Jes 6 : 3 Drie maal uitgespreek, druk die woord die hoogste absolute heiligheid uit *die Almagtige*: vgl 1 -:8. *wat was . . . . wat kom*: vgl. 1 : 4, 8 [9*] En elke keer as*: daar is'n herhaling van die lofprysing, met tussenpose. *heerlikheid:* die aanbiddende lofprysing voor die majesteit en luister wat van Hom uitstraal, vgl. 1 : 6. *en eer.* waardering en hoë agting, vgl Joh. 4 : 44; Hand. 4 : 34 (prys). *danksegging:* blye erkenning van wat gedoen of ontvang is, vgl. 1 Thess. 3 : 9. *Hom wat op die troon sit* vgl. v. 2. *wat tot . . . . lewe*: vgl. 1 : 6 en 1 : 18. [10] *val neer . . . . en aanbid . . . en werp*. baie manuskripte het: sal val en *sal aanbid . . . . en sal werp*, d.w.s so dikwels as die lofprysing uitgespreek word*. Vier en-twintig ouderlinge*: verteenwoordigende die gemeente van. Christus, vgl. v. 4. val neer*:* as teken van hoogste aanbidding, kom alleen aan God toe,vgl 5 : 8, 14; 7 : 11; 11: 16; 19 : 4, en. nie aan. 'n engel nie, 19 : 10; 22 : 8, maar word deur die duiwel begeer, Matt. 4 : 9. *werp hulle krone voor die troon:* as teken dat hulle hul oorwinning en waardigheid alleen aan God te danke het, en dat die eer en dank wat deur die krone voorgestel word, alleen aan Hom toekom. [11] *U is waardig*, *o Here*: die meeste manuskripte het:U is waardig, onse Here en. God. Anders as die vier lewende wesens, v. 8, noem die ouderlinge die besondere band tussen God en Sy gemeente, soos uitgedruk in die Naam: onse Here, waardeur herinner word aan die middelaarswerk van. Christus. die heerlikheid en die eer: vgl. v. 9. *en die krag*: die innerlike vermoë om alles te doen wat Hy Hom voorneem;

## OPENBARING 4, 5

want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.
5: 1-14 *Die boek met sewe seëls verseël. Die Lam alleen waardig om dit oop te maak*
[1] En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne
en van buite beskrywe en met sewe seels goed verseël. [2] En ek het 'n sterk engel
gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy
seëls te breek?
3) En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of
daarin kyk nie. 4) En ek het baie geween,omdat daar niemand waardig bevind is om die

boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie. Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.

die krag is geopenbaar in Sy skepping, vgl. 1 : 16. *want U het alles . . . . hulle geskape:* die ontstaan en bestaan van alle dinge berus in die vrymagtige welbehae en almag van God, vgl. Rom. 11 : 36. 5 : 1-5. Die boek met sewe seëls kan alleen deur die Lam geopen word. [1] *En ek het gesien*: die visioen van hfst. 4 word voortgesit. *in die regterhand*, of ook: op die regterhand; dien as simbool van mag en volkome beheersing. 'n boek: d i. 'n boekrol, vgl. 6: 14; Eseg. 2 : 9, waarin die raadsplan van God met die wêreld beskryf staan. *van binne . beskrywe*: gewoonlik word die boekrol alleen aan. die binnekant beskryf; die inhoud van hierdie boek van Gods raadsbesluite vir alle eeue is egter so ryk en vol dat ook die buitekant beskryf moet word. *met sewe seëls . . . . verseël*: daardeur bly die inhoud verborge en onkenbaar, vgl. 10 4; maar dit beteken ook dat die gebeurtenisse wat beskryf is, nie in vervulling gaan voordat die seëls geopen is nie. By die opening van elke seël word n gedeelte van die dinge wat moet geskied, bekend, vgl. 6 : 1 v. [2] *'n sterk engel*: sodat hy met 'n geweldige stem sou kan uitroep. *Wie is waardig . . . . te breek*: deur die verbreking van die seëls word die boek geopen, sodat die raadsbesluite van God in vervulling kan gaan. Alleen die uitvoerder van die raad van God, nl. Christus, is daartoe waardig. [3*] niemand*: geen skepsel het die mag om in geskiedenis of eindgerig as uitvoerder van Gods raadsplan op te tree nie. *in die hemel . . . onder die aarde*: in die ganse skepping, vgl. Fil.2 : 10. *of daarin kyk*: d.i. die inhoud lees en aan ander bekend maak, vgl. by 1 : 1. [4] ek het baie geween: hy het aanhoudend geween omdat hy besef het dat as die boek geslote sou bly, ook die heilsplan van God met Sy gemeente nie in vervulling sou gaan nie. [5] een van die ouderlinge. vgl. by 4 : 4; 7 : 13. *die Leeu .. . van Juda:* vgl. Gen. 49 : 9, 10 die beeld spreek van moed en krag om te oorwin en te bevry, en dit verwys na Jesus

## OPENBARING 5

[6] En ek het gesien en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. [7] Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; [8] en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-entwintig ouderlinge voor die Lam neer,elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. [91 Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê:

Christus, vgl. v. 9, waar die versoening besing word. *die wortel van Dawid*: vgl. Jes. 11 : 1, 10; 53 : 2; 'n selfbenaming van Jesus, 22 : 16. Van Dawid i.p.v. van Isai, Jes. 11, omdat nie net Sy oorsprong nie, maar ook Sy bestemming aangedui word. Hy is uit die geslag van Dawid as vervuller van die beloftes; maar ook wortel waaruit Dawid spruit, d.i. die oorsprong van alles wat in die geslag van. Dawid vervul word, vgl. ook Matt. 22 : 41-45. Daarmee word dus die onaansienlikheid van Sy koms as Middelaar en tegelyk die heerlikheid en heerskappy van die Here Christus aangedui *het oorwin*:die oorwinning is reeds behaal, met name deur die lyding, sterwe en opstanding, ten gevolge waarvan alle mag aan Jesus gegee is, vgl. Matt. 28 : 18. 6-10. Die Lam tree na vore en neem die boek om die seëls te open. [6] *die middel van . . . . in die midde van*: vgl. by 4 : 6; Hy staan tussen die troon en die vier wesens,maar omring deur die ouderlinge, d.i. in 'n besondere verhouding tot die verteenwoordigers van Sy gemeente. *'n Lam asof Hy geslag is*: aan Hom is die tekens van Sy slagting te sien, vgl. ook Luk. 24 : 40; Joh. 20 : 27; die feit dat Hy staan, bewys dat Hy die dood wat op die slagting gevolg het, oorwin. het. Die benaming „Lam" herinner aan die paaslam,Ex. 12 : 3 v., en die lam van Jes. 53. *met sewe horings*: die horing is die teken van mag en heerskappy, vgl. 17 : 12; 1 Sam. 2 : 10; Ps. 75 : 11 e.a. Die getal 7 druk volheid of volkomenheid uit. daarby is dit die som van 3, die getal van. Drie-eenheid, plus 4; die getal van die mensheid, of skepping uit en stel die uitdrukking dan aan die Lam se heerskappy oor die hele skepping uit. Vgl Matt 11 : 27; 28 : 18. *sewe oë*: uitdrukking van die volkome alwetendheid ten opsigte van alle dinge; vgl. by 4 : 6, 8; Sag. 4 : 10. wat die *sewe Geeste van God is*: d.i. die Heilige Gees in die volheid van Sy gawes en werkinge ten opsigte van die hele skepping, vgl. by 1 : 4; 3 : 1; 4 : 5. *uitgestuur . . . . aarde*: om alles na te gaan en die werk van Christus tot uitvoering te bring [7] *Hy het gekom . . . op die troon sit:* Hy tree op om te doen wat geen mens kan doen nie, nl. om die boek oop te maak en daarmee die raadsbesluite van God in vervulling te laat gaan, vgl. v. 1 en 3; d.w.s. Hy handel as Middelaar tussen God en die mense. [8] toe Hy die boek neem, lett.: toe Hy die boek geneem het, d.w.s. op daardie oomblik val die verteenwoordigers van die skepping en van die gemeente neer in aanbidding, vgl. 4 : 4, 6. *val . . . . neer*: vgl. by 4 : 10. elkeen met siters: die instrument vir die vreugdelied, vgl. 14 : 2; 15 : 2; 18 : 22. Die beeld spreek dus van groot blydskap*. goue skale vol reukwerk*: vlak skale van wye omvang, vgl. 15 7; 16 : 1 v., van goud omdat hulle 'n heerlike diens verrig. wat *die gebede . . . . is*: soos die priester reukwerk laat opgaan, Lev. 16 : 13, is ook die gebede van al die heiliges aangenaam voor God. *heiliges* word die gelowiges genome omdat hulle deur Jesus gereinig is van

sonde en skuld, vgl. ook 3 : 7. [9] *'n nuwe lied:* volkome anders na aard en inhoud, vgl. by 2 17; 3 : 12; omdat dit gaan om die verlossingswerk van Christus wat voorheen nog nie voltooi

## OPENBARING 5

U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, 10) en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende; 12) en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. 13)En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! 14)En die vier lewende wesens het gesê: Amen

was nie. U is waardig: vgl. v. 2. *is geslag*: vgl. v. 6; 'n heenwysing na die historiese feit van Jesus se sterwe. *ons*: ontbreek in baie manuskripte; en in v. 10 vervang deur *hulle*. Die weglating laat volle klem op die feit van die versoening val. *met u bloed gekoop*. Die kruisdood word aangewys as 'n loskoping om aan God te kan toebehoort, vgl. 14 : 3. *Uit elke stam . . . . nasie*: uit alle groeperinge onder die mensheid: na afkoms, taal, staat en. leefwyse; vg1. ook 7 : 9; 11 9; 13 : 7; 14 : 6. [10] *en het ons . . . . vir onse God gemaak*: nie net verlos nie, maar ook in diens van God gestel deur die versoening in Christus.*konings en priesters*, lett.: tot 'n koninkryk en priesters, vgl. 1 Pet. 2 : 9. Dus, gestel om heerskappy uit te oefen en om te dien. *as konings op die aarde heers* die geringes en verdruktes sal oor die oppervlakte van die hele aarde heerskappy uitoefen, vgl. Matt. 5 : 5.Die uitspraak kan ook betrekking hê op die heerskappy van die gelowiges by die voleinding, vgl. 20 : 6; 22 : 5. 11-14. Die lof van die Lam word allerweë besing. [11*] van baie engele*: 'n groot skare van engele omring die troon en alles wat rondom die troon *gegroepeer* is; hulle verenig hulle in die lied van, lof; vgl ook Luk. 2 : 13-14. *hulle getal . . . . duisende:* d.i. volstrek ontelbaar, vgl. Dan. 7 : 10. [12] *Die Lam wat geslag is:* vgl. by v. 6 en 9. *is waardig:* vgl. V. 2 en 9; ook Fil. 2 : 9-11. *die krag . . . . en lof:* sewe sake word genoem, soos in 7 : 12. *krag*: innerlike vermoë, vgl. 4 : 11. rykdom: die besit van alle dinge en die uitstraling van die glans daarvan, vgl. 18 16. *wysheid*: die intuitiewe kennis wat tot openbaring kom in verstandige handeling, bv. by die gebruik van krag en rykdom; vgl. 13 : 18; 17 : 19. *sterkte:* dle vermoë om alles te bewerk wat Hy wil; vgl. Efes. 1 : 19*. eer*: waardering vir wat Hy werklik is, vgl. 4 :11. *heerlikheid*: die skitterende uitstraling van Sy grootheid; vgl. 4: 11 *en lof*, lett.: seëning, vgl. Efes. 1 : 3; Jak. 3 : 10; dus, saligprysing vir die bewerkte heil, en danksegging. [13] *En elke skepsel . . . . in hulle is:* die hele skepping hef die lof aan van

## OPENBARING 5, 6

En die vier-en-twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in ewigheid. 6 : 1-17*Die oopmaak van die eerste ses seëls* En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak, en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag: Kom kyk! 1) En ek het gesien, n kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. 3)En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! 4) En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.

God en van die Lam; vgl. ook Fil.. 2 : 9-11. *Aan Hom . . . . sit:* vgl. 4 :2-3. [14] die vier lewende wesens: vgl. 4 : 6. As verteenwoordigende die hele skepping bevestig hulle die lof van die engele en alle skepsele. *Amen*: vgl. by 1 : 6. *neergeval en aanbid*: ygl. By 4 : 10. Hoofstuk 6 teken in 'n reeks opeenvolgende taferele die verloop van die geskiedenis van wêreld en kerk van die tyd dat die evangelie uitgaan tot aan die dag van die oordeel. Die visioene kom in hoofsaak ooreen met diê in Sag. 1 : 8 v.; 6 : 1 v. 6 : 1-8. By die oopmaak van die eerste vier seëls gaan die vier ruiters uit. [1] *toe die Lam . . . . oopmaak*: vgl. 5 : 6. Die Lam, d.i. Christus, begin met Sy werk om die raadsplan van God in verband met die dinge wat moet gebeur, bekend te maak deur die seëls een na die ander oop te maak, vgl. 5 : 1. *een van die vier lewende wesens . . . . sê*: vgl. By 4 : 6. As verteenwoordigers van die skepping neem hulle deel wanneer die raad van God oor die skepping in vervulling gaan, v. 3, 5, 7. Die eerste het die voorkoms van 'n *leeu. soos . . . . donderslag*: die geweldige stem is vanself 'n aankondiging dat ontsettende dinge gaan gebeur, vgl. 19 : 2. *Kom kyk*: die meeste manuskripte het hier en in v. 3, 5 en

7: „kom", d.w.s. 'n bevel telkens tot die ruiter gerig om hom op te roep, en nie aan Johannes nie, wat reeds in 4 : 1 opgeroep is. [2] *'n wit perd*: die perd is die dier waarmee uitgery word tot die stryd. Wit is die kleur van oorwinning, 19 : 11, 14; ook 3 : 5; 4 : 4; Sag. 1 : 8; 6 : 3. *hy . . . . het 'n boog:* die ruiter is vir die stryd gewapen en wel op so 'n wyse dat hy ook uit die verte sy pyle sal kan afskiet. 'n kroon gegee: vooruit word aan hom die oorwinnaarskroon aangebied as teken dat hy beslis sal oorwin. Hy gaan uit oorwinnende en om te oorwin, dus op 'n segetog. Die ruiter is hier die simbool van die evangelie wat oorwinnend oor die wêreld uitgaan. Vgl. Jes. 49 : 2; Ps. 45 : 6. [3] die tweede seel: vgl 5 : 1. *die tweede lewende wese*: met die voorkoms van 'n kalf, vgl. 4 : 7; 6 : 1. [4*] 'n ander perd, 'n vuurrooie*: die kleur kondig die toorn aan wat bloedvergieting en oorlog bring vgl. 12 : 3. Met verwysing na Matt. 24 : 6, 7 sou gesê kan word dat die eerste ruiter oorlog voorstel en die tweede revolusie of bloedige verwarring onder die volke. *aan hom* is dit gegee: God, wat alle dinge in Sy hand hou, skenk die mag en bevoegdheid volgens Sy

## OPENBARING 6

[5] En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. [6] En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het,hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met sward en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.

goedvinde, vgl. Jes. 45 : 7. *om die vrede . . . . weg te neem*: om alles wat die vrede in stand sou hou, te verwyder. *dat . . . . doodmaak*, lett.: sou slag. Die oorlog word 'n algemene slagting. *'n groot swaard:* groot, om daarmee die groot omvang van die stryd en die verskriklikheid van die oorlog aan te dui. Ook hier is dit God, die Albeskikker, wat die swaard gee. [5] *derde seël*: vgl. 5 : 1. *die derde . . . . wese*: met die gesig van 'n mens, vgl. 4 : 7; 6: 1. Kom kyk: vgl. by v. 1. 'n swart perd: die kleur van honger, Klaagl. 5 : 10 (in ouer vertalings), en van rou en dood. *'n skaal in sy hand:* d.i. om voedsel in klein hoeveelhede af te weeg; dus, die skaal is die simbool van hongersnood; vgl. Lev. 26 26; Eseg. 4 : 16. [6] *'n stem*, lett.: soos 'n stem, d.w.s. 'n geluid wat met 'n mensestem ooreenkom. *Tussen die . . . . wesens*: moontlik kom die stem van die troon. *'n Rantsoen koring vir 'n penning:* die maat vir een persoon vir een dag teen die volle dagloon, vgl.
Matt. 20 : 2. *drie rantsoene gars vir 'n penning:* die voedsel van die arm man, vgl. Rigt. 7 : 13; Joh. 6 : 9, 13, sal tien maal so duur wees as gewoonlik. *moenie . . . . beskadig* nie: die bedoeling kan wees dat, ondanks styging van voedselpryse waardeur die armes getref word, die weelde-artikels ten opsigte van prys en gehalte nie nadelig getref sal word nie, vgl. dieselfde woord in 2: 11, en dus binne bereik van die rykes sal wees. Die betekenis kan ook wees dat wyn en olie, wat as voedsel gebruik is, vgl. 1 Kon. 17 : 14, 16; Gen. 14 18; Esra 6 : 9; en as geneesmiddels, vgl. Luk. 10 : 34; en as genotmiddels, Spr. 21 : 17, in die tyd van voedselgebrek tog nie sal ontbreek nie, m.a.w. te midde van die toorn van God sal daar ontferming wees, vgl. Hab. 3 : 2. [7] vierde seël: vgl. by 5 : 1. die vierde dier: vgl. 4 : 7; met die voorkoms van 'n arend. Kom kyk: vgl. by v. 1. [8] 'n vaal perd, lett. : geelgroen, d.i. ongeveer die kleur van gras wat verlep; die kleur dui op die afsigtelikheid van wat hierdie ruiter doen *sy naam is die dood*: die ruiter het hier 'n naam : die dood. *die doderyk . . . . gevolg:* Vg1. ook 1 : 18; 20 : 13, 14. Waar diê ruiter gaan, volg die doderyk om sy oes in te samel; daar sal 'n, massa-sterfte wees. *aan hulle . . . . gegee*: dood en doderyk saam is aan God onderworpe en ontvang hulle bevoegdheid van Hom alleen, vg1. by v. 4. oor *'n vierde deel van die aarde*: die verderf is ontsettend in sy omvang, en tog beperk binne die grense wat God daaraan stel. *met swaard*: vgl. v. 4. *En hongersnood*: vgl. v. 6. en *pes*, lett. : en dood, bedoelende 'n dood wat skielik oorval en massas afmaai. en deur wilde diere: deur verskeurende diere, of ook deur mense wat in hulle ontaarding soos diere geword het om

## OPENBARING 6

[9] En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. [10] En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie ? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees. [12] En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en

kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed

hulle medemense liggaamlik en geestelik te gronde te rig. Vir die geheel vgl Eseg. 5 : 12; 14 : 21; 33 : 27; Jer. 14 : 12. 9-11. Die siele onder die altaar. [9] *die vyfde seël*: vgl. by 5 :
1. *onder die altaar:* die hemel word voorgestel as die binnekant van 'n tabernakel, vgl. Ex. 25 : 9, 40; Num. 8 : 4, waarin die altaar staan. Sewe maal word die altaar vermeld in Openbaring, nl. hier; 8 : 3 (twee maal), 5; 9 : 13; 14 : 18; 16 : 7. In 11 : 1 verwys die woord na die altaar in Jerusalem *die siele*: omdat die siel in die bloed is, Lev. 17 : 11, 14; Deut. 12 23, en die bloed van die geofferde lewe van. die altaar afstroom, kan gesê word dat die siel onder die altaar is. *Van die wat gedood is*, lett.: wat geslag is, d.i. op wrede wyse gedood is. Daaronder is nie net die martelare in engere sin te verstaan nie, vgl. 12 : 11; Matt. 10 : 38 v., maar almal wat in getrouheid aan Christus gely en gesterf het. ter wille van die woord van God: omdat hulle aan die woord, die wet en die evangelie, getrou gebly het te midde van. 'n afvallige wêreld, vgl. Mark. 10 *: 29. en die getuienis . . . . gehad het*. nie juis dat hulle die getuienis uitgespreek het nie, maar dat hulle dit gehad of besit het, word hier beklemtoon, vgl. Joh. 3 : 32-33. Op grond van daardie besit kon hulle getrou bly selfs in die aangesig van die dood. [10] *hulle het . . . . uitgeroep*: hulle gee uiting aan. die sterk verlange na die dag wanneer die God van wraak sal optree om hulle dood te wreek, sodat dit sal blyk dat hulle nie tevergeefs gesterf het nie; vg1. ook Rom. 12 19*. heilige en waaragtige*: vgl. 3 : 73 waar die uitdrukkinge van Christus gebruik word. *Heerser*: eintlik despoot, dit is Een wat oor volstrekte mag beskik om Sy welbehae te doen; vg1. by Luk 2 - 29; Hand. 4 : 24. *oordeel en wreek U nie . . . .*: geen uiting van selfsugtige. wraaksug nie;maar een. van verlange na die volkome heerskappy van. die Here by die voleinding vgl. ook 20 : 12, 13; 19 2 v [11*] aan elkeen . . , wit klere gegee:* nog voordat die eindgerig en die finale wraak intree ontvang hierdie siele die klere van oorwinning, gereinig in die bloed van die Lam, vgl 7 : 14; of ook die gewaad van lof vir . die verslae gees, Jes. 61 : 3; vg1. Sag. 3 : 3 v. *dat hulle . . . . moes rus:* die woorde hou die belofte in. dat hulle wens vervul sou word, maar dit sou op Gods tyd geskied. Daarom moes hulle rustig geduld beoefen. Hierin is geen verwysing na n sieleslaap nie, maar na ‘n bewuste en beheerste afwagting. totdat *ook soos hulle* die gewelddadig dood sou nog meer van diegene tref wat saam dieselfde Here dien. en. daarom onderling mekaar se broeders is, *voltallig sou wees*: daar is 'n vaste getal, deur God bepaal, wat as martelare vir die geloof sal sterf, hoewel alle gelowiges getuienis sal moet aflê. Die wraak word vertraag totdat die getal vol is. Vgl ook 2 Pet. 3 : 9. 12 – 17 )*Die koms van die oordeelsdag* 12 *die sesde seël* vgl by 5.1 Nou word ook die natuur kragte en die hemelliggame ontwrig. ‘n groot aardbewing : vgl. By Matt 24:7; Mark 13:8; Joël 2:31; ook Eseg. 38:19 v; Amos 8;8 die son…. Soos ‘n harige

## OPENBARING 6, 7

13) en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; [14 en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; [15] en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,16) en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; 17)want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

7:1-8 *Die getroue Israeliete uit ontsaglike gevare gered.*

[1] En na hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan,

*sak en die maan . . . . soos bloed*: verskynsels wat as tekens van die naderende wêreldeinde geprofeteer is, vgl. Eseg. 32 : 7; Joel 2 : 10, 31; Jes. 13 : 10; 50 : 3; ook Matt. 24 :29 Mark. 13 : 24. [13] *die sterre . . . . geval:* 'n sterre-reën sal as verdere teken. dien. [14] *die hemel…. soos 'n boek*: die uitspansel daarbo wyk terug soos 'n boekrol waarvan die ent gelos word sodat dit toerol, vgl. Jes. 34 : 4. *al die berge ... versit*: die simbole van vastigheid word van hulle fondamente geruk, vgl. by 16 : 20; 20 . 11. [15] Die hele mensheid word opgesom in 'n seweledige reeks waardeur die volledigheid versinnebeeld word, vgl. 1 : 4. *die konings van die aarde*: die hoogste wêreldse maghebbers, vgl. 16 : 14; 17 : 2. 18; 18 : 3, 9; 19 : 19; 21 : 24. *die grotes*: burgerlike maghebbers onder die konings, vgl. 18 : 23; ook Mark. 6 : 21; Esther 1 : 14. *die rykes*: besitters van geld en goed, maatskaplik vermoëndes, vgl. 2 : 9; 3 : 17; 13 : 16. *die owerstes oor duisend*: militêre gesagvoerders, vgl.19 : 18. *die magtiges:* die wat op die een of ander gebied, bv. van wetenskap, kuns of tegniek, groot invloed het, vgl. 5 : 2. al die slawe en al die vrymense, lett.: en elke slaaf en vrye. Daarmee word die orige van die mense saamgevat en verdeel in die twee groot groepe van diensbares en vryes. *het hulle weggesteek . . . berge*: hulle soek in die diepte van die aarde beskutting teen, die ontwrigting van, die hemelliggame en die oordeel van God, vgl. Jes. 2 : 10, 18 v. [16] *Val op ons en verberg ons*: dit is geen uitroep van berou oor sonde nie, maar 'n poging om die toorn te ontvlug, vgl. v. 17. Om deur die rotsmassas verpletter te word, is verkiesliker as om voor die troon van God gestel te word, vgl. 4 : 2 v. *en vir die toorn van die*

*Lam*: die Lam, d.i. Christus, is die Heilbewerker, maar as die Een wat die seëls van die raadsplanne van God oopmaak, 5 : 1 v., bring Hy ook die oordeel tot uitvoering en tree Hy as Regter op, vgl. Joh. 5 : 22; Matt. 25 : 41; 2 Kor. 5 : 10. [17] *die groot dag . . . . het gekom*: die dag van Sy verskyning in heerlikheid om te oordeel, het aangebreek, vgl. Matt. 26 : 64 v.; Hand. 17 : 31; 2 Pet. 3 : 10. *wie kan bestaan*: sy lewe behou; vgl: Matt. 12 : 25 v. vir dieselfde uitdrukking. , 7 : 1-8. *Die honderdvier-en-veertigduisend verseëldes*. [1] *En na hierdie dinge*: nadat in die visioen van hfst. 6 die ontvouing van die raadsplanne van God vir die hele aarde en in alle eeue tot aan die voleinding gesien is, word hierdie selfde gebeurtenisse in die volgende hoofstukke meer in besonderhede gesien. Daarom gaan die sewende seël oor in

## OPENBARING 7

en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. [2] En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stern geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig [3] en gesê : Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. [4] En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-enveertigduisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel

—

sewe basuine, 8 : 1-2, en die sewende basuin, 11 : 15, loop uit op die sewe skale, 15 : 57 Vooraf word egter in hfst. 7 beskryf wat met die gemeente van Christus gebeur : hulle is veilig bewaar om voor die troon van God te mag aanbid en in volle geluksaligheid die Here Christus te dank en te prys. *vier engele . . . . vier hoeke . . . . vier winde*: die aarde word as 'n vierkant voorgestel, met vier hoeke of windstreke, vgl. Matt. 24 : 31. Die vier hoofwinde omvat alle winde wat verderfbrengend oor die aarde kan heenstorm. Elke wind word beheers deur 'n engel, net soos 'n engel ook mag het oor die vuur, 14 : 18, en oor die waters, 16 : 5, en oor die afgrond, 9 : 11. Die beeldspraak herinner aan Sag. 6 : 5. vasgehou sodat geen wind sou waai . . ..: die vier winde wat verwoesting, vgl. Jer. 49 : 36; Dan. 7 : 2, oor land en see en bome bring, word teengehou; 'n stilte kom op die aarde, vgl. die stilte in die hemel. [2] *van die opgang van die son*: d.i. van die ooste, van waar die lig kom en die heil te wagte is, die rigting van die paradys, Gen. 2 : 8; 3 : 24. *met die seël God:* die middel waardeur 'n eiendomsmerk aangebring word op diegene wat aan God behoort, vgl. 9 : 4. Herhaaldelik word God die Lewende genoem, 4 : 9, 10; 10 : 6; 15 : 7; Matt. 16 16; 26 : 63; Rom. 9 : 26; Hebr. 3 : 12; 9 : 14; 10 : 31; 12 : 22. *met 'n groot stem geroep*: sodat hy beslis gehoor sou word, omdat die geluksaligheid van die uitverkorenes op die spel gestaan het; vgl. ook 5 : 2. *die vier engele . . te beskadig* die vier engele, v. 1, het die mag om deur die loslating van die winde verwoesting te bring; maar ook daaroor beskik God en Hy gee dit aan hu1le vg1. by 6 : 2, 4 8 11 [3] moenie beskadig, eintlik. moenie begin om te beskadig nie.*die diensknegte van onse God*: vgl. By 1 : 1; 2 : 20. *op hulle voorhoofde verseël het*: om daardeur die eiendomsmerk van Christus op die voorhoofde te plaas; vgl. v. 2; sien. ook 13 : 16; 17 : 5; 22 : 4 Deur die verseëling word hulle wel nie van lyding en smarte gevrywaar nie, maar verseker van die ewige bewaring van God, vgl. Rom. 8 : 28; ook Jes 43:2 Vir v. 3 vgl. Eseg. 9 : 4, 6. [4] *die getal . . . . gehoor* die verseëling self word nie beskryf nie, maar die eindresultaat word aangekondig. *honderd-vier-en-veertigduisend . verseëldes*: 'n simboliese getal om die volkomenheid en volledigheid van die getal van die verseëldes aan te dui dit is saamgestel uit 12x12000 vgl :5; of ook 12x12x1000 Die getal 12 is saamgestel uit 3x4 d.w.s. die getal van die
Drie-eenheid en die getal van die wêreld met sy vier windstreke, V. 1, of van die mensheid. Sodat daarmee die genadige of ook oordelende inwerking van God op die mensheid aangedui word, vgl. By 1:20 . Die getal 1000 is gelyk aan 10 x 10 x 10; en 10 dien om die volheid van Gods handeling uit te druk, bv. die Tien Gebooie, tien Egiptiese plae of tien maagde in. die gelykenis Matt. 25 : 1. Daarom dui die 12 x 12,000 die volkome getal in ‘n verhoogde mate uitgedruk, van die volle vrug van die verlossende inwerking van Christus op die mensheid, waaruit Sy nuwe Israel, die kerk van Christus op aarde saamgestel is. Tog is die ontsaglik grote getal wat op hierdie wyse sinnebeeldig uitgedruk word in sy volle omvang en in sy samestellende onderdele noukeurig deur God bepaal tot op die eenheid en die enkeling toe, *uit al die stamme …Israel*: die getal is saamgestel volgens ‘n vaste ordening. *Israel* is die naam van seën wat aan Jakob gegee is, Gen. 32:28

## OPENBARING 7

5)uit die stam van Juda twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëldes; uit die starn van Gad twaalfduisend verseëldes;6). uit die stam van Aser twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Naftali twaalfduisend verseëldes; uit die stam

van Manasse twaalfduisend verseëldes; 7) uit die stam van Simeon Twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Issaskar twaalfduisend verseëldes; 8) uit die stam van Sebulon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëldes

7: 9-17 *Gesig van die martelare in die heerlikheid*

9)Na hierdie dinge het ek gesien,en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; 10) en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God

*kinders van Israel* is dus die deelgenote van daardie seën van. die Here. In Christus het ook die heidene daaraan deel, Gal. 3 : 14. Daarom is die *stamme . . . . Israel* 'n aanduiding van die hele mensheid wat onder die evangelie leef. Israel is ook die nuwe volk van God, die kerk van Christus, vgl. 2 : 9; 3 : 9; Rom. 2 29; Gal. 3 : 29; 6 16; Fil. 3:3 e.a. Ons het hier dus te doen met 'n bepaalde getal uitverkorenes, nl. die simboliese 144,000, uit die ontelbare skare wat tot die kerk van Christus behoort, m.a.w. v. 1-8 handel oor die strydende kerk op aarde, en v. 9-17 oor die triomferende kerk in die hemel, vgl. by v. 9. [5-8] Die seuns van Jakob word aangegee in 'n volgorde wat nie ooreenstem met enige lys in die Ou Testament nie, vgl. Gen. 29 en 30; 35 : 23-26; Deut. 33; 2 Kron. 2; Eseg. 48 : 1-27; 31-34. *Juda*, die stam waaruit volgens die belofte, Gen. 49 : 8, 10, die Christus sou kom, word eerste genoem, sodat daarmee aangedui is dat dit hier om die bedeling van heil gaan. *Benjamin*, wat saam met Juda aan God getrou was, word laaste genoem, sodat die tien verlore" stamme tussen die twee ingesluit en. as 't ware tot heil opgeneem word. Die naam van Dan ontbreek soos in 1 Kron. 4-7, weens afgodery, vgl. Rigt. 18 : 30; 1 Kon. 12 : 29. *Manasse*, wat deur die seën van Jakob tweede gestel is, Gen. 48: 17-20, kry nou weer sy voorrang. Josef neem die plek van sy seun Efraim in, weens laasgenoemde se opstand teen die huis van Dawid, vgl. Ps. 78 : 9, 67 Levi, die priesterstam, geniet geen voorrang nie. Daarmee is aangedui dat daar in Gods vrymagtige genade geen aansprake op voorkeur of rang is nie Uit alle stamme, d.i. die hele mensheid in sy ryke verskeidenheid, vergader Hy die volle getal van die uitverkorenes. Na verhouding bly dit steeds 'n „klein kuddetjie", Luk. 12 : 32; maar dan verseël en verseker van ewige bewaring. 9-17. *Die skare wat niemand kan tel nie*, d.i. die triomferende kerk in die hemel. [9] *Na hierdie dinge*. 'n nuwe tafereel word ontvou; v. 1 het die blik op die aarde gerig,waar die strydende kerk optree; tans sien Johannes die oorwinnende kerk in die hemel.*'n groot skare . . . . tale*: teenoor die geteldes, wat op aarde vir bewaring verseël is, is hierdie skare ontelbaar, want dit verteenwoordig alle geledinge van die mensheid, vgl. by 5 : 9. *voor die troon en voor die Lam*: Hy het voor die troon gaan staan, v. 17, en word omring deur die skare van geluksaliges, d.i. Sy kerk waarvan Hy die Hoof is. *met wit klere*: vgl. 6 : 11. Dieselfde woord vir „kleed" word in die Griekse Ou Testament gebruik vir die kleed van priester, Ex. 28 : 31-34, van profeet, 1 Sam. 15 : 27, en van koningseun, 1 Sam. 18 : 4. wit: vgl. v. 14. met *palmtakke:* die sinnebeeld van oorwinning, vreugde en heil, vgl. Joh. 12 : 13. [10] *met 'n groot stem geroep* uitdrukking van die volheid en vreugde van hulle harte, vgl. ook by 6 : 10. *Heil aan . . . .*: verlossing, redding is van God

## OPENBARING 7

wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: [12] Amen Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. [13] Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere,wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom ? [14] En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. [15] Daarom is hulle voor die troon van God en dien. Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.

deur die Lam; daarom word aan albei 'n loflied toegebring. *God . . . . op die troon*: vgl. by 4 : 2. [11] *al die engele . . . . wesens*: die verskillende groepe rondom die troon word genoem in die volgorde van die buitenste tot die binnenste groep, vgl. 4 : 4, 5 : 11. Op *hulle aangesig . . . . aanbid*: met betuiging van eerbiedige hulde Hom rnet goddelike aanbidding verheerlik, vgl. 1 : 17; 4 : 10. *Amen . . . . Amen*: vgl. by 1 : 6. *lof . . . . sterkte*: n sewevoudige, d.i. 'n volmaakte, lofsang word aangehef tot verheerlildng van God; vgl. 4 : 9, 11; 5 : 12-13; ook Rom. 11: 33-36. *tot in alle ewigheid*: vgl. 1 . 6. [13] een van die ouderlinge: vgl. by 4 : 4. *Hulle . . . . rnet die wit klere*: d.i. die ontelbare skare van V. 9. *wie . . . . en waarvandaan . . . .*: daarmee word gevra na hulle geaardheid of innerlike gesteldheid, en na die vroeëre omstandighede waarin hulle verkeer het. [14] *My heer, u dit:* Johannes bely sy onwetendheid, maar weet ook dat die ouderling as verteenwoordiger van die gemeente, vgl. 4 : 4, op daardie vrae die beste

die antwoorde weet. *wat uit die groot verdrukking kom* eintlik: wat . . . . aan die kom is. Die stroom wat uit die verdrukking opkom, vloei nog steeds. Daarmee is *die groot verdrukking* aangedui as die hele bedeling voor die wederkoms van Christus, en nie 'n besondere tydperk van. verhoogde vervolging nie. Sedert die koms van Jesus op aarde is die teenstelling tussen die kerk van Christus en die Wêreld verskerp, met groot verdrukking vir die getroues as gevolg, vgl. Ps. 90 : 10; Joh. 15 : 19; 16 33; Hand. 14 : 22; Efes. 2 : 2; 6 : 12; 1 Pet. 5 : 8; vgl. veral die tekening van die verdrukking in 6 : 3-17, *hulle klere gewas . . . die Lam*: hulle het op aarde met hulle sonde na Jesus die toevlug geneem, en deur Sy bloed is hulle gewade gereinig en is hulle geheilig, vgl. by 1 : 5; 5 : 9;. 1 Joh. 1 : 7, Hebr. 9 : 14. [15] *voor die troon van God:* in. Sy nabyheid, in Sy heerlike koninkryk. en dien Hom: d.i. vereer Hom met volle toewyding van hart en kragte, vgl. 22 : 3; Fil. 3 : 3; ook Luk. 2 : 37; Rom. 1 : 9; Hebr. 9 :
14

## OPENBARING 7, 8

16)Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie,en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; 17)want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee. 8:1-13 *Die sewende seël word oopgemaak -- Sewe engele met sewe basuine - Die eerste vier basuine* 1)En toe Hy die sewende seël oopgemaak het,kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. 2)En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee. 3) En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan,

*dag en nag*: sonder ophou, vgl. 4 : 8. in sy tempel: die heiligdom van Gods
teenwoordigheid is nou volkome toeganklik vir die enkeling, in teenstelling met die eertydse tempel van Israel. Die uitspraak is nie strydig met 21 : 22 nie, omdat dit gebruik word om die volste gemeenskap aan te dui, vgl. 3 : 12. en Hy . . . . troon sit: vgl. by 4 : 2*, sy tent . . . . oopspan*. met Sy ewige bewaring en Sy heerlikheid oordek Hy hulle soos met 'n tent, sodat hulle in Sy gemeenskap mag lewe; vgl. Deut. 33:27. [16] *nie meer honger . . . . dors hê nie*: aardse kwellinge wat ontsettende lyding kan meebring, sal daar nie meer bestaan nie, vgl. Jes. 49 : 10; ook Ps. 23. *nooit sal die son of enige hitte* . . . .: geen versengende gloed sal hulle teister nie, vgl. Ps. 121 : 6. Tesame word 'n viertal kwellinge genoem,d i. alles samevattende wat van die kant van die wêreld kan kom, vgl. by 1 : 20. [17*] die Lam . . . . troon is*: toe die Lam die boekrol met sy seëls begin oopmaak het, was Hy tussen die gestaltes rondom die troon, 5 : 6-7; nou is Hy in die middel van die troon self, d.w.s. op die plek van waar heerskappy uitgeoefen word; Hy het die regering oor alle dinge aanvaar, *sal hulle . . . . lei*: die beeldspraak van die herder en sy kudde kom telkens voor,Ps. 23; 80 : 2; Eseg. 34; Joh. 10 : 11, 14 Na afloop van. 'n leeftyd van verdrukking op aarde sal die getroues die volle geluksaligheid vind in die sorg van die hemelse goeie Herder. lewende waterfonteine: vgl. Jes. 55 : 1; Joh. 7 : 38; ook Openb. 22 . 1. *alle trane . . . . afvee:* vgl. Jes. 25 : 8; Openb. 21 : 4. God sal alle droefheid en ook alle oorsaak van leed wegneem; daar sal dus volsalige vreugde wees. Nadat hierdie versekering gegee is, kan die oordele van God oor die aarde uitgegiet word, hfst. 8-10; die gelowiges is gesterk deur die versekering van hul ewige bewaring en gewaarborgde geluksaligheid. 8 : 1-6. Die sewende seël word oopgemaak en sewe engele met sewe basuine maak hulle gereed. Vooraf gaan die reukwerk van die gebede op voor God. [1] *die sewende seël oopgemaak*: d.i. die laaste van die sewe seëls wat die raadsplanne van God verseël hou, vgl. 5 : 1. *stilte in die hemel*: sonder geluid of beweging wag alles voor die troon in uiterste spanning op wat nou sal gebeur. *omtrent 'n halfuur lank*: nie bedoel as die presiese tydsduur nie, maar dien om aan te dui dat die stilte 'n geruime tyd geduur het. Die stilte getuig van die meelewing van alle hemelse wesens met die mense op aarde. [2] *die sewe engele gesien:* wel nie voorheen genoem nie, maar nou vermeld asof hulle goed bekend is. Die getal sewe dui weer op 'n sekere volkomenheid ten opsigte van Gods handelinge met die mense, vgl. by 1 : 20. *wat voor God staan*: 'n aanduiding van hul hoë rang, en ook van die feit dat hulle gereed staan om 'n besondere opdrag of diens uit te voer, vgl. Luk 1 : 19; ook 1 Kon 17 : 1, *sewe basuine . . . . gegee*: van God is *dit gegee* ten einde Sy opdrag uit te voer, vgl. 6 : 2, 4, 8, 11. Die basuin, vgl. 1 : 10; 4 : 1, dien tot aankondiging, hier van die naderende oordele van God. [3] 'n ander engel: een wat 'n ondergeskikte hoewel belang-

## OPENBARING 8

en baie reukwerk is aan hom gegee,om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê; [4] en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God. [5] En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. 6)En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas. 7) En die eerste

engel het geblaas en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi.En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. 8)En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg

rike diens verrig soos 'n priester by die a1taar. met 'n goue wierookbak: vgl. by 5 : 8. *By die altaar* wat digby die troon staan, vgl. 6 : 9. *is aan hom gegee*: dieselfde woord gegee as in v 2.*baie reukwerk . . . . om dit met die gebede . . . .* te lê vgl. by 5 : 8. Hier word onderskei tussen die reukwerk en die gebede, waardeur te kenne gegee word dat die gebede,selfs van die heiliges, nog so met sonde belaai is dat hulle nie sonder die hulp van die hemelse reukwerk kan opstyg nie; maar die Here gee die reukwerk om die gebede te laat opstyg,v. 4. *die goue altaar voor die troon*: twee besonderhede in verband met die altaar word nou genoem : dit staan voor die troon en dit is van goud. Omdat ook die *en die rook . . . . opgegaan voor God* altaar 'n simboliese voorstelling is, word dit soms voorgestel as brandofferaltaar, vgl. 6 : 9, en dan weer as reukofferaltaar, soos hier vgl. 9 : 13. [4]: vgl.Ps. 141 : 2; gemeng met die wierook word die gebede deur God aangeneem en verhoor. [5] *die wierookbak . . . . op die aarde* gegooi: daarmee word voorgestel dat God daadwerklik die gebede verhoor en Sy antwoord soos kole van vuur, d.i. lewendig, brandend, op die aarde neerstuur om nou Sy oordele tot uitvoering te bring. daar het stemme .... aardbewing: vgl. by 4 : 5. Die hele skepping kom in beroering weens die ontsettende gerigte van God wat aan die kom is. [6] *die sewe engele . . . .basuine*: vgl. v. 2. gereed gemaak om te blaas: om telkens opnuut die stryd aan te kondig. Hulle optrede word voorgestel as die verhoring van gebede wat deur die wierook vo God gebring is. Daarmee is die gebede ingeskakel in die uitvoering van die raadsplan van God. 7-13. Die eerste vier basuine word geblaas. [7] *die eerste engel*. van die sewe in v: 2 genoem. *hael en vuur*: 'n herinnering aan die sewende Egiptiese plaag, Ex. 9 : 23. Met hael verslaan. die Here Sy vyande, Jos. 10 11; Jes. 28 : 17; 32 : 19; en vuur is die beeld van Sy toorn, vgl. Jes. 30 : 27; 33 : 14, Hebr. 12 : 29 e.a. *met bloed gemeng*: om te kenne te gee dat baie slagoffers geëis sal word. *En 'n derde . . . het verbrand*: die meeste manuskripte het : en die derde van die aarde het verbrand en. die derde van die bome. vgl 7 : 1, 3, waar hierdie dinge beskerm is totdat die verseëling kon plaasvind. In vergelyking met 6 : 8, waar 'n vierde deel van die aarde getref word, is die oordeel nou verswaar sodat telkens 'n derde deel getref word. Tog het die gerigte nog 'n vaste perk, as bewys. Van Gods.lankmoedigheid. [8] *tweede engel*: vgl. by v. 2 *iets soos 'n groot berg . . . . in die see gegooi*. the berg van vuur dien as sinnebeeld van die heiligheid en toorn van God wat

## OPENBARING 8

wat brand met vuur,is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, 9)en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan. 9)En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. 11)En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. 12)En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so. 13) En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas

gevrees moet word, vgl. Hebr. 12 : 18. Na die aarde, v. 7, word die see getref. *'n derde ....het bloed geword*: 'n herinnering aan die eerste plaag in Egipte, Ex. 7 : 17-18. [9] *'n derde van die lewende skepsele . . . . het vergaan*: die mense word in benouing gebring deurdat die hoeveelheid voedsel in die see met 'n derde verminder word, en so ook die skeepvaart. Met die skepe vergaan ook die opvarendes. [10] *die derde engel*: vgl. by v. 2. *n groot ster . . . . geval*: weer 'n voorwerp wat van elders, buite die aarde, kom, d.w s. as 'n oordeel van God. op 'n *derde . . . . waterfonteine*: die watervoorraad waarvan die mense afhanklik is, word onbruikbaar gemaak. [11] Die verderfwerking van die ster word deur sy naam aangedui. Alsem, of ook : absint, d.i. bitterheid, vgl. Deut. 29 : 18; Amos 5: 7; 6 : 12; Jer. 9 : 15; 23 : 15; Klaagl. 3 : 19. waters het als geword: bitter en verderfbrengend geword; gifwater, Jer. 9 : 15. Daarvan kom baie mense te sterwe. Die lewe op aarde word steeds swaarder [12] *die vierde engel*: vgl. by v. 2. *'n derde van die son . . . . sterre*: vgl. die negende Egiptiese plaag, Ex 10 : 21 v. Die ligdraers van die aarde word skielik deur 'n verderwende mag aangetas, waarskynlik onberekenbare verduisteringe, as gevolg waarvan die daglig op aarde met 'n derde verminder word. Vgl. by 6. 12-13. Dus in vier opsigte is die lewe op aarde bemoeilik : ten opsigte van voedsel- en watervoorsiening, die verkeer (met skepe) en die uitvoering van die dagtaak (sonder lig). [13] *En ek het gesien*: 'n nuwe moment tree in, waardeur die sewe basuine verdeel word in twee groepe, nl. van vier waarin die mense getref word deurdat die natuur 'n derde deel onder die oordeel kom; en van drie waarin die smarte van

die hel op die mense losgelaat word,vgl. 9 : 1 ; 9 : 13; 11 : 15. *'n engel . . . . vlieg*: die meeste manuskripte sê: 'n arend. *Met n groot stem*: want hy moes gehoor word, vgl. 6 : 2, 7 : 4. Die drievoudige *wee, wee, wee* kondig die verskrikking in sy hoogste graad aan, vgl. 9 : 12; 11 : 14. Die getal drie bevat ook 'n verwysing na God, vgl. by 1 : 20, wat Sy vyande sal verdelg.

## OPENBARING 9

9 : 1-12 *Die vyfde basuin of die eerste wee*

[1] En toe die vyfde engel blaas,sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. [2] En hy het die put van die afgrond oopgernaak, en daar het rook opgekorn uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. [3] En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het. [4] En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie.

9 : 1-12. Die vyfde basuin word geblaas, waarop die eerste wee in vervulling gaan deurdat die put van die afgrond geopen word. [1] *die vyfde engel blaas*: vgl. 8 : 2. *'n ster . . . geval het*: anders as in 8 : 10, is hierdie ster nie natuurverskynsel nie, maar die voorstelling van 'n persoon. Of dit die duiwel is of sy bose engel, vgl. Luk. 10 : 18, en. Of dit 'n engel van die Here is, vgl. 20 : 1, kan nie met sekerheid gesê word nie. Hoofsaak is dat sy herkoms *uit die hemel is*, uit die troonsaal van God, waarmee aangedui is dat ook sy optrede onder die raadsbeskikking van God geskied: God wil die opening van die afgrond. *aan hom is . . . . gegee*. na sy val op die aarde word aan hom van Godsweë die bevoegdheid verleen, vgl. 6 : 2, 4, 8, 11. *die sleutel*: d.i. die beskikkingsmag of die reg en bevoegdheid om oop te sluit, vgl. 1 : 18; 3 : 7; Matt. 16 : 19. die put van die afgrond: met 'n skag wat op die oppervlakte van die aarde uitmond, word die ondergrondse diepte bereik waarin die bose geeste bewaar word tot op die oordeelsdag, vgl. 11 : 7; 17 : 8; 20 : 1-3; Luk. 8 : 31. Daarna word hulle in die poel van vuur, of die hel, gewerp, 19 : 20; 20 : 10, 14, 15; 21 : 8. [2] *die put . . . . oopgemaak*: indien die ster, v. 1, die duiwel is, het hy wel bevoegdheid ontvang om die put oop te maak, maar nie om dit te sluit nie, vgl. 20 : 3, 10 Hy maak dit oop onder die toelating van God, maar op eie verantwoordelikheid. *rook opgekom . . . . oond*: 'n teken van die vuur van Gods oordele, vgl. Gen. 19:28; Ex. 19 : 18; Joël 2 : 10; ook Openb. 14 : 11 18 : 9, 18; 19 : 3. *die son . . . . verduister*: lig en lug word aan die mense ontneem, d.w.s. hulle word afgeskei van God self, vgl. Ps. 84 : 12, en van die lewensmoontlikheid wat Sy guns hulle bied. [3] *sprinkane uitgekom:* in die Skrif is hulle dikwels die werktuie van die gerig van God, vgl. Ex. 10 : 4-15; Joël 1 : 4; 2 : 25; Amos 7 : 1, wat soos 'n leërrnag optrek, v. 7, waarteen die mens magteloos staan, aan hulle is mag gegee: vgl. dieselfde uitdrukking by v. 1. soos die skerpioene mag het: d.i. om ontsettend te pynig sonder om dood te maak, vgl. v 5. In die Skrif is skerpioene die sinnebeeld van alles wat mensevyandig is, Deut. 8 : 15; Eseg. 2 : 6; Luk 10 : 19; 11 : 12; of van die strafroede, vgl. 1 Kon. 12 : 11, 14 (in die Statevertaling)/ [4] aan hulle is gesê: God bepaal hulle beperkte opdrag. *dat hulle nie . . beskadig nie: hulle* mag nie doen wat sprinkane gewoonlik doen nie; hierdie opdrag dien as bewys dat die sprinkane 'n sinnebeeldige voorstelling van Gods oordele is. *beskadig*: vgl. dieselfde word in 2 : 11; 6: 6; 7 2 e.a. *net alleen die mense . . . . het nie*: die opdrag is dat bepaaldelik die mens gepynig moes word, maar die verseëldes, vgl. 7:2 v., is hierteen gevrywaar.

## OPENBARING 9

[5] En dit is aan hulle gegee,nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy n mens steek. [6] En in did dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hu11e wegvlug. [7] En die voorkoms van die sprinkane was soos diê van perde wat vir die oorlog toegerus is en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. 8) En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos die van leeus. 9)En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.

God bewaar dië wat aan Hom behoort, vgl. Rom. 8 : 18, 31-39. [5] *aan hulle gegee*: vgl by v. 1, 3. *nie om hulle .. . gepynig sou word*: die opdrag word daarin beperk dat dit nie tot die uiterste mag gaan en nie langer as vyf maande mag duur nie. Dus ook hier werk die genade voort binne-in die oordele.

*gepynig*: deur pyn soos met 'n maatstaf gemeet; gemartel soos op 'n pynbank, vgl. 11 : 10; 12 : 2; 14 : 10; 20 : 10. *vyf maande lank*: d.i. vir 'n gesette tydperk, ongeveer gelyk aan the leeftyd van die sprinkaan, en ongeveer een agtste van die tydperk genoem in 11 : 2, 3; 12 : 6. *wanneer hy . . . . steek*, lett. : slaan, soos in Matt. 26 : 68; Joh. 18 : 10; daarmee word verwys na die skerpioen wat met sy stert die angel inslaan. 6)*in die dae*: gedurende die vyf maande, v. 5. *die dood soek . . . verlang te sterwe*: die pyniging wat kom soos die opeenvolging van skerpioensteke sal so smartlik wees dat die natuurlike drang om te lewe plek sal maak vir die teennatuurlike begeerte om te sterf *die dood sal . . . . wegvlug*: die dood as verlosser uit liggaamlike lyding sal nie gevind kan word nie, Jer. 8 : 3. Daarmee is aangedui dat hierdie smarte nog die voorlopige is; dit is nog nie die ewige verdoemenis nie. [7] *die voorkoms . . . soos die van perde*- die sprinkaan is reeds voorheen met 'n perd vergelyk, Joë1 2 : 4. Die voorkoms versinnebeeld die gereedheid vir die stryd en die vurige moed en krag soos van 'n perd; so is die bose wat teen die mense optrek. *iets soos krone wat soos goud gelyk het*: dus, nie egte krone nie,vgl 4 : 4; 6 2, maar 'n nabootsing wat nietemin die teken van die oorwinnaar is; in hierdie stryd teen die mense is die sprinkane die oorwinnaars En ook geen egte goud — die beeld van heilryke heerlikheid, vgl. 1 12, 13, 20; 4 : 4, nie, maar skyngoud, wat tog glansryk is) om die oorwinning aan te dui *hulle gesigte . . . van mense*:

d.i. hulle het ooreenkomste met mense gehad, o.a deurdat hulle verstand en wil besit om soos mense te kan optree. Vgl by 4 : 7, die derde lewende wese. [8] *hare . . . vrouehare*: die voelhorings was soos vrouehare : lank, weelderig en verleidelik. *tande . . . . soos die van leeus:* sterk en verskeurend, vg1. Joël 1 : 6. [9] *borsharnasse . . . . soos van yster*: daardeur is hulle onkwesbaar vir enige verweer van die kant van die mens. *die gedruis van hulle vlerke . . . . oorlog: die* gedruis is skrikaanjaend en vanself 'n aankondiging dat hulle alles sal verpletter,

## OPENBARING 9

10)En hulle het sterte gehad soos die van skerpioene en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. 11)En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam van Appollion. 12) Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë.

9 : 13-21 *Die sesde basuin of die tweede wee*

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, 14) en die het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. 15)Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was

behalwe die verseëldes, vg1. by v. 4. [10] Vgl. by v. 5. Baie manuskripte lui: Hulle het sterte gehad soos skerpioene en angels, en in hulle sterte was hulle mag om die mense vyf maande lank skade aan te doen. [11] *as koning oor hulle*: hulle was dus goed georganiseer onder die bevel van 'n koning. Die Bose verhef hom as koning teenoor Christus, die Koning van die Godsryk *die engel van die afgrond*: d.i. 'n demoniese wese wat in die verblyfplek van die bose geeste, vgl. by v. 1, heerskappy voer. *sy naam . . . . Abaddon*: d.i. Verderf, in die Ou Testament soms gelyk aan die doderyk, Job 26 : 6; of ook Job 28 : 22. *Apollion*: d i die Verderwer of die uitvoerder van die strafgerig van God, 1

Kron. 21 : 1, vgl. 2 Sam 24 : 1; sien ook die toespelinge op die name in 2 Thess. 2 : 3, 4, 9. *in Hebreeus . . . . in Grieks.* met die twee tale word die hele mensheid van destyds aangedui, vgl. Rom. 1 : 16; 1 Kor. 1 : 24 e.a. Dus, net soos daar ten opsigte van die heil geen onderskeid is tussen Jood en Griek nie, net so min is daar onderskeid ten opsigte van die oordele van God. [12] *Die een wee*, ook te vertaal: die eerste wee. *Nog twee weë* van die aangekondigde drie, 8 : 13, moet volg. Die eerste was in sy werking beperk na omvang en tyd; die volgende sal meer omvattend wees.13-21. Die sesde basuin word geblaas, waarop die tweede wee in vervulling gaan deur die loslating van die vier engele by die Eufraat. [13] *die sesde engel*: vgl. by 8 : 2. *'n stem .... uit die vier horings*: tussen die vier hoeke van die altaar uit klink die magtige stem wat in verband staan met die gebede van die heiliges, vgl. 8 : 3 v.; ook 6 : 9 v., om die verhoring van hulle geroep om wraak aan te kondig *die goue altaar*: hier bedoel as die reukaltaar, vgl.8 : 3; ook Ex. 30 : 2 v. [14] *Maak die vier engele los*: d i die gerigsengele, wat op loslating wag om die strafgerigte van God uit te voer. Die getal vier stel simbolies die hele mensheid voor, vgl. by 1 : 20, om hier die universaliteit van die gerigte aan te dui. *wat gebind is . Eufraat*: van oudsher word die strafgerigte van God voorgestel as groot waters, Ps. 69 2; 104 : 6; 124 : 4 e.a., wat uit die noorde sal kom, Jer. 47 : 2, vgl. Jes. 8 : 7; 14 : 31; Jer. 1 : 14; 6: 1, 22 e.a., en genoem word die Eufraat, Jer. 13 : 4; ook Jer. 50 en 51, d.i. die gebied van die ryke van Assirië en Babel, wat uit 'n noordelike rigting op srael toegesak het. Daaruit ontstaan die voorstelling *dat God by die groot rivier, die Eufraat*, vgl. 16 : 12; Gen. 15 : 18; Deut. 1 : 7; Jos. 1 : 4, Sy strafgerigte gebonde hou om hulle op Sy tyd los te laat. [15] `*wat gereed gehou was . . . . en jaar*: hulle loslating is 'n deel van die voorgenome raadsplan van God; by Hom is dag en uur vooruit bepaal. *om 'n derde . . . . dood te maak*: vgl. by 8: 7 v ;

vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. 16)En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. 17)En so het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.18) Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; 19) want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan. 20) En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid,

die straf is universeel, vgl. v. 14, maar tog nog beperk in sy omvang; dit is dus nog nie die eindoordeel nie, maar wel die aanloop daarheen. [16] die leërs van perderuiters die oordele kom soos 'n magtige aanvalsleer waarteen die mens niks kan doen nie. *die getal . . . . gehoor:* so groot was die getal dat Johannes dit nie kon tel nie; dit word aan hom meegedeel, nl. 2 x 10,000 x. 10,000, d.w.s. 200 miljoen; dus, 'n leërmag wat in getalle die engele oortref, vgl. 5 : 11, en veel groter is as 'n leër wat die mense op die been kan bring Die getal is sinnebeeldig; dit stel 'n ontsaglike menigte voor, wat as 'n veelvoud van 10 die volheid of volkomenheid voorstel, vgl. by 5 : 11; 7 : 4; ook Ps. 68 : 18. [17] *die perde . . . . en die wat op hulle sit*: die ruiters word genoem, vgl. 6 : 2 v., maar die perde beskryf omdat hulle die eintlike verderfbrengers is. met *vuurrooi . . . . borsharnasse*: die drie kleure, nl. van vuur en rook en swawel, dui die oordeel van God aan, vgl. Gen. 19 : 24, 28, hoewel rook in die verband elders nie voorkom nie, met moontlike uitsondering van Jes. 14: 31; vgl. Openb. 14: 10; 19: 20, 20:10; 21: 8.1 *die koppe . . . . soos leeukoppe*: as teken van hulle verskeurende krag. *uit hulle bekke . . . . uitgegaan*: in ooreenstemming met die kleure van die borsharnasse blaas hulle 'n drievoudige, verderfbrengende walm uit; drievoudig, omdat dit gaan om 'n oordeel van God, vgl. by 1 : 20. Die voorstelling laat dink aan 'n alles-omvattende oorlog; daar moet egter ook aan 'n geestelike oorlog teen die waarheid van God gedink word, in 'n poging om die mense van God te vervreem. [18] *'n derde . . . . gedood*: onder die eerste weë is die mense gepynig, v. 5-6, maar nou word hulle gedood, omdat die strafgerigte toegeneem het in verskrikking. Nog word alleen 'n *derde* van die mense getref, vgl. 8 : 7 v., omdat die eindoordeel nog aanstaande is. *deur die vuur . . . . swawel*: deur die helse pyniging en verstikking, vgl. v. 17. *wat uit hulle bekke uitgegaan het*: hulle is verderfblasend, maar kan ook op ander manier die mense doodmaak. [19] *hulle mag . . . . bek . . . . sterte*: in teenstelling met die sprinkane, v. 5, 10, kan die perde ook met hul bek verderf bring. Moontlik is hier te dink aan die uitblaas van leuen en lastering teen Jesus Christus, wat met die swaard van Sy mond die stryd voer 1 : 16. sterte . . . . soos slange en het koppe: ook van agter kan hulle aanval, en wel met die venyn en giftigheid van slange, vgl. Num. 21. *rig . . . . skade aan*: beskadig, soos in v. 10. [20] Die uitwerking van die oordele tot hiertoe word in v. 20-21 meegedeel. *die orige mense . . . . nie bekeer ni*e, lett. : het hulle tog nie bekeer nie. Ondanks

## OPENBARING 9, 10

of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie [21] En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.

10 : 1-1 1 *Die boek uit die hemel word deur Johannes geëet* [1] En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; 2)en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad,en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;3) en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul,en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.

die toenemende smarte en die wegmaai van een mens uit elke drie, volhard hulle in die werke van hulle hande, d.i. die ongeregtigheid in werk en wandel, waardeur hulle teen God in opstand kom. *om duiwels te aanbid*: geestelike magte of valse gode te dien asof hulle God is, terwyl hulle gestaltes van die duiwel is, vgl. 2 Kron. 11:15, Amos 5 : 25 v.; 1 Kor. 10 : 20, 1 Tim. 4 : 1, en die versoeking van Jesus, Matt. 4 : 9 v. *of die afgode . . . . loop nie:* die maaksels van hul eie hande word tot gode verhef, vgl. Jes. 44, hoewel hulle *nie kan sien of hoor of loop nie*: volkome leweloos is, vgl. Ps. 115 . 5-7; 135 : 15-17. [21] Deur te aanbid wat nie God is nie, het hulle die eerste tafel van die Wet oortree, v. 20; deur hulle te vergryp aan die lewe van die naaste, oortree hulle ook die tweede tafel van die Wet. Die een lei noodwendig tot die ander, vgl. Rom. 1 : 23 v. Hiervolgens het die tweede wee die mense in twee groepe verdeel: wat gedood is, en die wat geweier het om hulle te bekeer. Daaruit is af te lei dat die verseëldes

gevrywaar was teen hierdie gerig, vgl. 9 : 4. 10 : 1-4. Die verskyning van 'n sterk engel met 'n boekie in die hand onderbreek die verloop van die oordele van God. [1*] 'n ander'- sterk engel*: vgl. 5 : 2. *uit die hemel neerdaal*: dit gaan om die strafgerigte op die aarde; daarom kom hierdie magtige Godsgesant na die aarde toe. Sy voorkoms herinner aan diê van Christus; tog is hy nie
Christus nie, maar 'n engel. *bekleed met 'n wolk*: die teken, van die mag en majesteit van God wat kom om geregtigheid uit te oefen, vgl. Ex. 19 : 16; Ps. 97 2; 104 : 3; Dan. 7 : 13. *'n reënboog* . ….*hoof* die teken van die verbondstrou van God teenoor die lewendes, vgl. by 4 : 3. *sy aangesig . . . . soos die son* soos die van Jesus op die berg van verheerliking, Matt. 17 : 2, as teken van die alles bestralende heerlikheid, vgl. by 1 : 16. *sy voete soos pilare van vuur: soos* die van Christus, vgl. by 1. 15. [2] *en in sy hand . . . . boekie gehad*: in teenstelling met die verseëlde boekrol van 5 : 1, is hierdie baie klein. boekrolletjie geopen, d.w.s. die raadsbesluite van God wat daarin opgeteken is, word bekend gemaak en gaan mitsdien in vervulling, vgl Eseg. 2: 9. *sy regtervoet op die see . . . . op die land*: deur sy voete te plaas op die twee dele van die aarde, vgl. Gen. 1 : 10, betuig hy dat hy mag het om die hele wêreld aan die oordeel te onderwerp, vgl. by 7 : 1; sien. ook Jos. 10 : 24. [3] *met 'n groot stem uitgeroep*: vgl. 6 : 10; 7 : 2, 10. *soos 'n leeu wat brul*: kragtig en onheilspellend, om daarmee die oordeel van God aan te kondig, vgl. Jer. 25 : 30; Amos 1 : 2; 3 : 8; Joël 3 : 16; Hos. 11 : 10. het die *sewe donderslae hulle stemme laat hoor*, lett. : het . . . . hulle stemme gespreek, d.w.s. die gedruis van die donder was meteen stemme wat iets meegedeel het, sodat Johannes dit wou opteken, v. 4. Die donderslae, wat hier as reeds bekend voorgestel word, vgl. 4 : 5, word n sewe-tal genoem om daarmee 'n volkomenheid in die handelinge van God met die mense

## OPENBARING 10

4)En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe;
maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie. 5)En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; 7)maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete. 18)En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan.9) En ek het na die engel gegaan

uit te druk, vgl. by 1 : 20; 8 : 2. [4] *laat hoor het*, lett.: gespreek het. Johannes wil die gehoorde opteken, maar word verhinder *deur 'n stem uit die hemel*, d.w.s. omdat God dit so wil. *Verseël …skryf dit nie op nie:* vgl. by 5 : 3, 4 Die inhoud van die boekie mag nog nie bekend gemaak word nie. Johannes mag slegs bekend maak dat vreeslike dinge te wagte staan. 5-7. Die engel kondig met 'n eed aan dat die volle raad van God in vervulling sal gaan. [5] *die engel*: vgl. v. 1-2. *sy hand . . . . opgehef:* die gewone gebaar by die uitspreek van 'n eed, Gen. 14 : 22; Ex. 6 : 7; Deut. 32 : 40; Dan. 12 : 7. [6] *by Hom wat . . . . lewe*: Hy wat bo die tyd is en aan geen tyd gebonde nie, die Ewige, vgl 1 6, 18; 4 : 9, 10. *wat die hemel geskape . . . . daarin is:* wat bo alle skepsele verhewe is as hulle Skepper en Onderhouer; die hele skepping word in sy drie onderdele genoem, vgl. Ex 20 : 11; Ps. 146 : 6. dat daar geen tyd meer sal wees nie, sommige vertaal : „daar sal geen uitstel meer wees nie" Die tydperk waarin die teenstanders van God en van Christus skynbaar vrye spel gehad het, spoed ten einde. Ses basuine is reeds geblaas; nou het die tyd van die sewende aangebreek. [7] *in die dae van . . . . sal blaas*. vgl. 11 : 15. *dan is . . . . volbring*: so seker sal dit gebeur dat gesê kan word dat dit reeds volbring is. die verborgenheid van God: vgl. 1 : 19; 17 : 5, 7; is te verstaan as die raadsbesluite van God oor die hele wêreldgeskiedenis, wat verborge of geheim bly totdat hulle deur Sy openbaring bekend gemaak word. Ook gelyk aan u wil, 4 : 11. *die blye tyding verkondig:* as 'n heilsboodskap aangekondig omdat die oordele van God in hulle verskrikking tog ook die volle geluksaligheid vir die uitverkorenes nader bring. *sy diensknegte*: vgl. 1 : 1; 2. 20; 7 : 3. *die profete:* diegene wat as mond van God gebruik word om n boodskap aan ander oor te dra, vgl. v. 11; 1 : 3; 11 : 3, 10; en in die Ou Testament herhaaldelik. 8-11. Johannes moet die boekie eet en profeteer. [8] die stem . . . . gehoor het: dieselfde stem as in v. 4. *neem die . . . . boekie:* vgl. by v. 2. Johannes moet hom die boekie en sy inhoud toe eien.
ten einde te profeteer oor die dinge wat sal kom, vgl. v. 11. [9] Sonder aarseling

## OPENBARING 10, 11

en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning. [10] Toe neem ek die bockie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos

heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword. [11] En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings

11:1-14 *Die twee getuies*

1)En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. 2)Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie,

gehoorsaam, voer Johannes die opdrag uit en kry 'n verdere opdrag. *Neem en eet dit op*: vgl Eseg. 3 : 1-3. Eers moet hy die raadsbesluite van God innerlik verwerk voordat hy dit kan bekend maak, v. 11. *jou maag bitter maak . . . . soet soos heuning*: die evangelie, die blye boodskap wat die oorwinning van die waarheid van God aankondig, is soet; maar dit roep vyandskap uit, vgl. Joh. 1 : 11; 15 : 22; Matt. 10 : 34-36, en laat 'n stryd op lewe en dood ontbrand, vgl. 11 : 1-13, voordat die oorwinning behaal word; daarom is die werking bitter. Die volgorde soet—bitter word hier omgekeer, omdat met die ontplooiing van die raadsplan in die geskiedenis die strafgerigte eers hulle loop moet hê voordat die volle geluksaligheid binnegegaan word. [10] By die uitvoering van die opdrag ondervind hy die soet en die bitter in hulle natuurlike of chronologiese volgorde. [11] *Jy moet weer profeteer*: ten einde die raad van God te kan aankondig, moes hy die boekie eet, d.i. geestelik verwerk. weer: opnuut, omdat by wat reeds bekend is, nog baie toe te voeg is. oor *baie volke . . . . konings*: vgl by 5 : 9. Alle mense, sonder onderskeid, moet die aankondiging hoor. *konings*: word hier bygevoeg, d.i. die maghebbers wat oor die wel en weë van volke beslis, vgl. hfs t . 17. 11 : 1-2. Opdrag om die tempel te rneet. [1] *En'n riet . . . . gegee*: 'n maatstaf van riet, so stewig en dus betroubaar soos 'n stok, is aan hom gegee, vgl 21 : 15; Eseg. 40 : 3; Sag. 2, om daarmee 'n handeling uit te voer wat 'n oordragtelike betekenis het. *en meet*: anders as in 2 Kon. 21 : 13; Jes. 34 : 11, of in Eseg. 40 : 2 v.; 43 : 13, beteken die uitdrukking hier 'n afgrensing en beveiliging; wat heiligdom is en aan, God behoort, word afgegrens vir veilige bewaring Sag 2 : 5 v. *die tempel van God*: 'n. sinspeling op die tempel in Jerusalem maar bedoel word die gemeente van Christus as geestelike tempel , vgl. 3 : 12; 1 Kor. 3 : 9 v Efes. 2 : 19-22. en die altaar vgl 8:3 *en die wat daarin aanbid*: alle ware aanbidders, die gelowiges wat hulle toevlug neem tot God, die lede van Sy gemeente vgl. voorts 2 Kor. 6 : 16; 1 Pet. 2 : 5. Drie voorwerpe moet dus gemeet word; die getal drie 3 dui op 'n werkstuk van God, Sy heilige gemeente. [2] *Maar die voorhof . . . . nie meet nie*: die beeld verwys na die tempel in Jerusalem deur Herodes die Grote herbou, Joh. 2 : 20, waarin die heidene toe-

## OPENBARING 11

want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad tweeen-veertig maande lank vertrap. 3)En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, 4duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer. 4)Hu11e is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan. 5) En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.

gelaat is om in die voorhof handel te drywe, Joh. 2 : 14 Deurdat hy die voorhof *uitlaat,* lett. uitwerp, en nie meet nie, word dit nie vir bewaring in die dag van oordeel afgesonder nie; net die ware aanbidders in die heiligdom self word bewaar, vgl. Matt. 7 : 20 v.; 22 : 37
v. *aan die heidene gegee*. oorgelaat aan almal wat op generlei wyse tot die volk van God behoort nie. *die heilige stad . . . . vertrap*: vgl. Luk. 21 : 2, 4; 'n verwysing na Jerusalem as die plek waar God Sy genade bekend gemaak het sodat dit as beeld kan dien van die wêreld onder die prediking van die evangelie. Die kerk self word bewaar, v. 1, maar die Christelike erf of die Christendom sal verval en deur die ongelowiges vertrap word. *twee-en-veertig maande lank*: maande as tydmaat word gebruik in verband met die vrugte en die oes, vgl. 22 : 2; Eseg. 47 : 12; Joh. 4 : 35. Die getal 42 is 6 x 7, d.w.s. die produk van die getal van die mensheid of ook van die bose magte, nl. 6, en die getal van die eedswering of verbond van God met die mense, nl. 3, plus 4, d.i. 7; vgl. by 1 : 20. Sien ook Matt. 1 : 17. Die getal 42 stel dus voor 'n tydperk waarin God met die mense handel met die oog op die uiteindelike oes; of ‘n tydperk waarin die mense as handlangers van die bose magte teen God in opstand kom, maar alleen so vêr kan gaan as wat Hy toelaat, vgl. v. 1. Dieselfde tydperk van 3 en ‘n half jaar word ook aagegee as 1,260 dae en is die periode waarin die volgende plaasvind: (1) die afgrensing van die eiendom van die Here, 11 : 2; (2) die prediking deur die twee getuies, 11 : 3; (3) die tyd waarin die vrou in die woestyn verkeer, 12 : 6; (4) die lastering van die dier uit die see, 13 : 5. Telkens word dieselfde tydsbedeling bedoel, nl. Van die hemelvaart van Christus tot Sy wederkoms. Vgl. Dan. 7 25; 12 : 7, waar sprake is van tye en die helfte van 'n tyd", d.w.s. 3 en ‘n 1/2 jaar en dus dieselfde periode as hier bedoel. 3-14. Die twee getuies. [3*] En Ek sal . . . . gee*: Christus self spreek hier, vgl. 2 : 13. *aan my twee getuies*: word hier as bekend aangevoer en in v. 4 nader aangedui; *twee*: omdat volgens die eis van die wet daardeur die waarheid van die getuienis bevestig word, vgl. Deut. 19 15; Matt. 18 : 16; Mark. 14 :

56 e.a. *met sake bekleed*: as teken van leed oor sonde en van oproep tot bekering, vgl. 1 Kon. 21 : 27;Matt 11 : 21. *Sal profeteer*: die raad van God verkondig, vgl. 10 : 11. *duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank*: d.i. dieselfde tydperk as in v 2; dae dui op die tydmaat van die arbeid, Gen. 1; Ex. 20 : 6; Deut. 24 : 15, sodat daarmee die ontsaglike arbeidstyd van die twee getuies versinnebeeld word. [4] *die twee olyfbome*: die beeld herinner aan Sag. 4 : 1-6, met sy verwysing na die Heilige Gees, en sinspeel dus op die instrumente waardeur die Here Sy salwing of mededeling_van genade bewerk, net soos 'n olyfboom sy olie rneedeel. *Die twee kandelaars*: vgl. 1 :12, 13, 20; ook Ps. 119 : 105 en Matt:5:14-15 Daardeur word die gemeente voorgestel as draer van die Woord van God en verspreider van Sy lig. Die twee getuies kan hiervolgens wees die Heilige Gees en die woord, maar eerder die priesterlike amp, soos destyds beklee deur Josua, Sag. 3 : 1, en die regerende amp, soos uitgeoefen deur Serubbabel, Sag. 4 : 9; of, gelet op die werking, word hier bedoel die ampte in die gemeente waardeur die gemeente self innerlik gevoed word (die olyfboom), en waardeur die lig van die evangelie na buite versprei word (die kandelaar). *wat voor God . . . . staan*. om deur Hom gesterk te word en om Sy opdragte uit te voer oor die hele aarde waaroor Hy regeer. [5] *as iemand . . . .beskadig*: vgl. dieselfde

## OPENBARING 11

> [6] Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels as hulle wil. [7] En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sa1 die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog over en hulle oorwin en hulle doodmaak; 8)en hulle lyke *sal lê* op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte,waar ook onse Here gekruisig is. 9)En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien

uitdrukking in 2 : 11; 6 : 6; 7 : 2; hier: die gemeente en sy ampte in die weg staan of verhinder om sy getuienis voort te dra. *gaan daar vuur . . . . vyande*: die profetiese woode uit hulle mond sal onmiddellik die teenstanders self soos met vuur verskroei vg.l. 2 Kon. 1:10, 12; 14 en Jer 23:29; Hierby moet gedink word aan die werking van die Woord in die gewete van die vyande vgl. Hand. 4 : 14, 21. *en as iemand . . . gedood word* : selfs diegene by wie daar nog maar 'n floue voorneme is om in die toekoms te beskadig, sal deur dieselfde oordeel getref word. [6] *Hulle het mag*: die getuies word deur God toegerus rnet die bevoegdheid om deur plae hulle getuienis te bevestig, vgl. ook Mark. 16 : 20. Dit gaan hier eintlik om die geestelike mag van die kerk, vgl. Matt. 16 : 19; 18 : 18; Joh. 20 : 21 v*. om die hemel te sluit* . . . . *val nie*: soos Elia gedoen het, 1 Kon. 17. *in die dae . . . profesie*: tydens hulle werksaamheid as getuies; die amp staan dus in diens van die uitoefening van hulle opdrag. *oor die waters . . . . verander*: soos Moses, Ex. 7 : 20 v. *die aarde . . . . allerhande plae*: soos in Egipte gebeur het, Ex. 7 v. *so dikwels as hulle wil*: nie willekeurig nie, maar in diens van die getuienis wanneer hulle dit noodsaaldik vind om 'n plaag te gebied, het hulle ook daartoe die mag. [7] *wanneer hulle . . . . voleindig het:* ondanks teenstand breek die tyd aan wanneer die kerk sy getuienis in die wêreld voltooi het, volgens die opdrag van Matt.24 : 14*. die dier wat uit die afgrond opkom*: die vyand, in die gestalte van 'n wilde, verskeurende dier, maak sy verskyning uit die afgrond, die verblyfplek van die bose geeste, vgl. 9 : 2. Hy is dieselfde as die van 13 : 3 v. en 17 : 8 v., nl. die Antichris, wat voorgee dat hy God is, 2 Thess. 2 : 3 v., om sodoende die gelowiges te verwar en te verlei; vgl ook 1 Joh 2 : 18. teen hulle oorlog voer: met al sy mag teen die getuies optrek, i.p.v. hulle getuienis aan te neem; vgl. ook 12 : 17; 13 : 7; 19 : 19. *hulle oorwin . . doodmaak*: die drie werkwoorde beklemtoon dat die bose magte geen rus sal ken nie totdat hulle die getuies finaal uit die weg geruim het. Terwyl die kerk in die hemel veilig bewaar is, sal die kerk op aarde in die onverbiddelike stryd gewikkel bly. Vgl Dan. 7. 7, 21. [*8 hulle lyke . . . . op die straat*: die verminkte liggame (vgl. Dieselfde woord in Mark 6:29) sal as teken van minagting op die openbare strate gelaat word. Dit gaan hier nie net om die twee getuies nie, maar om die ampsdraers in die gemeente van Christus, vgl. v. 4. *van die groot stad*: so word Babilon genoem, 17 : 5; 18 : 10; d.i. die wêreldstad, die setel van alle Gode vyandige magte, waarvan die karakter aangedui word deur die twee name *Sodom en Egipte*. Sodom: die plek van hemel tergende goddeloosheid, vgl. Gen. 19; Deut. 32 : 32; Jes. 1 : 9 v 3 :9 Jer 23:14 Eseg. 16 : 46 v*. Egipte*: die plek waar die volk van God in die uiterste verdrukking verkeer, Ex 1 : 8-22; 20 : 2; Deut. 4 : 20; Jes. 10 : 24, en wat as vyand van. God optree, Ex. 5 : 2; Jer. 46 : 11. *waar ook . . . . gekruisig* is: 'n herinnering aan die haat teen Jesus wat daar in Jerusalem was en as gevolg waarvan Hy gekruisig is. So sal die haat teen die gemeente in die wêreldstad ontbrand dat hulle as 't ware by herhaling Christus sal kruisig deur die bloedige verdrukking van die gemeente. [9] *mense uit . . . . nasies*: vgl. by 5 : 9; 8 : 9; 10 verteenwoordigers van die hele mensheid *sal hulle lyke . . . . sien*, d.i. die bewyse sien van die oor-

en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat die twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. 11)En na die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. 12)En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê : Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hu1 vyande het hulle aanskou. 13) En in die uur het daar 'n groot aardbewing gekom,en 'n tiende van die stad het geval, en seweduisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring.

winning van die dier uit die afgrond oor die getuies en die gemeente van Christus. *drie en 'n halwe dag*: in vergelyking met die tyd waarin daar geprofeteer word, nl. 1,260 dae, v. 3, is die tydperk waarin die kerk neergewerp_word, slegs heel kort : 31/2 dag of 'n 360 ste deel van die 1,260 dae. Die getal 31/2 is die helfte van 7, die volkome getal in Gods handelinge met die mense, vgl. 1 : 20, m a.w. dit is 'n onderbroke tydperk, omdat God ingryp om daaraan 'n einde te maak; Hy verkort die dae ter wille van die uitverkorenes, vgl. Matt. 24 : 22. *nie toelaat … gelê word nie*: die minste eer wat aan 'n dooie bewys kan word, nl. 'n graf, vgl. Ps. 79 : 2 v, word aan hulle nie gegun nie; daaruit blyk weer die verharding en Godsveragting [10] *Die bewoners van die aarde*: vgl. 3 : 10; 6 : 10; 8 : 13
e.a.; d.i alle mense vir sovêr hulle tot die groot stad, v. 8, behoort, en dus teen God en Sy diens in opstand verkeer.*sal bly . . . . wees . . . . geskenke stuur*: omdat die getuienis wat aan die oordeel van God herinner, gesmoor sal wees; vgl die totstandkommg van die Purimfees, Est. 9 : 19 v. *omdat die twee . . . . gepynig het* : die getroue getuienis van die kerk deur sy ampte en deur die gemeente as sodanig pynig die gewete, vgl. 1 Kon. 22 : 8, 18. [11] *En na . . . . dag:* vgl. v. 9. *'n gees ingegaan*: vgl. Gen. 2 : 7; Eseg. 37 : 4 v.; deur 'n herskeppende daad van God kom die getuies tot nuwe lewe juis op 'n tydstip wanneer die wêreld meen dat hulle finaal weggeruim is. *het op hulle voete gaan staan*: andermaal slaggereed; hierin lê 'n verwysing na die opwekking van die gelowiges by die voleinding, 1 Thess. 4 : 14-16. *en'n groot vrees . . . . aanskou het:* die skrik ontstaan nie bloot omdat die dooies weer lewendig word nie maar omdat daarmee bekend word dat die stryd teen Christus, Sy kerk en Sy getuienis verlore is. Die gbeurtenis kondig die nederlaag van alle teenstanders aan [12] *En hulle ….hoor sê* die stem word deur almal gehoor, maar is gerig tot die twee getuies; die strydende kerk word opgeneem in heerlikheid, vgl. 1 Thess. 4 : 17. *Kom op hierheen*: in die wolk, vgl. b 10 : 1. *Het opgevaar . . . . in die wolk*: vgl. by 10:1 het opgevaar.. in die wolk vgl. By 1 Thess.4:17 hul vyande aanskou: met ontsteltenis *bewing* wanneer die Here Sy trou aan Sy getuies bevesig, tref ‘n ontsettende aardbewing die beeld van die toekomstige oordeel, vgl 6:12 die aarde *en 'n tiende . . . . geval*: die wêreldstad, v. 8, as beeld van die mensheid wat God verwerp, word getref. *Die tiende* is 'n



14)Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou.
11:15 19 *Die sewende basuin*
15)En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.16)En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: 17)Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. [ 18] En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete,

klein gedeelte, vgl. Jes. 6 : 13, en dui op die lankmoedigheid van God; maar 10 is ook die getal van volkomenheid, wat hier deur die wegneem van 'n tiende verbreek word; m.a.w. hiermee word gesê dat die oordeel reeds begin intree. *seweduisend mense*, lett. „ . . . . name van mense" Daarmee word verklaar dat mense wat met hul name aangedui word, en dus by God bekend is, doodgemaak word. Die oordeel is persoonlik gerig. Die getal 7 x 1000 is die getal wat Gods handeling met die mense voorstel, vgl. by 1 : 20, verbonde met die getal wat 'n baie groot menigte aandui, ook in verband met die omvang van die straf, vgl. Ps. 91:7.*het bevrees geword*: beangs, maar ook met ontsag vervul, vgl. Luk. 24 : 5, 37. *en aan, God . . . .toegebring:* vgl. Ps. 115 : 3; dit was 'n neerbuiging voor die glorie van God, maar geen waaragtige bekering nie, soos ook in Dan. 2 : 29; 4 : 37 en 1 Kon. 18 : 39. [14] *Die tweede wee*: die eindgerig is dit nog nie, maar die tweede van drie aangekondigde weë, vgl. by 8 : 13; 9 : 12. 14)Die tweede wee is swaarder as die eerste, en die derde nog swaarder, omdat daarmee die einde intree. Dit omvat alles wat na die blaas van die sewende basuin gebeur, 11 : 15 v. 15-19. *Die sewende basuin*: die heerskappy bly tog in Gods hand. [15] *die sewende engel*: d.i. die laaste van die in 8 : 2 genoem. *en*

*daar was . . . . hemel:* 'n lofgejuig gaan op, blykbaar van die vier lewende wesens as verteenwoordigers van die hele skepping, vgl. 4 : 6; of ook van die engeleskaar. *Die koninkryke . . . . geword,'*n beter tekslesing lui : „die koningsheerskappy oor die wêreld het . . . . " Ondanks die skyn dat Gode vyandige magte gesag voer, het God Hom nou geopenbaar as die Eienaar, die Beskikker oor alle heerskappy *en van sy Christus*: die heerskappy van God word gevestig en uitgeoefen deur Sy Gesalfde,Christus, vgl. Ps. 2; Dan. 7 : 13 v.; Matt. 28 : 18; Joh. 3 : 35; 5 : 27; 1 Kor. 15 : 24 v. as *Koning . . . . ewigheid*: die vestiging van Sy heerskappy vir ewig beteken meteen die onderwerping van alle vyande, vgl. Jes 63 : 1-6. [16] *die vier-en-twintig ouderlinge*: vgl. by 4 : 4, *op hulle aangesig . . . . aanbid*: vgl. 4 : 10; as verteenwoordigers van die gemeente van verlostes bring hulle Hom dank toe vir die oorwinning oor die vyande. [17*] Here God .. wat kom*: vgl. by 1 : 4, 8; 4 : 8. *dat U . . . . mag aangeneem het*: waardeur nou ten volle blyk wie Hy is, *en as koning geheers* het. d.i. as koning opgetree het tot heil van Sy eiendom en tot ondergang van Sy vyande. [18] die nasies was vertoornd: die Gode vyandige mensheid. soos dit in volke onderskei is, het teen die heerskappy van God in verset gekom, vgl. Ps. 2 : 1 *en u toorn het gekom*: die toorn van die heidene lok daarteenoor die toorn van God uit, wat dan in sy volle krag die eindbeslissing aanbring. *die tyd van die dode:* op die tyd deur God

## OPENBARING 11, 12

> en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot,en om die verderwers van die aarde te verderf. [19] En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. 12: 1-6 *Die vrou en die draak* [1] En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;

bepaal, moet al die dode voor Sy regterstoel verskyn vgl Mal. 3: 14- 4 : 2; Hand. 17 : 31; Rom. 14 10; 2 Kor. 5 10; 11 : 15; Efes. 6 :8 *en om die loon te. gee*: loon is weg gelê namate daar gearbei of gely is, vgl. 22 : 12; Matt. 10 : 40-42; 2 Kor. 5 : 10; Hebr. 11 : 26, maar ook dan bly dit genadeloon, vgl. Luk. 17 : 10. *aan u diensknegte, die profete*: vgl. 10 : 7; 22 : 6; d.i. besondere diensknegte wat hulle getuienis in die wëreld laat hoor, vgl. v. 3 v. en 10. *en aan die heiliges*: diegene wat hulle afgesonder het van die wêreld en die sonde en hulle aan God toegewy het, vgl. 5 : 8; 8 : 3. *en aan die . . . . vrees*: dieselfde as die heiliges, nou geteken as diegene wat met eerbied en ontsag vir die lewende God vervul is, vgl. 19 : 5; Mal. 4 : 2. *klein en groot*: vgl. 13 : 16; 19 : 5; 20 : 12; Ps. 115 : 13; daarmee word bedoel die gemeente van gelowiges soos saamgestel uit jonk en. oud, ryk en arm, eenvoudiges en aansienlikes; by die beloning sal nie een gemis word nie. en om *die verderwers . . . . verderf*: teenoor die loon van die heiliges ontvang diegene wat deur hul vyandskap teen God verderf op aarde aangerig het, die veroordeling tot die ewige verderf. [19] *En die tempel . . . oopgegaan*: hierin is 'n verwysing na die voorbeeld in die hemel waarvolgens die tempel in Jerusalem en ook die tabernakel gemaak is, vgl. Ex 25 : 9, 40; 1 Kron. 28 . 11 v.; Hebr. 9 : 11, 24. Die binnenste heiligdom, die Allerheiligste, is vir die oë van die volk verborge agter die voorhangsel; daar woon God in die verborgenheid, en van daar gaan Sy werkinge uit, vgl. Ps. 73 . 17. Met die koms van Christus word die verborgenheid ontsluit, sodat die heerlikheid van God in volle luister sigbaar word. *en sy verbondsark . . . . gesien*: by Israel is die ark die troon. van God, Ex 25 : 22; *en daarin word die tafels van die Wet bewaar,* Ex. 25 : 16; 40 : 20; die bedoeling is dus dat die Here kragtens Sy verbondstrou sal regeer en oordeel. *en daar was weerligte . . . . hael*: vgl. by 4 5; 8 : 5, 7. Met hfst. 12 begin 'n nuwe visioen, waarin nog eens die wëreldgeskiedenis oorskou word van die geboorte van Christus af. Tans egter word die diepe oorsake van die stryd teen die kerk blootgelê, deurdat dit aangewys word as 'n stryd van Satan teen God en Jesus Christus. In 12 . 1-12 word die vestiging van die koningsheerskappy van God en die oorwinning oor Satan uitgebeeld, in 12 : 13-13 : 18 word die vrugtelose stryd van die Satan teen die heerskappy van God beskryf. 12 : 1-6 Die vrou word bedreig deur die draak. [1] *'n groot teken . . . . versky*n: hoog in die lug verskyn 'n wonderbare visioen, genoem 'n teken, vgl. 1 : 1, om te kenne te gee dat dit 'n simboliese voorstelling is en dus nie letterlik verstaan moet word nie. *'n vrou*: die kerk van Christus word voorgestel as 'n vrou, 19 : 7; 21 : 9; vgl. Jes. 54 : 5; Hos. 2 : 1; Joh 3 29; Efes. 5 : 32; 2 Joh. I. met die son bekleed: vgl. 7 : 9; as teken van hoogheid en heerlikheid. *die maan . . . . voete* 'n beeld wat heerskappy uitdruk, vgl. Ps. 8 : 7. *'n kroon van twaalf sterre:* die kroon as teken van oorwinning, vgl. 2 10; 4 : 4; 6 : 2; en *twaalf sterre*, d.i. 3 x 4, die getal van die Goddelike, vermenigvuldig met die getal van die mensheid of die skepping, vgl. by 1 : 20, waardeur die volkomenheid van die oorwinning en heerskappy oor die hele wêreld uitgedruk is. Die vrou is dus begiftig met heerlikheid en heerskappy, vgl. Num. 24 : 17; Jes. 60 : 20; Dan. 12 : 3; Matt. 13 : 43; 17 : 2; 1 Kor. 15 : 41, as beeld van die nuwe mensheid, die kerk van Christus op aarde wat tot oorwinning bestem is, vgl. Matt.

2)en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. 3)En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.
5)En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. 6)En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het

16 : 18. [2] *en sy was swanger ....barensnood:* uit die Israel van God, die Ou- Testamentiese gemeente, sou volgens die belofte die Messias voortkom; en in daardie Ou-Testamentiese gemeente is die Nieu-Testamentiese gemeente reeds potensieel aanwesig, sodat die kerk as geheel as 't ware die Messias moet baar. Vers 1 teken die kerk op aarde in haar heerlikheid; v. 2 laat haar sien in die worsteling en stryd van Messiaanse verwagting en hoop. [3*] 'n ander teken . . . . verskyn*: die teenoorgestelde van die eerste teken, v. 1: afskuwelik en skrikaanjaend. *'n groot . . . . draak*: d.i. 'n slang , vgl. V. 9; Deut. 32 : 33; die gedaante waarin die Satan eertyds verskyn het om die mens te verlei, vgl. Gen. 3 : 1 v. *vuurrooi*: die kleur wat sy bloeddorstigheid en sy verderwende aard aandui, vgl. 6 : 4. met sewe koppe en tien horings: vgl. ook by 13 : 1; 17 : 3 v. Die koppe kan dui op die setel van listigheid, Gen.3 : 1; vgl. met 3 : 15; en die horings op sy krag, vgl. Ps. 75 : 11; maar moet eerder verklaar word as wêreldryke en kleiner koninkryke waaroor Satan mag het, vgl. Matt. 4 : 8 v. Die getal 7 dui weer op 'n handeling van God met die wêreld, vgl. 1 : 20; en die 10 bring die volkomenheid tot uitdrukking, vgl. by 7 4. Die Satan oefen heerskappy oor die wêreld uit, maar die opperheerskappy rus steeds in die hande van God*. en . . . . sewe krone:* sinnebeelde van regeermag, 13 : 1; 19 : 12, en van oorwinning, 2 : 10; 4 : 4; 6 : 2; 9 : 7. Op die aarde en oor die aardse koninkryke sal hy oorwinnaar wees as owerste van die wêreld, Joh. 12 : 31; Efes. 2 : 2; 6 : 12. [4] *sy stert . . . . meegesleep*: met sterre word engele bedoel, vgl. Job 38 : 7; ook Openb. 8 : 10; 9 : 1; 12 : 7, wat deur Satan meegesleur is in sy val. 'n Derde, vgl. 8 : 7,is 'n groot deel, maar tog nog die minderheid. op die aarde gegooi: onherroeplik is die gevalle engele uit die hemel gewerp, 2 Pet. 2 : 4; Jud. : 6; 'n tyd lank vertoef hul1e op die aarde om verderf te werk, en word daarna deur die ewige oordeel getref. En *die draak . . . gebaar het:* vgl. v. 3. Die draak neem stelling in en bly voor die vrou staan ten einde d.i, die Christus wat gebore sou word, te verslind wanneer Hy kom. Hierdie Kind, voorspel in Gen. 3 : 15, maak 'n einde aan die heerskappy van die draak, vgl. 1 Joh. 3 : 8. [5] *'n manlike kind gebaar*: met al sy bedreiginge kon die Satan nie verhinder dat die Seun, Jesus Christus, gebore sou word nie, vgl. Luk. 2 : 7. *wat al die nasies*: d.i. die Gode vyandige volke, 2 : 26; die Kind, d.i.11 : 2, of ook alle volke in die algemeen. *met 'n ystersepter*: vgl. Ps. 2 : 9, d.i. met strengheid en neerwerpende krag. *sal regeer,* lett. : sal hoed, soos 'n herder sy skape, d.i. hulle op so 'n wyse sa1 regeer dat hulle teen die koninkryk van God niks vermag nie. *en haar kind ….troon*: deur goddelike ingryping word die Kind, d.i. Jesus, uit die kloue van
Satan gered Sy lyding, kruisiging, sterwe en hemelvaart word in die een woord saamgevat *: weggeruk* Daardeur is Hy deur God geregverdig en verheerlik op Sy troon, van waar Hy ewige heerskappy uitoefen, vgl. Jes. 9:5 v. [6] *die vrou het . . . . gevlug*: aangesien die draak die Kind



wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.
12: 7-12Die stryd van die draak in die hemel en sy nederlaag [7] En daar het oorlog in die hemel gekom:
Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;
8)en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie
9)En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. 10)Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword,en die mag van sy Christus;

nie kan oorweldig nie, wend hy hom tot die vrou, d.i. die kerk van Christus; maar die vrou vlug in die woestyn om daar, net soos Israel, Ex 15 v., lyding, ontbering en stryd te verduur totdat die tyd aanbreek vir die intog in die Kanaan van heerlikheid. Net soos Israel trek die kerk hom terug in die eensaamheid om hom volkome op God te verlaat en deur God self bewaar en versorg te word. *waar sy 'n plek . . . . is*: God self bied 'n skuilplek vir Sy gemeente. *dat hulle . . . . onderhou*: die versorging geskied deur persone of omstandighede wat die Here daartoe gebruik. duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank: vgl.

by 11 : 2, 3. 7-12. In die hemel is die stryd reeds besleg; op die aarde het dit nog sy nawerking. [7]*En daar het oorlog* . . . gekom: wanneer Christus verhoog word, bestorm die Satan en sy leërmagte die hemel om, indien moontlik, Hom weer aan te gryp; die stryd loop egter uit op die neerwerping van die Satan deur die hemelse strydmagte, v. 9. *Migael en sy engele:*die verhewenheid van God en Christus blyk daaruit dat hulle nie self teen Satan optrek nie, maar daartoe 'n aartsengel, Migael, uitstuur. Die engel word in Dan. 12 : 1 (vgl. 10 : 13, 21) aangewys as die beskermer van Israel, en mitsdien ook van die geestelike Israel; ook genoem in Jud. : 9. Die naam beteken Wie is soos God ? [8] *en hulle . . . . oorwin nie*, lett. : niks vermag nie; 'n. beter lesing is : hy i.p.v. hulle. en *hulle plek . . . . te vinde ni*e: vgl. 20 : 11; Dan. 2 : 35. Voorheen kon die Satan voor God verskyn om die mens aan te kla, vgl. Job 1 : 6; 2 : 1; vgl. 1 Kon. 22 : 19-22; Sag. 3 : 1; na die verhoging van Christus is hy finaal uitgesluit uit die hemel. Hy is reeds oorwin, vgl. Jud. : 6. [9] Die identiteit van die *groot draak* word bekend gemaak. *Hy is die ou slang*: vgl. Gen.
3, so genoem weens sy sluipende sluheid; *duiwel* d.i. die aanklaer of lasteraar van God en Sy volk, vgl. v. 10; en Satan: d.i.die teenstander van God en Sy volk, vgl. Matt. 16 : 23, wat alles doen om hulle van hul plek te verdring. *wat die hele wêreld verlei*: eintlik, wat voortdurend besig is om die hele mensheid te verlei ten einde die raadsplan van God te probeer verydel, vgl. Joh. 8 : 44. en sy engele: v. 4 en 7. *is neergewerp:* die woord word drie maal herhaal, om die volstrekte oorwinning oor die Satan te beklemtoon. Van die hoogte van sy mag is hy met geweld neergeslinger, vgl. Luk 10 : 18; Joh. 12 : 31. Waar Jesus is, word die rnag van Satan gebreek, vgl. 1 Joh.3 : 8. [10*] 'n groot stem in die hemel*: vgl. 6 : 10; 8 : 3; 11 . 12. *Nou het . . . . die eiendom van onse God geword*, lett. : nou het geword die heil en die krag en die koningskap van onse God,

## OPENBARING 12

want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. 11)En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam. en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. 12)Daarom, wees verheug,o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. 13-*17 Die vrou word deur die draak vervolg* 13)En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; 14)maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek kon vlieg,

d. w s dit het verskyn, is geopenbaar of is gerealiseer. *die heil*: redding, verlossing, volle saligheid, vgl. 7 : 10. *en die krag* die mag om te doen wat Hy verkies, v 1. by 4 : 11; 5 : 12.*en die koningskap*: die uitoefening van die koninklike heerskappy, vgl 11 : 15; 17 : 12, 17, 18. *en die mag van sy Christus* - die gesag of bevoegdheid van die Gesalfde van God om te regeer oor alle dinge, vgl. Matt. 28 : 18. *want die aanklaer . . . . voor onse* God: vg1. by v. 8 en 9.Onafgebroke tree Satan op as aanklaer van die gelowiges, *die broeders*, vgl 1 :9 Joh.20: 17, in die hoop dat God hulle weens hul sonde sal verwerp, vgl. Sag. 3 . 1-6. 11) *Hulle oorwin*: vir die gelowiges is die oorwinning verseël in die feit dat Christus Satan neergewerp het. deur *die bloed van die Lam*: omdat die bloed van die Lam, omdat die bloed die grond is vir die afwysing van Satan. se beskuldiginge, vgl. 5 6, 9. en deur die *woord . . .getuienis*: vanweë hul onbevreesde getuienis in die wëreld aangaande die Woord waarvan die Christus die inhoud is, vgl. Joh. 15 : 26 v. *en hulle het . . . . liefgehad nie:* vgl. Joh. 12 : 25; hulle het getrouheid aan Christus as 'n hoër eis dan liefde vir eie lewe gehandhaaf. Daarom verkry hulle die neerwerping van Satan as genadeloon, vgl. 11 : 18. [12] *Daarom . . woon*: in die hemel en onder hemelbewoners kan daar vreugde wees omdat Satan uitgewerp is. *wee die bewoners . . . . die see* . die meeste manuskripte het: wee die aarde en die see. Omdat die duiwel neergewerp is op die aarde en hy God nie meer kan bereik nie, probeer hy hom wreek op die mense, waar hulle hul ook al mag bevind, op land of op see. *met groot woede*: vgl. v. 9; omdat hy met geweld uitgeban is, wil hy hom met geweld wreek en laat hy hy hom deur niks beteuel nie. *omdat . . . . min tyd het*: hy weet dat sy uiteinde die vuurpoel is, 20:10; daarom span hy al sy kragte in om ontsettende ellende te bewerk. Die feit dat hy daartoe min tyd het, is egter ook 'n woord van troos vir die gelowiges. 13-17. Die draak sit sy stryd teen die vrou voort. [13] *En toe die draak . . . . aarde:* by v. 3 en 9; wanneer die draak sien of besef dat hy uitgewerp is, begin hy 'n laaste geweldige aanslag teen die vrou, vgl. v. 4 en 5. Omdat hy die manlike Kind nie kan bereik nie, probeer hy om die vrou, die gemeente, te oorweldig *As vrou* word die gemeente in haar swakheid en weerloosheid voorgestel. [14] *maar die twee vlerke . . . . gegee*: (vgl. Dieselfde segging in 8:2 9:1,3) twee bekende vlerke gegee waarmee die gemeente veilige oord kan wyk. Moontlik is die twee vlerke te verstaan as die geloof (vgl. Matt. 17 : 20; Mark '"

waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. 15)En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. 16)En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. 17)En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te over teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou. 12.8-13 : 10 *Die dier wat uit die see opkom* 18)En ek het op die sand van die see gaan staan.

9 : 23; Efes. 6 : 16; 1 Joh. 5 : 4) en die gebed (vgl. Joh. 14 : 13, 14; Mark. 11 : 24; Jak. 5 : 15 v.), op grond waarvan die Here Sy gemeente uit die benoudheid red. *na die woestyn …….plek*: vgl. by v. 6. *waar sy . . . . onderhou word*: al verkeer die kerk nog in die wêreld, Sorg die Here vir 'n plek van veiligheid, waar sy buite bereik van die Satan is en deur Christus versorg word. Blykbaar is hier 'n sinspeling op die binding van Satan vir duisend jaar, vgl. 20 : 2*'n tyd en tye en 'n halwe tyd*: vg1. by 11 : 2. [15] *En die slang . . . . uitgegooi:* omdat hy nie by magte is om die vrou in haar skuilplek te bereik nie, probeer hy haar wegsleur deur 'n waterstroom, vgl. Ps. 18 : 5, waarby gedink moet word aan strome van onheil, Ps. 32 : 6; 124 : 4; Jes. 43 : 2; of ook die aardse lewe met sy sorge en moeite, waardeur die gelowiges en die gemeentes so maklik van God vervreemd kan word, vgl. Matt. 13 : 22. *om haar . . . .rivier* die aardse en tydelike dinge kom soos 'n magtige rivier om die gemeente mee te voer, weg van God af. [16] *die aarde . . . . opgesluk*: die wêreld vang die stroom van onheil op,soos die woestynsand 'n rivier sou laat wegsak, en kom also die vrou, d.i. die kerk, te hulp. Dus, as die kerk op aarde in haar plek van veiligheid,
v. 14, bly, d.i. naby Christus, vermag die duiwel niks teen haar nie. [17] *die draak was vertoornd*: omdat sy poging om die vrou te oorweldig, verydel is, ontbrand hy in verhoogde woede teen die vrou, d.i. die kerk. en *hy het…..te voer*: naas sy taktiek van verleiding sou hy voortaan ook geweld aanwend ten einde te vernietig. *teen haar ander nakomelinge*: die aanval van die draak is eers gerig teen die Kind, daarna teen die vrou en eindelik teen die orige van haar saad. Wanneer die aanval teen die kerk as geheel misluk, word die enkele gelowiges en die verspreide gemeentes verlei en verdruk, bv. die steniging van Stefanus, Hand. 6 : 8 v., en in die daaropvolgende vervolging van die gemeente in Jerusalem, Hand. 8 : 1 v.; 12 : 1 v., en in Rome onder Nero. *wat die gebooie . . . . Christus hou*: diegene wat in hul daagliks lewe God gevrees en Christus bely en nie verloën het nie, vgl. Matt. 10 : 32. In sy stryd *teen haar ander nakomelinge*, v. 17, laat die draak twee skrikwekkende helpers op die wêreldtoneel te voorskyn tree, nl. die dier uit die see, 13: 110, en die dier uit die aarde, 13 : 11-18. 12:18-13 : 10. Die dier uit die see verlei die mense tot bewondering van homself en tot aanbidding van die draak. [18] *En ek het . . . . gaan staan:* die beste teks het : hy i.p.v. ek, m.a.w. die draak stel hom op die seestrand en bewerk die opkoms van die dier uit die see. *Die see*: d.i. die volkesee, die hele mensheid in sy staatkundige en nasionale indeling, vgl. Ps. 65 : 8; Jes. 17 12; ook die element van die draak, Jes. 27 : 1; die beeld van woelende ongeregtigheid, Jes. 57 : 20; van hoogmoed teen God, Ps. 89 10; van geweld, Job 38 : 11;

## OPENBARING 13

13 En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. 2)En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd,en sy pote soos die van 'n beer. En sy bek soos die van 'n leeu. en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.3) En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. 4) En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Ps. 93 : 4. Uit daardie agtergrond kom die eerste dier op. [13 : 1*] 'n dier uit die see* die aangekondigde dier uit die afgrond, 11 : 7, maak nou sy verskyning. In voorkoms gelyk hy op die draak, 12 :3, waardeur sy verwantskap in wese en sy duiwelse aard geopenbaar word Omdat hy *opkom uit die see*, d.i. die volkesee, vgl. 12 : 18, moet hy opgevat word as die verpersoonliking van wêreldheerskappy. *met sewe koppe en tien horings*: beste tekslesing keer die volgorde om; vergelyk die betekenis by 12 : 3 Die antichristelike wêreldheerskappy openbaar hom in 'n verskeidenheid van wêreldryke en kleiner state. en *op sy horings tien krone*: die draak dra krone op sy sewe koppe, 12 : 3; die dier uit die see dra krone op sy tien horings; die horings simboliseer sy mag, vgl. 5 : 6, en die krone sy heerserswaardigheid, vgl. 12 : 3. en *op sy koppe .. godslastering*: 'n beter lesing is : name i.p.v. naam, m.a.w. elke kop dra afsonderlik 'n naam waarin alles wat God-onterend is, uitgedruk word, of ook die toeëiening van die Naam van God self, vgl. 2 Thess. 2 : 4, soos die Romeinse keisers in die tyd van Johannes gedoen het.

[2*] soos 'n luiperd . . . . van 'n leeu:* met die tekening word sy bloeddorstigheid en verskeurende geweld geteken. Die beskrywing herinner aan die vier diere in Dan. 7 : 2-8, maar nou saamgevat as een dier met die eienskappe van die luiperd, die beer en die 1eeu. Die luiperd is onverandelik van aard in sy stuheid, Jer. 13 : 23; bloeddorstig, Hos. 13 : 7; en vinnig van beweging, Hab. 1 : 8. Die beer is bekend vir sy volharding; die leeu vir sy moed, krag en wreedheid. *en die draak . . . groot mag:* die wêrerldryke en hulle maghebbers word die instrumente van die draak. die Satan aan wie hy onder die toelating van God, gesag en heerkappy en mag gee. Die woorde dui op 'n troonsbestyging van die dier uit die see, eintlik ‘n sataniese nabootsing van die huldiging van die Lam vgl. 5:12 3) een van sy koppe . . . . gewond was , letterlik: asof geslag tot die dood toe. m.a.w. dieselfde uitdrukking soos gebruik ten opsigte van die Lam as geslag, 5 : 6, sodat ook hier ‘n nabootsing van Christus aanwesig is. Dieselfde geld vir die herstel van die wond wat sinspeel op die opstanding van Christus. Dit gaan dus om om die teen-Christus of Antichris die kop versinnebeeld ‘n wêreldryk wat met uitwissing bedreig word maar daar kom ‘n onverwagte herstel die vermoë van die draak word nie kragteloos gemaak nie. *En die hele wêreld . . . . gegaan*: die Satanswonder, wat gelyk is aan die terughaal van 'n sterwende tot die die lewe wek algemene verering onder die mensemassas sodat diê enkele uitsonderinge, vgl. 8, nie opgemerk word nie. 4) *het die draak aanbid*: net soos God aanbid word, vgl. 3 : 9; 4 10 e a. Die parallel met die verhouding tussen God en Christus word verder deurgevoer deur

## OPENBARING 13

> 5) 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen. 6) En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. 7) Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin,
> en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. 8) En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. 9) As iemand 'n oor het, laat hom hoor.10) As iemand krygsgevangenes maak,

die antigoddelike en anti-Christelike teenstanders. Net soos die dade van Christus tot verheerliking van God strek, vgl. Matt. 9 : 8, so lei die wondere van. die dier tot aanbidding van die draak. Daarmee geskied 'n gruwelike ontering van God en ‘n smading van Christus. *Wie kan . . . . voer*: die godslastering in hierdie vrae blyk wanneer dit vergelyk word met Ex. 15 : 11. Aanbidding van die draak en die dier lei tot slaafse onderhorigheid aan hulle. [5] *En 'n mond is . . . gegee*: ook in sy verheffing teen God is die dier van Hom en Sy toelating afhanklik, vgl. 6 : 4; 7 : 2; 9”: 2. Elke wêreldryk ontvang van God sy mag om hom gedurende die tyd van Gods toelating teen die Here te verhef. vgl. Dan. 7; 2 Thess. 2 : *wat groot woorde . . . . uitspreek*: om hom deur aanmatigende uitsprake en lastering teen God te verhef, vgl. Dan. 7 : 8, 11, 20; 11 : 36. *twee-en-veertig maande lank* vgl by 11 :2 6) *hy het sy mond oopgemaak*: d.w.s. hy het voortgegaan om sekere oorwoë en plegtige uitsprake te doen, vgl. Matt. 5 : 2; 13 : 35. *teen God*: die eintlike aanval is teen God gerig:dit gaan om alles wat antigoddelik is. In drie rigtings gaan die aanval van lastering, n1. teen sy *Naam*: d i. Sy heilige wese, vgl. 2 : 3; en sy tabernakel: d.i. Sy woning onder sondige mensekinders op aarde of ook alles wat die aanbidding van God deur die mense ten nouste raak; *en die wat in die hemel woon,* die gelowiges op aarde, wie se burgerskap in die hemel is vgl Fil 3:20 7) *Dit is ….gegee*: Ook hier geskied alles onder die beskikking van God, vgl. vgl. v. 5. Die waarheid is tegelyk skrikwekkend en vertroostend. *om oorlog . . . . te oorwin* die voorspelling van 11 : 7-10; Dan. 7 : 21, gaan in vervulling aan die gemeente; dit geskied onder Gods bestel en daarom binne die grense deur Hom bepaal: Sy gemeente mag oorwin word, maar nie vernietig word nie, vgl. 1 Kon 19:18 *en aan hom ….nasie*: God laat toe dat die mag van die dier, d.i. van die wêreldheerskappy die mensheid in al sy geledinge omspan ,oënskynlik sonder uitsondering vereer alle mense die Antichris met goddelike aanbidding vgl 9:20 tog is daar nog ‘n gemeente van getroues *in die boek van die lewe van die Lam :* by 3:5 , 21:27 ook 17:8 20: 15, 22: 19 wat geslag is vgl 5:6 , *van die grondlegging van die wêreld af* d.i. kragtens die soewereine beskikking van. God, vgl. 17 : 8; Job 38 : 4; Matt. 25 : 34; Joh. 17 : 24; Efes. 1 : 4. Hy het van ewigheid af alle dinge bepaal en Hom voorgeneem om Sy uitverkorenes ewiglik te bewaar. Dus, wat hulle ook al mag tref, bly hulle versekerd van Sy bewaring [9] *As iemand . . . .hoor*: vgl 2:7 , 11 e.a. Die uitspraak dien hier om te beklemtoon dat die voorafgaande woord beslissend is. [10] as iemand tot gevangenskap bestem

## OPENBARING 13

> gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.

13)11-18 *Die dier wat uit die aarde opkom* 11)En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. 12) En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë,en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. 13) Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel

is, vgl. Jer. 15 : 2; 43 : 11; of beter: indien iemand tot gevangenskap lei, *gaan hy . . ..* Volgens laasgenoemde vertaling word hier verklaar dat die teenstanders van die gemeente wat die gelowiges tot gevangenskap weglei, uiteindelik self in die gevangenis tereg sal kom. *as iemand . . . . doodgemaak word*: d.i. diegene wat die gemeente gewelddadig uitroei, sal self deur die swaard sterf, vgl. Matt. 26 : 52. *die lydsaamheid*: vgl. 1 : 9; 2 : 2, 3, 19; 3 : 10; d.i. volharding, standvastigheid. *die geloof*: vgl. by 3 : 13, 19. Daarmee word die heiliges, d i die gelowiges, vermaan om in alles wat hulle mag tref, te volhard in die geduld en in die geloof, omdat God met die verdrukkers sal afreken, vgl. Joh. 10 : 28 v. 11-18. uit die aarde kom die tweede dier, die valse profeet, op. [11] *En uit die aarde:* die aarde is die teenoorgestelde van die hemel, sodat alles wat uit die aarde is, sonder hemelse eienskappe is, vgl. 1 Kor. 15 : 47, en daarby sondig, duiwels, vgl. Fil. 3 : 18-20; Jak. 3 : 14 v,en onder die heerskappy van die gees uit die afgrond, vgl. 9 : 2; 11 : 7, sodat dit teen God in opstand kom. Hierin hoort see en aarde bymekaar; eersgenoemde die mensheid as agtergrond, waaruit die eerste dier opkom, vgl. v. 1, en laasgenoemde as sigbare werklikheid waarin die geskiedenis hom afspeel. *'n ander dier sien opkom*: ook deur die draak besiel soos die eerste dier, v. 1 v., en in diens van die eerste gestel. *het twee horings gehad:* as tekens van mag, vgl. 5 : 6; 12 : 3; twee: d.i. voldoende, genoegsaam net *soos'n lam*: nie die skrikwekkende voorkoms van die eerste dier nie, v. 1, maar 'n nabootsing van die Lam, 5 : 6, om te kan verlei. gepraat soos 'n draak: daarmee is sy verwantskap met die draak, 12 : 3, geopenbaar. Deur sy spreke of getuienis oefen hy mag uit; daarom kan ons sê dat naas die antichristelike wêreldrnag, die eerste dier, daar nou ook verskyn die anti-christelike wêreldgees, wat in sy optrede die woord van Jesus bewaarheid, vg1 Matt. 7 : 15 ten opsigte van die wolf in skaapsklere. [12] *hy oefen .. . eerste dier uit:* die dier uit die aarde, die valse profeet, vgl. 16 : 13; 19 : 20, 20 : 10, ontvang sy mag van die dier uit die see, die op sy beurt is afhanklik van die draak, die Satan, v. 2, 4, 7. In nabootsing van die goddelike Drie-eenheid kom daar ‘n sataniese drie eenheid te staan nl. die draak Satan, en die dier uit die see, die Antichris, en die dier uit die aarde, die gees van valse rofesie. Teenoor eersgenoemde twee het laasgenoemde geen troon nie, en is daarom geen sigbare mag nie maar 'n geestelike mag, *voor sy oë:* aan hom onderworpe in uitvoering van sy welbehae, *en hy maak aanbid* hy berei die weg vir die verering van die eerste dier deur die aanbidding wat reeds. ontstaan het, v. 3 v-3 Hierdie genesing wat ‘n toespelings op Christus se kruisiging bevat is die wonder wat tot aanbidding lei en word daarom hier herhaal vgl. V.14 Hy doen … tekens: as bewys van sy mag verrig hy dragdade om daarmee die wondeere van Jesus n ate boots en mense te verlei, vgl 2 Thess 2:9 selfs vuur … op die aarde: ‘n wonder wat van oudsher aan God alleen toegeskryf word, Lev 9:23v

## OPENBARING 13

laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. [14] En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. [15] En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. 16)En hy maak dat aan almal,klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word, 17)sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.

10 : 2 e.a., en wat aan die Elia-geskiedenis herinner, vgl. 2 Kon. 1 : 10, 121 word in karikatuur deur hierdie dier bewerk. voor die oë van die mense: sodat hulle dit sien en dit daarom nie kan weerlê nie. [14] *hy verlei:* hy slaag uitnemend in sy bose oogmerk . *Die bewoners van die aarde*: , diegene wat hulle woning op die aarde het en nie na 'n hemelse stad uitsien nie, d.w.s. die ongelowiges en goddeloses, vgl. v. 12, 8 en 6. *dat hulle 'n beeld moet maak*: die doel van die verleiding is om godsdienstige verering vir die dier, die Antichris, tot stand te bring, sodat Christus self nie meer as Here aanbid sal word nie Die eerste lesers moet hierby stellig gedink het aan die Romeinse keisers wat hulle as gode en as „Here" in tempels laat vereer het. *wat die swaardwond . . . . geword* het: vgl. by v.3. [15] dit is hom gegee: vgl. by v. 2 en 12; asof hy beskikkingsreg het, wat alleen aan God toekom, deel die dier mag uit aan sy medewerker. *Om n gees . . . . te gee*: om die valse godsdiens sodanig te besiel dat dit die skyn van egte lewe sal aanneem .daardeur sal die dier wedywer met die werking van die Gees van God in Sy gemeente.sodat sal… praat: n getuienis aflê deur prediking soos die profete van ouds en die predikers van later hierin word die ware erediens nageboots. *en maak dat . . . aanbid nie:* tot die aanbidding van die beeld van die dier word met geweld verplig geen teenstand word geduld nie, vgl. Dan. 3. Daardeur is die deur tot martelaarskap opnuut geopen.16) *Aan almal . . slawe*: ook hier volstrek geen aansien van

die persoon nie, vgl. 6 : 15. *'n merk . . . gegee word*: deur 'n sigbare teken word almal wat aan die dier, die Antichris, behoort, kenbaar gemaak. Soos die doop 'n teken is om die toebehoring aan Christus aan te dui, word nou ook 'n teken van toebehoring aan Christus aan te dui,, word nou ook ‘n teken van toebehoring aan die teenstander van Christus gebruik. *op hulle regterhand en op hulle voorhoofde* d.i. op die hand waarmee gewerk word, en op die voorhoof waaragter die denke setel, m.a.w. aan die liggaamlike en geestelike arbeid word hierdie mense bekend as dienende die dier. [17] *sodat niemand . . . . verkoop nie*: in die handel en mitsdien in alle openbare verkeer word diegene uitgesluit wat nie aan die dier behoort nie, met die bedoeling om alle moontlikheid van 'n lewensbestaan aan hulle te ontneem. *die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam*, eintlik: die merk, die naam of die getal, m.a.w. die merk bestaan uit 'n naam of uit 'n getal waardeur die innerlike wese van die dier, die Antichris, kenbaar word Die naam is die uitdrukking van sy wese, vgl. 2 : 3; en die getal is die geheimsinnige weergawe van die naam in 'n sekere getalleverbinding, waardeur die

## OPENBARING 13, 14 [

18] Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig. 14: 1-5 Die Lam en sy vrygekooptes op die berg Sion 1)En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-enveertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. 2)En ek het 'n ge1uid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.

Getal ‘n bepaalde betekenis kry as simbolisering van die wese 18) Hier kom die wysheid te pas: die uitspraak loop parallel met die slot van v 10. Wysheid is die intuïtiewe en tegelyk praktiese oordeelkundigheid, vgl. 5:12 wat as gawe van God verkry word, Jak 1:5 *Wie die verstand het*: vgl by 17:9 waarvolgens daar ‘n verband is tussen wysheid en verstand; wie sy denke inspan, vind ook die wysheid en die oplossing van sy vraagstukke. *die getal . . . . bereken*: uitgaande van sekere gegewens, sal die getal herlei kan word tot die naam van die dier. *die getal van 'n mens*: d.i. die getal wat die naam van 'n bepaalde mens aandui Die dier uit die see vind dus sy finale beliggaming in 'n persoon wat op die toneel van die wêreldgeskiedenis te voorskyn sal tree. Daarom is dit die plig van die gelowiges om hulle met die berekening besig te hou; hul aardse bestaan hang immers ten nouste saam met die verskyning van die Antichris. sy getal is seshonderd-ses-en-sestig Die raaiselagtige getal kan op verskillende maniere verklaar word. Ons noem twee moontlikhede : vir eers word uitgegaan van die gewoonte in Hebreeus en Grieks om die letters van die alfabet te gebruik as syfers; daaruit ontstaan die praktyk om die letters van 'n naam aan te sien vir syfers en hulle totaal aan te gee as die getalwaarde van die naam, hiervolgens is vroeg reeds bereken dat die naam van keiser Nero die getalwaarde van 666 het. Ten tweede word uitgegaan van diesimboliese waarde wat getalle in Openbaring het, vgl. by 1: 20; 7 : 4; daarvolgens dui 7 God aan in Sy volkomenheid en in Sy handeling met die wêreld; verhoog tot 777, simboliseer dit die grote en heilige magsopenbaringe van God. Die Antichris wil aan God gelyk wees, vgl. 2 Thess. 2 : 4, maar is daartoe nie in staat nie; daarom word hy met 'n 6 aangedui,en verhoog tot 666 simboliseer die getal hom in al sy verskrikking en verheffing teen God; tog bly hy altyd minder as God en aan Hom onderworpe. Albei die vertolkinge van die betekenis van die getal kan gelyktydig gehandhaaf word. 14 : 1-5. Nadat die woede van die Satan geteken is, 13 : 1-18, word die gelowiges gesterk deur die versekering van bewaring deur die Lam, vgl. ook 7 : 1-8. [1] die Lam staan op die berg Sion: ondanks die krygsrumoer van Satan staan die Lam, d.i. Christus, 5 : 6,rustig, seevierend, op die berg Sion, dus op die aarde Die verwysing na Sion te Jerusalem in hierdie verband sinnebeeldig : die plek van Gods woning op aarde, Ps. 50 : 2;2 : 6, Jes. 8 : 18; Joël 3 : 17; die plek van hulp en redding, Ps. 14 : 7; 20 : 3; 128 : 5; Jer.31 : 12; Ob. 21; en van veiligheid en vastheid, Ps. 125 : 1; Miga 4 : 7, waar die koningskap van die Here gevestig is, Jer. 8 : 19; Miga 4 7; dus die plek van veilige bewaring van die gelowiges, waar God as ewige Koning heers en vrede skenk. met honderd-vier-enveertig duisend: nie een van die verseëldes , vgl. 7 : 4, word gemis nie. met sy *Naam . . . . voorhoofde geskrywe*: vgl. 3 : 12; tans blyk dat die verseëldes van 7:3 v. die Naam van die Lam en van die Vader die voorhoof dra as teken van toebehoring Aan hulle is duidelik sigbaar aan wie hulle behoort. Vgl 13: 16 vir die teenoorgestelde 2) *en ek het … gehoor*: Johannes bevind hom nou weer op aarde en hoor uit die hemel die lied van die vrygekooptes, soos baie waters: vgl. 1:15 dit .is. majestueus en plegtig, en soos,…. ‘n donderslag vgl. . 6:1; d.i. oorweldigend in krag . *die geluid van siters*: die innig

## OPENBARING 14

[3] En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend
wat van die aarde vrygekoop is. [4] Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie,

want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. [5] En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek *voor die troon van God*. ,,, ouderlinge 14 : 6-13 *Die engele wat die oordeel van God aankondig* [6] En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg

strelende begeleiding van die lied van hemelse blydskap, vgl. 5 : 8; 15 : 2; 18 : 22. [3] *hulle het . . . . gesing*, lett. : hulle sing, d.w.s. voortdurend is hulle aan die sing*; 'n nuwe lied* vgl. 5 : 9; 15 : 3; dit is nuut na inhoud en vorm, omdat nou die Lam in volle heerlikheid geopenbaar is en aan Hom deur die lied lof, eer en danksegging vir verlossing toegebring word. *voor die troon .... ouderlinge*: vgl. by 4 : 2-8, ook 5:8-10. en *niemand . . . . leer nie*: alleen die 144,000 wat langs 'n besondere weg van smarte,oorwinning en begenadiging die hemelse geluksaligheid bereik het, weet om hierdie loflied aan te hef. *wat van die aarde vrygekoop is*: hoewel alle vrygekooptes deur die bloed van die Lam 'n nuwe lied aanhef. vgl. 5 : 9, sing die 144,000 'n lied wat alleen hulle ken, omdat hulle op 'n besondere wyse bevry is van die *bande van die aarde en uit die mense*, v. 4; hulle het alles opgeoffer om die Here te dien, vgl. Matt. 19 : 27-29; 10 : 37-39. [4] *hulle wat . . . .nie besoedel het nie*: nie letterlik bedoel nie - dit sou met 21 : 9 nie strook nie - maar as beeld van geestelike reinheid; afval van en ontrou teenoor die Here word hoerery of troubreuk genoem, vgl. 17 : 1 v.; ook Num. 25 : 1 v.; 31 : 16; Deut. 17:-17; Hos. 1 : 2 Dus; aan die allersterkste verleiding tot sonde het hierdie mense tydens hul aardse lewe nie toegegee_nie.*want hulle……..rein*: hulle staat van reinheid is nie deur verontreinigende gemeenskap met die sonde geskend nie, vgl. 2 Kor. 11 : 2; ook1 Kor 7:34*. hulle wat die Lam . . . .heengaan*: hulle tweede eienskap is die volstrekte trou in die navolging van. Christus, ook op die weg na die dood, vgl. Matt. 16 : 24 *Hulle wat gekoop is . . . . en die Lam*: vgl. 5 : 9; die derde eienskap is dat hulle uit die mense, d.i. uitverkies deur God, verlos is deur die Lam*. as eerstelinge*: soos eerstelinge van die oes wat aan die Here gewy word, vgl. Lev. 23 : 17; Ex. 23 : 19; of ook van die mense, Ex 22 : 29 Die uitdrukking kan. die 144,000 aandui as die voorlopers van die volle oes van gelowiges, of ook as die hele oes self 7 : 2 v. en Heb 12:23 5).*In hulle mond gevind nie*: die meeste manuskripte het leuen i.p.v. bedrog soos in Sef. 3 : 1. Die vierde eienskap van die geluksaligdes is dat hulle vry is van alle bedrieglike taal wat met Gods waarheid in stryd is; hierin is hulle anders as die tweede dier. 13:14 v en aan Christus gelyk vgl. Jes 53:9 1 Pet 2:22 *want hulle is ….van God* al die genoemde hoedanighede besit hulle omdat hulle ondanks die listige aanslae van die duiwel volkome bewaar gebly het danksy die bloed van die Lam. 7 : 14; 12 : 10 v.

6-13. Die oordeel, in v. 14-20 beskryf, word deur drie engele aangekondig, v. 6, 8 en 9. [6] e*n ander engel. . . sien vlieg*: d.i. 'n engel wat voorheen nog nie opgemerk is nie; hier begin dus 'n nuwe visioen. *in die middel van die lug*, lett.: van die hemel, vgl. 8 : 13; 19 : 17. *met ' n ewige evangelie*: dieselfde blye boodskap wat deur al die eeue verkondig is, maar wat nou insonder-

## OPENBARING 14

met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. [7] En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.[8] En 'n ander engel het gevolg en gesê:
Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. 9)En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, 10) sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn,

heid die boodskap van die wederkoms van Christus inhou, tot vertroosting van diegene wat Hom verwag, vgl. Jes. 40 : 9 v.; Mal. 4 :1v maar vir die goddelose 'n woord van oordeel, vg1. v. 7. *aan die bewoners van die aarde*: die meeste manuskripte het : aan diegene wat op die aarde gesete is, d.w.s. wat rustig en met uitskakeling van God uit hul lewe daar in onverskilligheid woon, vgl. 1 Thess. 5 : 3; Matt. 24 : 38 v. *en aan al die nasies . . . . en volke*: vgl. by 5 : 9. [7] *met 'n groot stem:* vir almal op aarde hoorbaar, sodat daar geen verontsku1diging kan wees nie, vgl. 5 : 2; 6 : 10; 7 : 2 e.a. *Vrees God . . . . heerlikheid:* 'n allerlaaste oproep tot bekering uit 'n toestand van diepe verval, en om in die aangesig van die laaste oordeel die Here te aanbid as waarlik God, vgl. 11 : 13. *want die uur . . . . het gekom*: voorheen. was daar sprake van die dag, 6 : 17, vgl. 16 : 14; maar nou het die uur aangebreek, vgl.3 : 3, 10; 9 : 15; 11 : 13; ook .Matt. 24 : 36, 44, 50. *en aanbid Hom . . . . gemaak het:* alle volke, ook die wat in goddeloosheid geleef het, word opgeroep om in die uur van Sy oordeel Hom te aanbid, vgl. 3 : 9; Fil. 2 : 9-11. Vier onderdele van die skepping word genoem omdaarmee die skeppingswerk in sy volle omvang aan te dui. [8] *'n ander engel*: 'n tweede, vgl. v. 6. *Geval*. asof dit reeds plaasgevind het; met hierdie sekerheid kan die oordeel oor Babilon aangekondig word, omdat dit in Gods raad vas staan en

daarom onafwendbaar in vervulling gaan. *Babilon die groot stad:* vgl. by 11:8; die setel van die Gode vyandige wereldmag word *Babilon* genoem omdat daardie stad voorheen die hoofstad was van die ryk wat die volk van God in ballingskap weggevoer en die tempel verwoes het, 2 Kon. 25. Daarna word Babilon die sinnebeeld van die wêreldheerskappy wat hom teen God vgl Jer 51:1 In die word di took ‘n benaming van Rome, vgl 1 Petrus 5:13 *omdat sy …..hoerery*: Babilon word geteken as 'n ontugtige vrou wat al die nasies benewel in die roes van magsug, en as 't ware die huweliksband van God met Sy volk skend deur die tot sonde te verlei, vgl. Openb. 17; ook-Nah 3:4 Hab. 2 : 15 v. [9] *'n derde engel* vgl by :6 *as iemand die dier . . . . ontvang*: vgl. by 13 : 12-18. [10] *sal hy self . . van God*: daarmee word gesê dat daar geen uitsondering sal wees nie, en dat dit eie skuld is. Wie die wyn van Babilon se hoerery gedrink het, moet ook die wyn van die grimmigheid van God drink Jer . 25 : 15. *wat ongemeng. . . . is*: d.i. sonder verswakking of verflouing in sy volle krag *die beker van sy toorn:* Gods strafgerigte, Sy oordeel, word voorgestel as n beker wat Hy gee om te drink, vgl. Ps. 75 :
9; Jes. 51 : 17, 22. *met vuur en swawel*: vgl

## OPENBARING 14

en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. [11] En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid,en hulle het dag en nag geen rus nie - hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.12)Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.13) En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf - salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle. 14:14-20 *Die graanoes en die wynoes* En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit,

9 : 17; die pyniging, vgl. by 9 : 5, wat Sodom oorval het, Gen. 19 : 24, 28, sal ook hierdie Sodom of Babilon, vgl. 11 : 8, en diegene wat deur die wêreldstad bedwelm geraak het, tref. *voor die heilige engele . . . . Lam*: eintlik: onder die oë van . . . . Dus, die engele en die Lam wat meegewerk het tot redding van die sondaars, sal toekyk wanneer die goddeloses gepynig word, en daardeur die smart verhoog; vgl. ook Matt. 10 : 33. [11] die *rook . . . . ewigheid:* die vuur van pyniging word nimmer geblus nie, vgl. 20 14; Jud. : 7. *hulle het . . . . geen rus nie*: daar is hoegenaamd geen verligting of verposing nie, die pyniging gaan vir altyd voort.*hulle wat die dier . . . . ontvang*: vgl. by v. 9. [12] *Hier kom . . . . te pas*: 'n woord van vertroosting en bemoediging aan die gemeente van Christus; in die dag van oordeel mag hulle nag hulle nie verskrik raak nie, maar moet hulle standvastig bly in die geloof; vgl 13:10; ook 5 : 8.*wat die gebooie …bewaar* die volharding kom daarin tot uitdrukking dat hulle in die dae van nood en stryd vas staan in die gebooie van. God, 12 : 17; 1 Joh. 3 : 23 v.; en in die geloof in Jesus, 14 : 4, teenoor diegene wat die dier aanbid. [13] *'n stem uit die hemel*: van wie dit kom, word nie gesê nie; van belang is dat dit uit die hemel spreek; dus, met gesag. S*kryf*: sodat die woorde vir die gelowiges van alle tye bewaar mag bly, vgl. 1 : 11, 19; 2 : 1 e.a. *salig is .... sterwe*: die volle geluksaligheid, vgl. 1 : 3, is verseker vir diegene wat in die geloof en in die vrese van die Here sterwe, vgl. by 1 Kor. 15 : 18. *van nou af*: kan beteken: van die koms van Christus op aarde, waardeur die huiwering vir die dood (vgl. Jes. 38 : 9 v.) weggeneem is en die sterwe tegemoet,gesien kon word as wins, Fil 1: 23 Hier moet egter aan die omstandighede van die eindtyd gedink word. in die dae van uiterste verdrukking en nood sal dit vir die vromes voordeliger wees om te sterwe as om te lewe,omdat hulle dan die aardse lyding verlos sal wees en die hemelse geluksaligheid sal binnetree . Ja, sê die Gees met ‘n word gelyk aan Amen vgl 1:7 bevestig die Heilige Gees 2 : 7; 22 : 17, die sekerheid van die belofte. *sodat hulle . . . . arbeid*: teenoor die goddeloses wat geen verademing sal hê nie, v. 11, is daar vir die getroues wel verademing, d.w.s. ontheffing van alle moeite en inspanning wat hulle in die aardse lewe ondervind het ten einde die gebooie van God te bewaar en die geloof in Jesus vas te hou, v. 12. Moeg van die stryd vind hulle rus In heerlikheid. *hulle werke volg met hulle*: hulle getrouheid aan die gebooie en standvastigheid in die geloof, vgl. v. 12, 4; ook 2 : 2, 3, 9, 13, 19; 3 : 8, 10, word deur God in aanmerking geneem as bewyse van die regte innerlike verhouding tot die Here, vgl. Matt. 25 : 35-40; en dienooreenkomstig ontvang hulle loon, vg1. 11 : 18; 2 'Thess. 1 : 6-10. 14-20. Die aangekondigde oordeel, v. 6-13, gaan nou in vervulling, waarby weer drie

## OPENBARING 14

met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. 15)En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het. 16)En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai. 17)En 'n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is,

en hy het ook 'n skerp sekel gehad; 18) en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê:Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword. 19) En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God.

engele optree, v. 15, 17, 18. Die oordeel word voorgestel as 'n graanoes, v. 14-16, en as 'n druiweoes v 17-20. [14] *en kyk*: vgl. v. 1.; 'n uitdrukking van verrassing vir wat nou voor sy oë verskyn. *'n wit wolk:* vgl. by 1 : 7. Die wit kleur teken die heerlikheid en heil, vgl. 1 : 14; 3 : 4; Matt. 28 : 3. *een soos 'n Mense seun . . . . sit:* vgl. by 1 : 13; die voorspelling van Dan. 7 : 13 gaan in vervulling; vgl. Mark 13 : 26 Hy wat as Seun van die mens op aarde gekom het tot verlossing, verskyn nou in koninklike majesteit as Regter. *met 'n goue kroon:* as Koning van die Godsryk gekroon, vgl. ook 4 : 4. *in sy hand 'n skerp* sekel: d.i. gereed om met die oes te begin, vgl. Mark 4 : 29. [15] *'n ander engel*: vgl. by v. 6; hier die eerste van drie engele wat die oordeel aankondig, vgl. ook v. 17, 18. *uit die tempel gekom:* d.i. uit die binnenste woning van God, vgl. 11 : 19; dus, die tydstip van die oordeel word deur God beslis, en aangekondig aan die Seun. *Slaan u sekel in*: vgl. by Matt. 13 : 39-43. *die oes van die aarde*: die opbrengs van die aarde met betrekking tot die koninkryk van God, vgl. Joh.4 : 35; d.i. alle gelowiges oor die hele wêreld, teenoor die ongelowiges, van wie v. 18-20 vertel, vgl. 11 : 12; 1 Thess. 4 :17. *oorryp geword het*, lett.: reeds dor of verdroog geword het. [16] Die bevel gaan in uitvoering; Christus vergader by Sy wederkoms Sy uitverkorenes rondom Hom. [17] 'n ander engel: vgl. by v. 15; terwyl die Seun self die uitverkorenes insamel, word die oordeel oor die goddeloses deur 'n engel volvoer. *ook 'n skerp sekel*: vgl by v. 14. [18] *'n ander engel*: vgl. by v. 15; hy verskyn om die vorige engel aan te moedig in die uitvoering van die oordeel. *wat mag oor die vuur gehad het*: hy besit die bevoegdheid om die vuur van wraak uit te giet, vgl. v. 10; 8 : 5. *het uit die altaar uitgekom:* vgl. 6:9, 10; hy kom van waar die martelare onder die altaar roep om wraak om nou die verhoring van hulle gebede te bring. *versamel die trosse . . . . aarde in*: die hele opbrengs van die aarde aan goddeloses word ingesamel vir die verderf, vgl. by v. 15. het ontwikkeling in hulle goddeloosheid gekom. En daarmee ryp geword vir die gerig. [19*] die wingerdstok . . . . afgeoes*,lett.: afgesny, d.w.s. nie alleen word die druiwe afgeoes nie, maar die wingerdstok self word weggeneem sodat dit geen verdere vrugte kan voortbring nie. Die oordeel is volstrek. *gegooi . . . . grimmigheid van God*: die werking van Gods toorn word voorgestel

## OPENBARING 14, 15

[20] En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, tweehonderd myl ver. 15 1-8 *Die voorbereiding vir die laaste oordeel 1)*En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. 2)En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier 2) en ek het gesien iets soos ‘n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken , oor die getal van sy naam het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. 3) En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê :

as die trap van 'n parsbak, vgl. 19 : 15; ook Joël 3 : 13; Jes. 63 : 3-6. [20] *buitekant die stad:* 'n verwysing na die gebruik om die doodsoordeel buitekant die stad (Jerusalern) te voltrek, vgl. Hebr. 13.: 12; Matt. 21 : 39. Buitekant die heilige stad, die nuwe Jerusalem, word hierdie laaste gerig uitgevoer; dus, dit sal die gelowiges geensins deer nie. *en bloed . . . van die perde* 'n stroom van bloed getuig van 'n ontsettende slagting; die vyande van God word op die laaste slagveld gedood, vgl. 16 : 14; 19 : 19; 20 : 7 v. Die bloedstroom word geteken na sy diepte *: tot aan die tooms*; en na sy lengte : tweehonderd myl ver, lett. : sestienhonderd stadia vêr. Die getal is simbolies : dit kan verklaar word as 40 x 40, waarby 40 die getal is wat 'n onherroeplike eindbeslissing aandui, vgl. Jona 3 : 4; dan dui die veelvoud van 40 aan dat hierdie oordeel die eindbeslissing is. Dit kan ook verklaar word as 4 x 4 x 10 x 10, d.w.s. 'n veelvoud van die getal van die wëreld, 4, en van die getal van die goddelike volkomenheid, 10, waarby aangedui is dat die ganse goddelose mensheid onderwerp word aan die volkome, finale oordeel van God. Albei verklarings wys heen op die allesomvattende eindoordeel van God. 15 1-4. Die lofsang van die oorwinnaars aan die see van glas. [1] *'n ander teken . . . . wonderlik*: 'n terugverwysing na die groot teken van 12 : 1; maar die nuwe teken is daarby ontsagwekkend. In 12 : 1 v. het dit gegaan oor die draak, die vyand van die kerk op aarde; nou volg die beskrywing van die oordeel oor daardie vyand. *sewe engele . . . sewe laaste plae:* die getal 7 wys op die volkomenheid en volledigheid van Gods handelinge, vgl. 1 : 4; en daarby as som van 3, die getal van die Godheid, en 4, die getal van die skepping of mensheid, dui dit op Gods handelinge met Sy skepping in die betoning van genade en van oordeel, vgl. by 1 : 20; 5 : 1. *want daarmee . . . voleindig*. die laaste en swaarste oordeel het nou werlikheid geword. [2] *iets soos 'n see . . . .met vuur*: voordat die eindgerig begin, sien Johannes die

gemeente van verlostes in die hemel aan die oewer van 'n see van glas. Blykens v. 3 is hier 'n verwysing .na Israel by die Rooi See nadat God die leërs van die Egiptenare daarin verdelg het, Ex. 14 : 23 v. Daarom, anders as in 4 : 6, is die see van glas die beeld van die volbragte gerigte van Gods heilsraad, waarop die verlostes in die hemel kan terugsien. Nou is die oordele van God vir hulle glashelder. Die *vuur* van oordeel vlam daarin. *die oorwinnaars . . . . sien staan*: vgl. 13 : 12-18; 14 : 9, 11; al die besonderhede word vermeld ten einde te laat blyk dat hulle stryd so moeilik was dat hulle alleen deur 'n wonder van God gered is. *met siters van God*. vgl. by 5 : 8; 14 : 2. [3] *hulle het . . . . gesing*, lett.: hulle sing, d.w.s. die loflied gaan voort sonder einde. *die lied .. . van Moses*: d.i. die oorwinningslied wat Moses aan Israel gegee het om tot lof van God te sing nadat die vyande in die Rooi See omgekom het, Ex. 15. In daardie uitredding was Moses *die dienskneg van God*

## OPENBARING 15

Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë,
o Koning van die heiliges, [4] Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het. [5] En na hierdie dinge het ek gesien, en kyk,
die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen. [6] En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels. [7] En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid. [8] En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag,

deur wie se diens God die volk in veiligheid gebring het, net soos die Lam die nuwe volk van God tot redding gelei het. Daarom is die lied van Moses meteen *die lied van die Lam. Groot en wonderlik . . . . werke*: terugsiende op die see van glas, kan die verlostes die grootheid van Gods werke na waarde beoordeel. Die woorde van die lofsang kom in verskillende tekste in die Ou Testament voor, bv. Ps. 139 : 14; 111 : 2-4. Almagtige: vgl. by 1 : 8. regverdig en waaragtig is u weë: vgl. 16 : 7; 19 : 2; die handelinge van God is steeds in ooreenstemming met Sy wese, met name Sy geregtigheid en waarheid. *Koning van die heiliges:* die meeste manuskripte het: van die heidene, of volke. Hy heers oor alle volke, vgl. Ps. 86 : 9. [4]*want al die nasies . . . . openbaar geword het*: die dade van God, die redding en die gerigte, sal alle volke oortuig dat Hy alleen alle aanbidding waardig is, vgl. Ps. 96:7-10. 5-8. Die sewe engele berei hulle voor om die sewe skale uit te giet. [5] En na hierdie dinge: d.i. wat in v. 2-4 beskryf is. *die tempel . . . geopen*: die tempel, reeds genoem in 11 : 19; 14 : 15,17, het hier betrekking op die Allerheiligste (vgl. Matt. 23 : 35), d.i. die verborge woonplek van God. *tent van die getuienis*: so genoem omdat die tafels van die Getuienis, Ex. 31 : 18; 40 : 20, daar bewaar word. Die sewe engele gaan dus van God, die Regter, uit om Sy Wet te handhaaf in die plae wat hulle uitgiet [6] *die sewe engele . . ….uit gekom*: hulle kom uit Gods teenwoordigheid, as bewys dat hulle Sy gerigte uitvoer.
. . . . linne: as teken van heiligheid en heerlikheid, vgl. 3 : 4; Mark. 16 : 5. *om die bors ….gordels*: as bewys van koninklike waardigheid, vgl. 1 13. [7*] een . . . . wesens*: vgl. by 4 : 6 *sewe goue skale*: hierin is daar 'n herinnering aan die voorstelling van Gods toorn as 'n beker wat geledig moet word, vgl. 14 : 10. *vol van die grimmigheid*: vgl. by 14 : 10*. wat leef …..ewigheid.* deur hierdie byvoeging word die erns en verskrikking van die toorn verhoog, vgl Ps 90:4-11 8) *die tempel*: bekleed as teken van die toorn van God, maar ook as uitdrukking van Sy heerlikheid en krag, vgl Ex. 19 : 18; 40 : 34 v ook Ps. 18 : 8. *Niemand kon ingaan . . . . was nie*: vgl. 1 Kon. 8 : 10 v 2 Kron. 5 : 13 v ; niemand kon hom nou voor die Here stel om die toorn te probeer afwend nie; daarvoor w.as die tyd vir altoos verby Die derde wee, vgl. by 11 : 14, gaan nou nader in vervulling. Net soos in die geval van die seëls, 6. 1 8. 1, en die basuine, 8 : 7-11 : 15, is die sewe skale verdeel in vier wat gerig

## OPENBARING 15, 16

en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.
16) 1-21 *Die uitgieting van die sewe skale*
1)En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. 2)Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.
3)En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. 4)En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. 5)En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die

Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; 6) want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet,

is op die mense en *drie* wat gerig is op die magte waaraan die mense onderworpe is; vir die betekenis van die getalle, vgl. by 1 : 20. 16 : 1-9. Die eerste vier skale van toorn word uitgegiet op die mense. [1] 'n groot stem . . .hoor sê: vgl. 3 : 20; 14 : 13; 21 : 3; hier, komende uit die woonplek van God (vgl. 15 : 8), en van die troon, v. 17, is dit die stem van God wat die bevel tot oordeel aankondig. *Gaan gooi . . . . uit:* die oordeel wat aangekondig is, 14 : 10, 19; 15 : 7, gaan nou in vervulling. [2] *die eerste een*: d.i. die eerste van die sewe engele met die sewe plae, vgl. 15 : 1, 5-8. *en gooi . . . . op die aarde* uit: d.i. op die droë grond, onderskeie van die see, v. 3, en die riviere, v. 4. *en bose swere . . . . gekom*: soos die sesde Egiptiese plaag, Ex. 9 : 8-11; of Gods straf op ongehoorsaamheid, Deut. 28 : 15, 27, 35. Hierdie plaag tas die liggaam en die lewenskrag regstreeks aan. *wat die werk . . . . aanbid het*: vgl. 13:15 ---17; 14 : 9, 11. 3) *Die tweede engel* : vgl. by v. 2. *op die see uitgegooi*, lett. : in die see, 8 8, 9. *bloed geword* . . .'n dooie: verstyfde bloed as teken van die dood; vgl, die eerste Egiptiese plaag, Ex. 7 : 17-21. *en al ……gesterwe:* op die gedeeltelike lewensvernietiging, 8 : 8 v., volg nou die algehele van die einde; wat in die begin in aansyn geroep is, Gen.-1:21 word nou uitgewis. [4] *die derde engel:* vg1. v. 2. *die riviere . . . . waterfonteine*: vgl. by 8 : 10. *het bloed geword*: vgl. by v. 3. [5] *die engel van die waters*: d.i. die derde engel, wat Gods wil ten opsigte van die waters uitvoer *Regverdig . . . . die Heilige*; in die uitvoering van Sy oordele word God geprys as regverdig, omdat Hy geen onreg doen nie, en as die Heilige, omdat Hy geen onheiligheid duld nie. Die naam *Here*, waarby die Verbondsgod aangedui word, ontbreek in die beste tekslesing. *wat is en wat was*: die onveranderlike, vgl. by 1 8. [6] *hulle het . . . . vergiet*: die bede van
6 : 10 word verhoor; die verwysing is nie net na die Romeinse keisers wat voor-

## OPENBARING 16

en U het aan hulle bloed gegee om te drink,want hulle het dit verdien. 7)En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. 8)En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. 9)En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. 10) En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; 11)en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. 12) En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat,

heen die gelowiges vervolg het nie, maar ook na die antichristelike wêreldmag van die eindtyd, wat dieselfde sal doen. *aan hulle bloed gegee . . . . verdien*. die bloeddorsliges kry deur die tweede en die derde skaal bloed om te drink,ygl..14 : 10. 7) *ander een--uit the altaar,* lett. : *en ek het die altaar hoor sê*: Daarmee word bedoel die siele van die martelare, heiliges en profete, onder die altaar, vgl. 6 : 9 v.; 8 : 3 v.; 14 : 8, wat eers om wraak geroep het en nou God prys vir regverdige vergelding. *Ja, Here God, Almagtige* vgl. by 1 : 6-8, 11 : 17. *waaragtig . . . . u oordele*: vgl. 19 : 2; 15 : 3. [8 ] die vierde engel: vgl. by v. 2. *op die son uitgegooi*: die son wat met sy warmte die lewe moontlik maak, word nou aangetas om dit ondraaglik te maak, juis op 'n tydstip wanneer daar ook geen water meer is nie, vgl. v. 3 en 4.*daaraan is dit gegee*: d.i deur God, vgl. 6 : 4, 8; 9 : 5. om . . . . te skroei: sodat hulle letterlik die gloed of hitte van Gods toorn sou ondervind, vgl. Ex. 11 : 8; 15 : 7 ; Jos. 7 : 26; 2 Kron. 28 : 11 e.a. [9] *en hulle het . . . . gelaster* die strafgerigte bring geen inkeer nie, maar die uiterste verharding in verbittering teen God; van bekering is geen sprake nie, daarvoor is die tyd verby, maar sonder verontskuldiging vir die mense; hulle doen die werke van die Antichris, vgl. 13 : 1, 5, 6. *om Hom heerlikheid te gee nie*: die gebeurtenis van 11 : 13, vgl.ook 14 : 7, word nie herhaal nie, weens die volslae verharding. 10-11. Die vyfde skaal tref die dier. [10] *die vyfde engel:* vgl. by v. 2. *op die troon van die dier* vg1. 13 : 2; die ryk van die Antichris word in die middelpunt van sy heerskappy aangetas. en sy koninkryk is verduister: die glans van sy koninklike heerskappy, waardeur die mense verlei is, vgl. 13 : 4, 8, 14; 16 : 2, word uitgedoof. dit is sy doodsteek. *hul tonge gekou van pyn*: ontnugter deur die gerig wat die ryk van die dier tref waarop hulle vertrou het, byt hulle die tong in pyn van selfverwyt, wroeging en angs. [11. } *en hulle het . . . . gelaster*: vgl. v. 9; in magteloosheid gee hulle op hierdie manier uiting aanhulle woede. *die God van die hemel*: vg1. 11 : 13; in hemelse verhewenheid woon Hy, sodat geen aardse teenstander Hom kan bereik nie. *oor hulle pyne . . . . swere:* vgl. v. 2; al die voorafgaande plae het hierdie mense getref en hul smarte verhoog. *hulle nie bekeer . . . . nie*: vgl. v. 9; ongeag dit alles, gaan hulle voort met hul werke, hul goddelose leefwyse, teen God in.

en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. 13)En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom.14)Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. 15)Kyk, Ek kom soos 'n dief. Sahg is hy wat waak en sy klere bewaar sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. 16) En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagddon.

12-16. Die sesde skaal tref die Eufraat. [12] *die sesde engel*: vgl. by v. 2. *uitgegooi op die groot rivier,* die Eufraat: d.w.s. die uitgangspunt van die strafgerigte van God, vg1. by 9 : 14. Ook is die Eufraat beskou as die skeiding tussen die weste en die ooste; die volke van die oostekant - Babiloniers, Parthers, Perse - was steeds 'n bedreiging vir die volke van die weste, maar is teruggehou deur die Eufraat. *sy water . . . . reggemaak kon word*: daarmee is die hindernis weggeneem, sodat die volke van Gog en Magog 20 : 8, teen die weste kon optrek; vgl. Eseg. 38, 39. *wat van die ooste afkom*: hul Antichristelike-karakter blyk daaruit dat hulle uit die ooste kom, van waar gewoonlik die heil te wagte is, vgl. 7 : 2. [13] *uit die bek van die draak* . . . . valse profeet: die Antichristelike karakter van die konings word verder aangedui deur hul oorsprong uit die draak, 12 : 3, die dier (uit die see), 13 : 1 v., en die valse profeet, 19 : 20; 20 : 10, wat gelyk is aan die dier uit die aarde, 13 : 11
v. Die antigoddelike drie-eenheid span hulle kragte saam vir 'n .1aaste magsverset teen God. *drie onreine geeste soos paddas*: uit die bek of mond van elkeen van die drie teenstanders gaan 'n gees van onreinheid uit om uit die sataniese binnenste die wêreld te verpes met duiwelse bedenkinge, so afskuwelik soos die paddas wat eenmaal Egipte gekasty het, vgl. Ex. 8 : 1-15. [14*] geeste van duzwels*: die drie onreine geeste word nou aangedui as van dieselfde slag as die wat tydens Jesus se aardse omwandeling soveel ellende gewerk het, vgl. bv. Matt. 8 : 31, en wie se tuiste die put van die afgrond, 9 : 1, is. Drie is hulle getal, in nabootsing van die getal van God, vgl. by 1 : 20; dus, egte werktuie van die duiwelse drietal, v. 13. *wat tekens doen*: om daardeur die skyn te wek dat hulle deur God gestuur is, vgl. 13 : 14; ook 2 Thess. 2 : 9*. wat uitgaan . . . . oorlog*: hulle doel is om alle maghebbers en alle dinge saam te roep tot die laaste stryd teen God. van daardie groot dag: die dag van oordeel, vgl. 6 : 17; Joël 2 : 11, 31. [15*] Kyk, Ek . . . . dief* : die spreker, Christus, vgl. by 17 : 14, waarsku nou die gelowiges om waaksaam na Sy onverwagte koms uit te sien, vgl. by 3 : 3. *Salig . . . . waak*: wat steeds in die verwagting van die wederkoms lewe, vgl. by Matt. 24 : 42, 45 v. *en sy klere bewaar*: vgl.by 7 : 14 en 14 : 4. *sodat hy nie . . . . sien* nie vgl. by 3 : 18; die gevaar is daar dat deur die sonde iemand hom naak mag bevind, vgl. Gen. 3 7, d.w.s. in hierdie geval, sonder die kleed van geregtigheid waarmee Christus die sondaar beklee . [16] *het hul versamel*: die onderneming, v. 14, *slaag*; 'n geweldige leërmag word byeengebring. *op die plek . . . . Armageddon* eintlik Har-Magedon, d.w.s. Berg Megiddo, uit die Ou Testament bekend as die omgewing waar God deur nederlae op die slagveld Sy vyande in. die oordeel gebring het, vgl. Rigt. 5 : 19; 2 Kon. 9 : 27; 23 : 29 v.; 2 Kron. 35 : 22; Sag. 12 : 11. Die naam dien dus simbolies om aan te kondig dat die magtige leër deur God Almagtig te gronde gerig sal word.

## OPENBARING 16, 17

17)En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempe1 van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! 18)En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so 'n geweldige groot aardbewing. 19) En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. 20) En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; 21) en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was. 17 : 1-18 *Val van Babilon Gesig van die groot hoer wat deur die dier verlei is* [ 1] En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê:

17-21. Die sewende skaal word uitgegiet in die lug. [17] die sewende engel: vgl. by v. 2. uitgegooi in die lug, ook te lees : op die lug. Die uitwerking is dat die asemhaling van die mense bemoeilik word, en sonder lug kan daar geen lewe op aarde bestaan nie. *'n groot stem . . . . troon* by v. 1; hier moet gedink word aan die stem van God self, vgl. 21 : 6 Dit is verby: die geskiedenis is afgelope, vgl. 21 : 6; nou kom die wêreldeinde. [18] *stemme .. . . bliksemstrale*: vgl. by 4 : 5. *'n groot aardbewing . . . . was nie*: vgl. by 6 : 12; hierdie aardbewing is so groot in sy krag, omvang en. uitwerking dat niks in die geskiedenis daannee te vergelyk is nie. [19] *die groot stad . . . . verdeel*: die wêreldstad Babilon, die sentrum van die

antichristelike wêreldmag vgl. 11 : 8; 14 : 8; 17 : 18; 18 10, word in drie dele geskeur as begin van die finale ondergang. die stede van die nasies: d.i. wêreldstede wat bondgenote van die groot Babilon was - hulle word neergewerp, *die groot Babilon . . . . voor God:* die groot stad, reeds in drie verdeel, word voor God die Regter gestel om die laaste gerig te ondergaan. *om haar te gee . . . . toorn*: vgl. by 14 : 8, 10 vir dieselfde beeldspraak. [20] *alle eilande . . . . gevind* nie: as gevolg van die aardbewing sink eilande weg en verdwyn berge, d.i. die toonbeelde van vastigheid, vgl. 6 : 14. Vir die groot stad bly geen. enkele steunpunt nie. [21] en groot hael . . . . op die mense geval: geweldige haelstene, 'n gesel van God, het die mense, d.i. die bewerkers van die ongeregtigheid, getref; vgl. Ex. 9 : 24; Jos. 10 : 11. *En die mense het God gelaster*: geen. sprake van bekering nie, maar volharding in die verset teen God; daarmee word ook die ontsettende kastyding aangedui as 'n regverdige straf. In die volgende hoofstukke word die ondergang beskryf van. die groot vyande van die koninklike heerskappy van God, nl. van Babilon, hfst. 17-18; van die dier en die valse profeet, 19 : 11-21; en van die draak, 20 : 1-10; waarop die eindoordeel volg, 20 : 11-1 17 : 1-18. Babilon se gruwele teen God en die Lam word beskryf. [1] een van die sewe

## OPENBARING 17

Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, 2)met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword vn die wyn van haar hoerery. 3) En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. 4)En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en perels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; 5) en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. 6) En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

*engele:* een van die voltrekkers van die oordeel van God, genoem in 15 : 1, 7, tree sprekende op, 17 : 1, 7, 15. *Kom hierheen:* vgl. by 4 : 1; 21 : 9. *ek sal jou . . . . groot hoer*: blykens v. 18 is bedoel „die groot stad", dus Babilon, vgl. by 16 : 19; 14 : 8. *wat op baie waters sit*: gesê van Babilon, geleë aan die groot rivier, vgl. Jer. 51 : 13, en sinnebeeld van die Gode vyandige wêreldmag wat troon op_die waters, d.i. heerskappy voer oor volke en menigtes en nasies en tale. v. 15. [2] *met wie . . . . gehoereer het:* sy het die heersers van die aarde verlei om aan haar gruwele teen die Here mee te doen. *dronk geword . . . . hoerery*: ook die onderdane word hierin verlei; daarom verdien Babilon 'n des te swaarder oordeel; vgl. by 14 : 8; 16 19. [3] *En hy het my . . . . 'n woestyn*: in die visioen word Johannes verplaas na 'n verlate plek, sinnebeeld van Gods oordeel oor Babilon, vgl. Jes. 13 : 19-22; 21 : 1. *ek het 'n vrou sien sit*: elders dien die vrou as sinnebeeld van die volk van God wat as bruid met Hom in 'n geestelike huwelik verbind is; in 12: 1 v. is die vrou die kerk-op-aarde; hier is sy egter die sinnebeeld van die sondige, verleidende, Gode vyandige wêreld. *op'n skarlakenrooi dier*: die beskrywing herinner aan die dier van 13 : 1 v., waarop die vrou soos 'n vorstin ry, v. 18, gekleed in die skarlakenrooi van sonde, vgl. Jes. 1 : 18. *vol . . . . name*: vgl. by 13 : 1*. met sewe . . . . horings*: vgl. by 13 : 1; dit gaan hier dus om dieselfde dier as daar beskryf: die dier uit die see of die Antichris. [4] *die vrou was . . . . en pêrels*: vorstelik en luisterryk getooi, om daardeur alle aandag op haarself te vestig. *En ‘n goue beker*: uiterlik kosbaar en begeerlik, maar van binne vol ongeregtigheid, vgl. v. 2, ook Jer. 51 : 7; Matt. 23 : 25. *vol gruwels . . . . en hoerery*: sy, die wêreldstad, beskik oor die middele om vorste en volke, v. 2, te bedwelm en te verlei tot afvalligheid van God. [5] *op haar voorhoof . . . . geskrywe:* soos 'n Romeinse straatvrou van destyds dra_sy,haar_naam, op_'n voorhoofband om bekend te stel wie sy is en wat sy doen. *Verborgenheid*, lett. : geheimenis, d.w.s. die naam het 'n verborge betekenis wat moeilik is om te begryp*. die groot Babilon . . . . die aarde:* die historiese Babel het deur sy selfverheffende opstand teen God die sinnebeeld van antigoddelike wêreldmagte geword; maar in dit alles was Babel klein in vergelyking met hierdie vrou, die moeder van alle afwyking van God en uit wie alle gruwele wat die wêreld ken voortkom.[6] *die vrou gesien, dronk . . . . van Jesus*: sy het nie alleen ander verlei nie, maar self met ywer en genot die bloed van die getroues vergiet en daarvan in 'n dronke roes geraak. *van die heiliges*: d.i. die

## OPENBARING 17

[7] Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder ? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra. [8] Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien

wat was en nie is nie, alhoewel hy is.9) Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. 10) En hulle is sewe konings : vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly.

wat hulle afgesonderd van al die ongeregtigheid kon hou. *van die getuies*: d i die wat sonder vrees die Naam van. Jesus openlik bely het. my uitermate verwonder: omdat hy niks begryp het van hierdie visioen van afsku en geheimsinnigheid nie. [7] *Ek sal jou die verborgenheid .... vertel*: dieselfde engel, v. 1, bied 'n toeligting van die visioen aan; dit bly egter nog steeds in geheimsinnige beeldspraak gehul, hoewel die verklaring veel lig laat opgaan. [8] *Die dier wat jy gesien het*: die visioen is nou verby; die dier is diê van 13 : 1 v. was en is nie *en sal opkom*: in korte trekke word die geskiedenis van die dier geteken; die uitdrukkinge herinner aan diê wat van God en Jesus gebesig word, 1 : 4, 8; 4 8; 11: 17; 16 : 5; dit geskied omdat die dier aan God gelyk wil wees,,vgl. 2 Thess. 2 : 4, maar teenoor die ewige God was hy in die voorgaande tyd, en is verslaan, 16 : 10, sodat hy tydelik daar nie is nie, maar eenmaal kom hy weer om die kragte saam te span teen die Here *uit die afgrond* vgl 9 : 1; 11 7; 13 : 2. *en na die verderf vaar*: hy is bestem om verdelg te word, vgl. 19 : 20; 20 : 10. *en die bewoners . . . . sal hulle verwonder*: na die aanvanklike oordeel, hfst. 16, herstel die dier sodanig dat die mense hulle verbaas en hom navolg, vgl. by 13 : 3, 8. *wie se name nie . . . . geskrywe is nie*: d.i. diegene wat in die ongeloof volhard het, vgl. by 13 : 8. *en nie is nie* alhoewel hy is: tydelik is hy nie sigbaar nie, maar hy bestaan wel in die afgrond van waar hy sal opkom.. [9] *Hier kom . . . . te pas*: vgl. by 13 : 18. *Die sewe koppe is sewe berge*: daarmee word die sewe heuwels waarop Rome gestel is, in herinnering geroep, sodat hier 'n aanduiding is dat ook Rome, die destydse wêreldhoofstad, die groot hoer is en daarom Babilon genoem word, vgl. 1 Pet. 5 : 13. Daarteenoor is egter te stel dat berge die simbool van vastigheid is, en sewe die getal van volkomenheid; dus, na alle uiterlike skyn staan die troon van die vrou onwankelbaar soos sewe berge. [10] *En hulle is sewe konings*: naas die beeld van vastigheid kom ook te staan 'n beeld van volheid van die bewuste magsoefening van die wêreldstad in die geskiedenis waardeur liy sy heerskappy teen die van God verhef. Wat hier gesê word„, bevat 'n toespeling op die Romeinse keisers van die eerste eeu; dit sinspeel ook op die wêreldryke wat mekaar opgevolg het. Omdat die taal simbolies is bring letterlike verklaringe weinig lig. *vyf het geval*: d.w.s. die grootste deel van die sewetal is reeds te gronde gerig. *en een is*: in die teenswoordige tyd beleef ons in werklikheid die heerskappy van die Antichristelike wêreldmag. *die ander een het nog nie gekom nie*: d.i. die eintlike antichristelike ryk van die laaste dae is nog toekomstig. *en wanneer hy … ;n kort tydjie bly:*

## OPENBARING 17

[11] En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. 12) En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. 13) Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. 14) Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die,Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings -en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. 15) En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. 16) En die tien horings wat jy op die dier gesien het,

al is hy die magtigste, staan hy onder die vonnis van v. 1; God stel 'n perk aan sy regeringstyd, vgl. by v. 12; Matt. 24 : 22. [11] *die dier . . . . nie is nie*: vgl. v. 8. is self ook *die agtste . . . . die sewe*: daarmee word die dier self of die Antichris aangedui, wat van dieselfde aard is as die sewe, maar tog van hulle onderskeie. Nadat hulle ondergegaan het, herrys die heerskappy, vgl. 13:3, soos aangedui in v. 8b : *sal uit die afgrond opkom*; Daarom word die dier die agtste genoem. Die getal 8 dui n nuwe begin aan, d.i. die eerste dag van 'n nuwe week. Dus as 8ste kom die ryk van die Antichris om n nuwe tydperk van volle_kragsopenbaring in te gaan Dit baat egter niks ; ook hy gaan . die verderf vgl by v. 8. [12] *die tien horings . . . . is tien konings*: as simbole van krag, vgl. by 13 : 1; vind die horings hul beliggaming in wêreldse maghebbers wat gelyktydig met die dier self optree, v. 11; en verteenwoordig die getal 10 die volkome of hoogste krag monstering van die antichristelike wêreldmag ; vgl. Ook 16 : 14*. wat nog . . . . ontvang het nie*: die tyd van hulle magsbeskikking lê nog in die toekoms. een uur lank: d.i. vir 'n baie korte, beperkte tyd onder die toelating van God. [13] *het een gesindheid* : is eendragtig in hulle bose opset. *en sal …… oorgee* lett: en gee oor, d.i. hulle stel steeds alles in diens van die dier ten einde die stryd teen die Lam te voer. [14] *teen die Lam oorlog voer*: as 'n geweldige eenheid, besiel met die voorneme om die Lam te oorwin, tree die wêreldmag in die laaste stryd met oënskynlik alles in sy voordeel *en die Lam sal hulle oorwin*: vooruit staan vas dat in hierdie eindstryd die Lam Sy vyande sal oorwin; hulle voorneme word verydel. *want Hy is Here van die here*: al het Hy die voorkoms van 'n weerlose Lam, is Hy tog Heer" oor alles wat op aarde „heer" en „Koning" oor alles wat “koning” genoem word dus waaragtige Here en Koning teenoor wie geen ander kan bestaan nie. Vgl. 19:16 1:5

Deut.10:17;Ps. 136 : 3; Dan. 47; 1 Tim 6:15 *en die wat saam met Hom is….getrou* die oorwinning word gedeel deur diegene wat hulle by die Lam aangesluit het en wat Hy op Sion vergader het, vgl. by 14 : 1 v. In drie opsigte word hulle geteken: *geroepe*, nl. deur die evangelie hier in die tyd, 2 Thess. 2 : 14, vgl. Rom.8 : 30; *uitverkore* deur God die Vader in ewigheid, nog voor die roeping, vgl. Rom. 8 : 29; en getrou of gelowig deurdat hulle in hul leeftyd hulle volkome op Christus verlaat het. 15 en Hy sê:. d.i. die engel v. 1 *Die waters . . . . en tale*: vgl. by v. 1. Die waters as sinnebeeld van die volkemassa kom meermale voor, vgl. by 12 : 18; 13 : 1; Ps. 93; Jes. 8 : 7; 60 : 5. 16) Die horings: vgl. by v. 3 en 12. *hulle sal die hoer haat*: die eensgesindheid en samewerking, v. 12-14, verbrokkel en onderlinge vyandskap skep 'n toestand van anargie binne

## OPENBARING 17, 18

hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.

**18 :** 1-24 *Val van Babilon — Klaagtone op die aarde*

En na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gese: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.

die antichristelike wêreldmag. *en haar . . . naak:* beroof van al haar koninklike prag, v. *4. en haar vlees verbrand:* die vrou, voorstellende die hoofstad van die Gode vyandige wêreldmag, word volkome uitgewis deur die toedoen van haar eie onderdane. *[17]Want God het....bedoeling uit te voer:* die verklaring van hierdie onverwagte selfvernietiging van die antichristelike magte lê in God: Hy het dit so bewerk. *en een bedoeling uit te voer:* d.i. met eensgesindheid, ondanks alle onderlinge stryd, die plan van God tot uitvoering te bring. *en hulle heerskappy . . . . volbring is:* dus, die hoer, d.i. die hoofstad van die antigoddelike wêreldmag, kom tot 'n val deur die haat van die tien horings, v. 16, d.i. tien koninglike maghebbers van die eindtyd. Hierdie tien vorste is egter nog daar en sluit hulle nou direk aan by die dier, die Antichris, vgl. 13 : 8, om gereed te maak vir die finale oorlog teen God. Dit alles geskied in uitvoering van die raadsplan van God. [18] *En die vrou .... die aarde:* andermaal word verklaar dat die vrou 'n wêreldstad is wat heerskappy voer oor die hele wêreld. Die naam Babilon, v. 5, word nie nou genoem nie; dit gaan dus om 'n stad waarvan Babilon 'n tipe was, hemeltergend in sy ongeregtigheid, van waar besoedelnlg uitstroom oor die hele wereld. Maar deur die oordeel van God word dit te gronde gerig. 18 : 1-3. Die oorwinningsroep van die engel uit die hemel. [1] *En na hierdie dinge . . . . die hemel: 'n* tweede engel na dié van 17 : 1 kondig die ondergang van Babilon aan as iets wat reeds geskied het. *en die aarde . . . . heerlikheid:* sy groot gesag blyk uit die glans van sy heerlikheid – 'n bewys dat hy uit die teenwoordigheid van God kom, vgl. Ex. 34:29 [2] *met 'n groot stem:* om deur almal gehoor te kan word, vgl. 1 : 10; 5 : 2. *Geval . . • • Babilon:* vgl. by 14 : 8; ook 17 : 5. *'n woonplek van duiwels:* vgl. by 16 : 14; d.w.s. gelyk aan die afgrond van die hel, 9 : 1. *'n versamelplek . . . onreine geeste,* lett. : gevangenis, of ook bewaarplek van die duiwels, vgl. Jud. : 6. 'n *versamelplek . . . haatlike v oëls :* vgl. Jes. 34 : 10 v; omdat daar soveel te aas is, word die onreine roofvoëls daar as 't ware gevange gehou. *omdat al die nasies . . . . hoerery:* vgl. by 14 : 8, 10. *en die konings . . . gehoereer het:* vgl. by 17 : 2; 16 : 14. *en die handelaars .... weelderigheid:* diegene wat al hul geluk van aardse rykdom verwag, het uit die oorvloedige weelde voordeel getrek, vgl. 17 : 4; 13 : 16 v.

## OPENBARING 18

4)En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. 5)Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. 6)Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.7)Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na die mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie – 8) daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met

vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. 9) En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het,

4-8. In die oordeel van Babilon word Gods geregtigheid geopenbaar. [4] *'n ander stem*: tans die stem van Christus, vgl. v. 20. *Gaan uit haar uit, my volk* net soos die volk van God van ouds opgeroep is om hom af te sonder van Babel, met die oog op die val van daardie wêreldstad, vgl. Jes. 48 : 20; 52 11; Jer. 50 : 8; 51 : 6, 9, 45; en die gelowiges hulle moet afsonder van die sondige wêreld, 2 Kor. 6 : 17; 1 Tim. 5 : 22; 2 Joh. 11, so moet die nuwe volk van God in die eindtyd hom afsonder van die antichristelike Babilon *sodat julle nie . . . .ontvang nie*. die gevaar bestaan van gemene saak met haar in die ongeregtigheid te maak, en sal noodwendig gemeenskap in die strafgerigte meebring, vgl. Num. 16 : 26. [5] *Want . . . .die hemel*, lett. : het opgehoop tot aan die hemel; vgl. Jer. 51 : 9; Esra 9 : 6. Wanneer die ophoping van sonde sy toppunt bereik, tree die oordeel in. *en God het . . . . onthou:* die uur van vergelding het gekom. [6] *Ver geld . . . . julle vergeld het:* omdat julle in die beste tekslesing ontbreek, is die opdrag nie aan die volk van God gegee nie, maar aan ander, moontlik die konings, die tien horings, 17 : 16. Die maat van die vergelding van Babel is in ooreenstemming met die gedane onreg, vgl. Jer. 50 : 15, 29; Ps. 137 : 8. *en verdubbel . . . . werke,* lett. : verdubbel die dubbele deel volgens haar werke, d.w.s. vergeld vierdubbel. *Skink . . . .geskink het*: vgl. by 14 : 10. [7] *Namate sy . . . . aandoen:* in luister en weelde het sy haar verhef, 17 : 3 v.; na dieselfde mate sal sy nou smarte en ellende beleef. *Omdat sy . . . . sê:*in haar selfverheffing waan sy haar magtig, gewild en gelukkig, en besef sy nie dat die vergelding aangebreek het nie, vgl. Jes. 47 : 7 v. [8] *daarom sal . . . . kom*: al die strafgerigte wat vir haar bestem is, sal haar tegelyk en onverwags tref. *dood en . . . verbrand word*:'n viertal rampe, voorstellende die algehelel vernietiging van haar weelde en selfverheffing, waarvan die laaste verbranding is, vgl 17:16, laat haar soos ‘n rokende puinhoop, vgl v 9 *want sterk is die Here God*: Hy is die Almagtige, vgl. 1 : 8; selfs die magtige Babilon vermag teen Hom niks. 9-20. Die weeklag oor Babilon se val. [9] *die konings . . . . weeklaag*: in die wêreld word die val van Babilon gevoel as 'n ontsettende verlies, allereers deur die vorste wat die wêreld-

## OPENBARING 18

sal oor haar ween en oor haar weeklaag anneer hulle die rook van haar verbranding sien, [10] terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het you oordeel gekom! 11) En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, [12] koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer [13] en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. [14] En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en iy sal dit nooit weer kry nie. [15] Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê:[16] Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken

stad in haar antigoddelike optrede nagevolg het, vgl. by 17 : 2, 10, 12; 18 : 3. Hulle treur omdat met haar ondergang bekend geword het dat ook hulle dae getel is. *die rook . . . . sien*: soos van Sodom, vgl. Gen. 19 : 28. [10] *terwyl hulle . . . . pyniging*: vol ontsetting oor die lot van die sterke Babilon, probeer hulle om die pyniging wat haar tref, te vermy, en tog weet hulle dat daar geen ontvlugting is nie. *Wee, wee . . . . o sterk stad*: vgl. by 14 : 8; 16 : 19; 18 : 2; Jer. 51 : 8. *want in een uur . . . . gekom*: vgl. by 17 :12; d.i. in 'n kort tyd, hier gelyk aan een dag, v. 8. [11] *die handelaars . . . . meer koop nie*: in die eindtyd, wanneer die lewe ingestel is op stoflike gewin en aardse weelde, vgl. 17 : 4, het die handelaar 'n koninklike lewe 18 : 3; maar nou dat die wêreldstad vernietig is, sien die koopliede hul sake tot stilstand kom; dit beteken vir hulle ondergang. 'n Hele reeks handelsware word genoem waaruit die weelde en die ongeregtigheid blyk, vgl. Eseg. 27. en slawe en mensesiele,, lett.: en liggame en siele van mense, d.i. die gewone slawe as diensvolk, maar ook n handel in mense waarby ook die siel die lewe, beskik word en die mens as die-kroon van Gods skepping misken deurdat hy soos n siellose dier uitgebuit word. [14] *die vrugte . . . . van jou gewyk*: Babilon het ast ware daarna verlang dat haar ongeregtigheid soos ‘n somervrug ryp sal word, om dit dan ten volle te kan geniet; maar net toe dit ryp was, het God met Sy oordeel oor die stad ingegryp. *en al die blinkende . . . . nooit weer kry nie*: met die wêreldse weelde en die voortbrengsels van die kultuur was dit vir altyd verby. [15] *Die handelaars*: vgl. v. 12 v. sal ver weg staan: vgl. by v. 10 v. [16] *Wee . . . . stad:* vgl. by v. 10. *wat bekleed was . . .. Pêrels*:

en versierd met goud en edelgesteente en pêrels omdat in een uur soveel rykdom verwoes is! [17] En elke Stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan 18)en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad? 19) En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geween en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes! 20) Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het! 21)En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gese: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie. 22) En die stem van siterspelers en sangers

vg1. by 17 : 4. Uit die oogpunt van die handelaar lê die skade in die verlies van stoflike ware; die lewe van mense word nie in aanmerking geneem nie. *in een uur verwoes*: vgl. by v. 10. [17*] elke stuurman . . . . die see bevaar*: die skeepvaart het nog altyd die handel bevorder; daaruit het die seevaarders hul lewensbestaan verdien. Nou kom hulle bedryf ook tot stilstand. *en die hele menigte op die skepe*: is volgens 'n beter tekslesing te vertaal, en *elke kusvaarder. het ver gaan staan*: aangegryp deur die gebeure, vgl. v. 10. [18] *die rook . . . sien:* vgl. v. 9. *Watter (stad)…….stad*: wie kon dit ooit van so 'n stad dink! [19] *stof op hul hoofde gegooi:* as teken van uiterste verslaenheid en droefheid, vgl. 1 Sam. 4 : 12; Job 2 : 12; Eseg. 27 : 30-34. *onder geween . . . . uitgeroep*: vgl. by v. 10 v. *Wee, wee die groot stad*: nou vir die derde keer, vgl. v. 10 en 16. in een uur: vgl, v. 10 en 16. [20] *Verbly jou . . . . o hemel:* terwyl die aarde rou bedryf oor die skielike val van die groot stad, word die hemel opgeroep tot vreugde, vgl. by 12 : 12. *en o heilige apostels en profete*, kan ook vertaal word : en iulle heiliges, en julle apostels en profete. Bedoel word al die gelowiges, insonderheid die apostels van die Nuwe Verbond en die profete van die Ou Verbond, wat in die Naam van die Here teen die ongeregtigheid getuig het. *omdat God . . . . voltrek het:* vreugde mag daar wees omdat God die vonnis wat Hy deur profete en apostels laat aankondig het, nou voltrek het; vgl. die profesieë teen Babel, Jes. 13; 21; 34; 47; Jer. 25; 50 e.a. 21-24. Die val van Babilon word verseker [21] *een sterk engel*: vgl. 5 : 2; 10 : 1, sterk, met die oog op die grootte van die klip en die krag waarmee dit in die sinnebeeldige handeling neergewerp word*. 'n klip in die see gegooi*: as teken van die oordeel van God wat die teenstander volkome uitwis en onsigbaar maak, vgl. Neh. 9 : 11; ook Matt. 18 : 6; Mark.9 : 42. *So, met 'n vaart . . . . gevind word nie*: so sal die wêreldstad, die Babilon met sy skyn van mag, neergewerp word en nie weer opstaan nie; vgl. Jer. 51 : 64. [22] *En die stem . . . .gehoor word nie*: hoe die lewe tot stilstand sal kom, word in drie opsigte geteken: die vreugde-



en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sa1 ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie. 23] En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei.[24] En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is. 19 : 1-10 Val van Babilon — Vreugde en oorwinningslied in die heme [1] En na hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! [2] Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het,

musiek van stem en instrument sal verdwyn, vgl. Jer. 25 : 10; Eseg. 26 : 13; die skone kunste en alle verryking van die lewe deur die wetenskap is verby; en die meul kom tot stilstand, d.w.s. in geen enkele lewensbehoefte word voorsien nie; vgl. Jer. 7 : 34; 25 : 10. [23] *die lig . . . . skyn nie*: alles sal in duisternis gehul wees. *die stem van bruidegom . . . . gehoor word nie*: geen huweliksvreugde meer nie, omdat die lewe geen hoop meer inhou nie, vgl. Jer. 7 : 34; 16 : 9; 25 : 10. *want jou handelaars . . . aarde*: vgl. by 6 : 15; die sonde van die groot stad was o.a. dat sy diegene wat deur handel met haar verryk geword het, verhef het om die grotes van die aarde te wees, en sodoende deur middel van hulle die wêreld te oorheers. *want deur jou towery . . . . verlei*: 'n verdere sonde was om deur kunsgrepe die volke te verlei om nie meer in die lewende God te glo nie. vgl. ook 9 : 21. [24] getuies van Jesus Christus, vgl. by 11 : 8 en 17 : 6. *en van almal . . . . gedood is*: nie alleen in die groot stad self nie, maar ook elders in die wêreld; ook hulle bloed is op rekening van Babilon omdat die gees van daardie sondige stad die

moordenaars besiel het, vgl. v. 3 en 23. God sal Sy reg handhaaf; eenmaal kom die dag wanneer die bloed van die gelowiges gewreek word.

19 : 1-10. Anders as op die aarde, hfst. 18, bring die val van Babilon groot vreugde in die hemel. [1] *En na hierdie dinge*: na wat in die vorige hoofstuk ontvou is, sien Johannes 'n nuwe visioen; hy word weer na die hemel verplaas. *iets soos . . . in die hemel*: dus, geen aardse stem nie, maar 'n hemelse, afkomstig van die engele of van. die geluksaliges; vgl, ook by 14 : 1 v. *Halleluja*: 'n Hebreeuse uitroep wat beteken prys of loof die Here; in die ou Testament kom dit in die Psalms dikwels voor, bv. Ps. 104 : 35; 105 : 45 e.a.; in die Nuwe Testament alleen in hierdie hoofstuk. *die heil . . . . onse God*: 'n lofbetuiging en tegelyk 'n belydenis van geloof; vgl. by 4 : 11; 7 : 10; 12 : 10. [2] *sy oordele ….regverdig:* ook Sy strafgerigte blyk Sy heerlikheid, vgl. by 15 : 3; 16 : 7. *die groot hoer .... . verderf het*. vgl, by

## OPENBARING 19

en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. 3)En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewrigheid. 4) En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! 5) En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! 6) En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. 7) Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee,
want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

17 : 1 v., 18 : 8. Sy is na verdienste gevonnis. die *bloed . . . . gewreek*: d.i. van die getroues wat hul hoogste eer daarin gevind het om slawe van Christus te wees; so is die geroep van 6 : 10 verhoor. [3*] vir die tweede maal . . . . Halleluja*: vgl. v. 1; so groot is die blydskap dat die lof van God herhaaldelik uitgeroep word. *En haar rook . . . . ewigheid:* die oordele van God oor die groot stad is afdoende en ewig; vgl. 14 :.11; 18 : 9, 18. [4] *die vier-entwintig . . . .wesens*: vgl. by 4 : 4 v.; ook 5 : 8, 14; 11 : 16. *neergeval en . . . . aanbid:* vgl 4 : 10; 5 : 14 e.a. *God . . . . wat op die troon sit:* vgl. by 4 : 2 v. *Amen*: dit is so; vgl. 5 : 14; ook 1 : 6. Halleluja: vg1. v. 1. [5] *'n stem....uitgegaan*: hier nie bedoel as die stem van God of van die Lam nie, maar 'n hemelse stem, vgl. 4 : 5, wat die hele menigte van verlostes oproep om aan God lof toe te bring. *klein en groot*: geringes en aansienlikes. [6] *En ek het iets gehoor soos . . . . donderslae*: reeds voorheen gebruikte beelde dien hier om die indruk van die vreugdestem weer te gee; vgl. v. 1; ook 14 : 2; 6 : 1; 1:15. *Halleluja*: vgl. v.
1. *die Here God, die Almagtige*: vgl. by 1 : 8*. het die koningskap aanvaar*: vgl. by 11 : 17, nadat Hy Sy koninklike mag skynbaar ongebruik gelaat het, het Hy dit nou openlik aanvaar. [7] *Laat ons bly wees . . . . heerlikheid gee*. die verlostes roep mekaar op tot verblyding, want die oomblik waarna hulle steeds uitgesien het, het aangebreek. *want die bruilof van die Lam . . . gereed gemaak*: die verhouding van God tot Israel word voorgestel as 'n huwelik, Hos. 2 : 1, 18; Jes. 54 : 5 v.;daarom word Israel se afvalligheid bestempel as hoerery, Jer. 3; Eseg. 16. Wanneer Jesus kom, word Hy voorgestel as die Bruidegom, Matt. 9 : 15; Joh. 3 : 29; en die gemeente van Christus is die bruid, Efes. 5 : 23 v.; 2 Kor.
11 : 2; en die ewige geluksaligheid sal wees soos 'n bruilofsfees, vgl. Matt. 22 : 1 v.; 25 :
1-13. Daartoe maak Sy vrou - die gemeente, die

## OPENBARING 19

8)En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn 1inne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. 9) Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. 10) En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.
11-21 *Oorwinning van Christus oor die dier en die valse profeet*
11) Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd,

kerk van Christus - haar gereed, vgl. 21: 9. [8] *aan haar is gegee:* wat daartoe nodig is, word aan haar geskenk; dit alles is die werk van. Gods genade. om *bekleed te wees . . . linne:* :skitterend in vlekloosheid en kwaliteit van gewaad, maar sonder opsmuk, sy gepas. Gekleed vir die hemelse bruilofsfees; vgl. by 15 : 6. want die fyn linne . . . . heiliges : d.i. die werke of leefwyse in ooreenstemmng met die Woord van God, vgl.:13, wat as vrug van die geloofsgemeenskap met Jesus Christus by die enkelinge gevind word, vgl Joh 15:16 Rom. 6 : 22; Efes. 2 10; Fil. 1 : 11. [9] *Toe sê hy:* dieselfde engel

van 17 : 1, 7, 15. *skryf*. omdat dit van groot belang is vir die kerk van Christus op aarde en daarom deur vaslegging op skrif bewaar en bekend gemaak moet word; vgl. by 1 : 11; 2 : 1, *salig is . . . . van die Lam*: die hoogste geluksaligheid word gesmaak deur te mag aansit by die bruilofsfees wat in v. 7 aangekondig is; die voorreg berus nie op eie verdienste nie, maar op die roeping wat van die evangelie, dus in sy diepste grond van God self, uitgaan. *En* hy sê: Na 'n. pouse en om alle twyfel weg te neem; vgl. begin van, die vers. *Dit is . . . . van God*: daarmee word twee waarhede uitgespreek: die woorde is waaragtig, waar en onwankelbaar en dit is woorde van God, die Almagtige, wat dus nooit ongedaan gemaak kan word nie. daarom moet daarmee rekening gehou word. [10] *voor sy voete . . . . aanbid*: oorweldig deur wat hy sien en hoor gehoorsaam Johannes die drang om te aanbid, sonder om daaraan te dink da thy nou ‘n engel wat ook ‘n skepsel van God is vereer. *Moenie . . . jou broeders*: onmiddellik belet die engel so 'n aanbidding; net soos Johannes en die gelowiges is ook hy enkel 'n slaaf in diens van God, al is dit dan dat hy 'n hoër diens moet verrig wat die getuienis van Jesus het: vgl.12 : 17; d.i. gehoorsame draers van die boodskap, Joh. 20 : 21, wat van Jesus uitgaan en Hom tot inhoud het, vgl. ook 14 : 6. *aanbid God*: alleen God, en geen skepsel of ander wese nie, moet aanbid word, vgl. Matt. 4 : 10. *Want die getuienis . . . . profesie*: die getuienis van Jesus wat Johannes en alle gelowiges aanvaar het, is ook die lewensbeginsel van die profesie; alle profesie word daardeur besiel en het daarmee te doen, gedra deur die Heilige Gees; daarom is hy en die gelowiges met profetiese werk besig; ook die engel doen profetiese werk, hoewel van 'n hoër rang; daarom is die engel 'n mededienskneg van God saam met diegene wat die getuienis van Jesus bewaar. 11-16. Die hemelse Veldheer en Sy leërmag trek uit tot die stryd. [11] *die hemel geopend*

## OPENBARING 19

en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. 12)En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. 13) En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. 14)En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. 15)En uit sy mond gaan daar 'n skerp sward 6m die nasies daarmee te_slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer en trap die parskuip van die wyn an die grimmigheid en van die toorn, van God , die.,Almagtige. 16) En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is:

*gesien*: voorheen het Johannes net 'n geopende deur in die hemel gesien, 4 : 1; nou word die hemel self geopen, sodat die Here kan uitgaan vir die stryd. *'n wit perd*: vgl. by 6 : 2. *Getrou en Waaragtig*: twee benaminge van Jesus in Sy heerlikheid, 1 : 5; 3 : 7, 14. *Getrou* is Hy omdat Hy Sy beloftes van volkome verlossing en heerlikheid hou, 2 : 7, 11, 17, 2628; 3 :5, 12, 21; *en Waaragtig* omdat woord en daad by Hom ooreenstem Die ruiter is dus Jesus Christus. en *Hy oordeel . . . . geregtigheid*: Sy doel is om gerig te hou en oorlog te voer, sodat Hy daardeur die heilige reg van God volvoer. [12] *sy oë . . . vuurvlam*: vg1. by 1 : 14. *op sy hoof was baie krone*: d.i. hy oefen onbeperkte koninklike heerskappy uit; vgl. die beperkte aantal krone van die draak, 12 : 3, en die dier uit die see, 13 . 1. *'n Naam wat geskrywe is*: vgl. by 3:12; die Naam is vir altyd geskrywe en dus onafskeidelik van Hom. *wat niemand ken nie*. die naam dien as uitdrukking van die wese; omdat die wese van Christus so groot en heerlik is, kan niemand behalwe Hy self dit ten volle begryp nie. [13] *'n kleed wat in bloed gedoop was*: d.i. rooi gekleur deur die bloed van vertrapte vyande, vgl. Jes. 63 : 2; Hy is die triomferende. *sy Naam is: Die Woord van God*: soos Jesus Christus genoem word in Joh.1 : 1, 14; 1 Joh. 1 : 1; 5 : 7, om Hom aan te dui as die volle openbaring van die lewende God en die bekendmaking van Sy heilsgedagtes teenoor die verlore sondaars. Wat dit alles inhou, kan die mense alleen verstaan in sover Hy dit aan hulle bekend maak, vgl. Matt. 11 : 25 v. [14] *die leërs . . . fyn linne*: die hemelse leerskare van engele, vgl. Matt. 25 : 31, gekleed as geheiligdes en oorwinnaars, vgl. v. 8, trek saam met Christus uit op wit perde, v. 11. [15] *uit sy mond . . . .'n skerp swaard*: vgl. by 1 : 16; ook 2 12, 16. *met 'n ysterstaf regeer*: vgl. by 2 : 27. *Hy trap die parskuip . . . . van die toorn*: vgl. 14 : 18-20; Hy self, deur die swaard van Sy Woord, voer die eindoordeel van Gods grimmigheid uit. God, die Almagtige: vgl. by 1 : 8. [16] *En Hy dra . . . die Naam*: op Sy kleed as teken van Sy waardigheid, en op die heup, die simbool van krag, word Sy Naam nou alom bekend gemaak. *Die Koning . . . .*

## OPENBARING 19

Die Koning van die konings en die Here van die here. [171 En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, [18] dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal,

vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. [19] En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te over teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. [20] En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

*van die here*: vgl. by 17 : 14; aan Hom is alle rnag in die hemel en op die aarde gegee, Matt. 17-18. Oproep tot 'n grusame maaltyd. [17] *een engel sien staan in die son*: soos elders word ook hier die werklike stryd nie beskryf nie, maar alleen die afloop daarvan die engel staan in die son sodat hy in die hele hemelruim sigbaar en hoorbaar kan wees. *met 'n groot stem uitgeroep*: vgl. by 6 : 10. *vir al die voëls . . . . vlieg*: die hoog vliegende voëls, d.i. arende, aasvoëls, roofvoëls; so groot is die slagting dat daar vir hulle almal oorvloedig te aas is*, Kom . . . . tot die maaltyd*: teenoor die bruilofsmaal van die Lam in die hemel, v. 7 en 9, rig God 'n grusame eetmaal aan op aarde vir die aasvoëls; vgl. Eseg. 39 : 4, 1720. [18] *die vlees van konings . . . . van almal* die hele goddelose mensheid in al sy geledinge, regeerders en onderdane, krygsmanne en hulle perde, al wat leef, is neergewerp in een massa aas. Met die lewe op aarde is dit verby, *klein sowel as groot:* eenvoudiges en aansienlikes; by God is geen aansien van die persoon nie; vgl. v. 5; 13 : 16. 19-21. Die dier en die valse profeet word oorwin.[19] *ek het die dier . . . . versameld gesien:* 'n enkele greep uit die stryd wat volgens v 17-18 reeds verby is, word vermeld; Johannes sien die leërmag wat volgens 17 : 14 teen die Lam optrek; die Antichris, 13 : 1 v voer self die konings van die aarde, 18 : 9, en hulle leërs aan. *teen Hom … en sy leër*,

11-14. [20] *die dier is gevange geneem*: eintlik kom daar geen o rlo s.oorlog tussen die twee leërmagte nie; Christus oorwin deur Sy Woord v15. Die dier, d.i. die Antichris, 13 : 1 v dit is die dier uit die aarde, word d.i. die dier uit die aarde, word saam met die Antichris gevange geneem en daarmee word hulle

## OPENBARING 19, 20

[21] En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.
20: 1-6 *Die Satan duisend jaar gebind Die gelowiges heers saam met Christus*
1)En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. 2) En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom gebind duisend jaar lank, 3) en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

mag beëindig. *Lewend . . . . met swawel brand*: onmiddellik en sonder dat hulle lewe uitgewis word, word hulle in *die poel van vuur gewerp*, brandende met swawel, vgl. 9 : 17 v.; 4 : 10 v.; ook Gen. 19 : 24, om ewig deur die vuur van Gods toorn verteer te word, met ewige wroeging, pyn en onrus. In dieselfde poel van vuur word alle ongelowiges geslinger by die wêreldvoleinding, vgl. 20 : 14 v.; 21 : 8, waar geween en gekners van tande sal wees, Matt. 8 : 12; 13 : 42, 50; 22 : 13; 24 : 51, 25 : 30. [21] *En die ander . . . . op die perd sit*: al die volgelinge van die Antichris en van die valse profeet word uitgewis deur die Woord, v. 15, van Hom op die wit perd, v. 11. Sy Woord, wat lewendig maak, bring ook die dood van al Sy vyande. en *al die voëls . . . . vlees*: vgl. by v. 17 v. 20 : 1-3 Die Satan word vir duisend jaar gebind. [1] *ek het 'n engel . . . . sien neerdaal:* die nuwe visioen gryp terug op hfst. 12: die draak se bedreiging van die vrou en haar manlike Kind. Die engel uit die hemel kom met 'n goddelike opdrag. *met die sleutel van die afgrond*: vgl. by 9 : 1. *en 'n groot ketting*: groot omdat daarmee die geweldige mag van die Satan beteuel sal word. [2] *die draak gegryp*: vgl. by 12 : 3. Met sy verskillende name word hy genoem om sy goddelose wese en werk aan te dui. *die ou slang*: vgl. 12 : 9; 'n herinnering aan sy optrede aan die begin van die geskiedenis, Gen. 3 : 1 v. *die duiwel*: die verleier of bedrieër, wat hom teen God verset en Sy Naam laster, vgl. 12 : 9. *Die Satan*: die Hebreeuse benaming vir die vyand van God, die duiwel. en hy het hom gebind: midde-in sy duiwelse werksaamheid word hy gebind, d.i in sy bose werk gestuit. Vgl. Luk 10 : 18. *duisend jaar lank*: 'n simboliese getal wat volheid en volkomenheid voorstel, vgl. by 7:4; tog 'n bepaalde, begrensde tydperk in hierdie geval, lank van duur, maar volkome, omdat God se raadsplan ten volle tot uitvoering kom. [3] *hom in die afgrond gewerp* in die put waarin die bose geeste gebonde gehou word, vgl. 9 : 1 v. *hom toegesluit . . . . verseël*: met 'n deksel toegemaak en verseël sodat hy nie kan uitkom nie; vgl. die verseëling van die graf van Jesus, Matt. 27 : 64 v. *die nasies nie meer sou verlei . . . . nie:* hy is verhinder om in eie persoon sy onheilige werk voort te sit en die volke van die wêreld te verlei om teen God in opstand te kom*. totdat die duisend jaar voleindig i*s: die finale oordeel oor die duiwel is dit nog nie; hoewel hy self gebind is, kan hy tog nog deur sy helpers uit die hel die mense verlei en die kerk vervolg, vgl. sy aanval op die vrou, 12 :13-17 sy verderflike werk is egter aan bande gelê vir die vasgestelde tydperk wat intree met die-koms van Jesus Christus in die vlees as Verlosser Luk. 10 : 18 *daarna moet hy* volgens die raadsplan van God; Hy beskik en bepaal

die tye en geleenthede ook van die Satan. *'n kort tydjie ontbind word*: 'n tyd sal aanbreek, nog binne die aardse bedeling

## OPENBARING 20

> 4)En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie,en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. 5) En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. 6) Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie,

wanneer Satan deur die toelating van God losgelaat sal word om sy bose werk te volvoer - vir alle gelowiges 'n tyd van ontsettende smarte, maar tot troos word verseker dat dit slegs 'n kort tydjie sal wees voordat dit deur goddelike ingryping beëindig sal word. Vgl. dieselfde uitdrukking in 6 : 11; 12 : 12; 17 : 10. 4-6. Die getroues heers soos konings gedurende die duisend jaar. [4] *En ek het trone gesien:* gereed vir die wat tydens die gevangenskap van Satan heerskappy sal uitoefen; vgl. Dan. 7 : 9, 22, 27. *en hulle het . . . . sit*: eers later blyk dat dit die siele is van diegene wat die getuienis van Christus getrou bewaar het aan hulle is die oordeel gegee. Die bevoegdheid om vonnis te vel is aan hulle verleen; vgl. Matt. 19 : 28; Luk. 22 : 30; 1 Kor. 6 : 3. Dus, gedurende die duisend jaar beskik hulle oor koninklike heerskappy, deur God aan verleen *die siele . . . . woord van God:* vgl by 6 : 9 daaronder is nie net die martelare te verstaan nie, maar almal wat op die een of ander wyse gely het weens hul trou aan die Here; dus die hele gemeente van Christus, wat in hierdie wêreld die karakter dra van 'n gemeente onder die kruis. *die getuienis van Jesus:* vgl. by 1 : 2*. en die wat die dier . . . . ontvang het nie*: vgl. by 13 : 4, 8, 16. *en hulle het geleef* hul aardse sterwe was 'n ingang in die eintlike lewe, sodat hulle in werklikheid van toe af geleef het in die volste en heerlikste sin van die woord-en as en as konings geregeer: deur hulle oefen Christus Sy heerskappy uit oor die volke van die wêreld gedurende die duisend jaar waarin Satan gebind is. Aan twee groepe is die koninklike heerskappy dus gegee : aan die siele van die onthoofdes, en aan diegene wat getrou weerstand teen die dier gebied het; hulle saam vorm die van Christus. [5*] die ander dode het nie herlewe*; d.i. diegene wat buite Christus gesterf het, die ongelowiges ; hulle hulle almal gaan met die sterwe nie die lewe in nie, maar die dood, die duisternis. *totdat . . . . voleindig was* Na afloop *v*an die duisend jaar, vgl. v. 3, sal hulle voor die troon van God verskyn, maar slegs om dan vir ewig onherroeplik die dood ingeslinger te word. Dit is die eerste opstanding onderskeie van die tweede opstanding nl. Die opstanding van die liggaam by die voleinding Die dood lei tot ‘n nuwe bestaan: dit kan wees tot die lewe, soos in v. 4 genoem. Of tot die dood v 5; in albei gevalle kan die deurgang genoem word 'n opstanding, vgl Joh 5 : 29. [6*] Salig en heilig*: gelukkig in die hoogste mate, en volkome aan God toegewy die staat van reine geluksaligheid wat die gelowiges met die dood binnegaan. *hy wat deel het aan die eerste opstanding* d.i. erfgenaam geword het van die lewe in Christus; tans die eerste opstanding 'n ruimer betekenis, nl. die oorgang uit die geestelike dood na die lewe in Christus vgl. 1 Joh 3:14. Hierdie vernuwing in Christus waarborg

## OPENBARING 20

> Maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. 20:7-10 *Die Satan word losgemaak en vir altyd oorwin*
> 7)En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; 8)en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. 9)En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. 10) En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

die oorgang uit die aardse lewe na die geluksaligheid van hierna. *die tweede dood geen mag nie*: vgl. by 2 : 11. *hulle sal priesters . . . . as konings regeer*: voor God verkeer in toe wyding van hu1 lewe in diens en aanbidding, en deel in die heerskappy van Christus, vgl. by 1 : 6. Daarmee word met groot sekerheid bevestig dat die heerlikheid vir die kinders van die Here weggelê is by hul sterwe. *duisend jaar lank*: vgl. by v. 1 en 3. 7-10. Satan vergader die volke tot die stryd, maar word self in die vuurpoel gewerp. [7] *sal die Satan . . . . ontbind word*: na die bepaalde tydperk van gevangenskap, v. 1, word Satan uit die afgrond bevry, om vir 'n kort tydjie, v. 3, in sy volle woede en krag teen God op te tree. [8] *en hy sal uitgaan . . . . aarde* is: alle Gode vyandige volke uit die vier windrigtings, vgl. 7 : 1, word deur

Satan saamgeroep tot die laaste slag. Met die Antichris en die valse profeet is reeds afgereken, 19 : 20; nou kom Satan self aan die beurt. Intussen is die gelowiges verseker van veiligheid by die Lam, 19 : 16 v. *die Gog en die Magog:* vgl. Eseg. 38 en 39, waar blyk dat Gog die vors is van die vergeleë land Magog; die twee name word verbind om daarmee die groot mag van die vyandige volke aan te dui. Wie hiermee aangedui word, kan nie vasgestel word nie; genoeg is dit om te weet dat dit die verenigde leërmagte voorstel van alle Gode vyandige volke oor die .wereld wat hulle gereed maak vir die oorlog teen God en Christus. soos die sand van die see: ontelbaar in menigte, vgl. Jos. 11 : 4; Rigt. 7 : 12. [9*] opgekom oor die breedte van die aarde*: van alle kante, sodat hu11e die aarde bedek. *en die laer . . . . stad omsingel*: met twee beelde word nou bekend gemaak dat die Satan sy magte stel teenoor die kerk van Christus op aarde: die van die laer rondom die tabernakel in die woestyn toe Israel sonder verblyfplek moes swerf; en die van Jerusalem as die stad wat dikwels beleer is, maar deur God uitgered word, vgl. Jes. 26 . 1. Die eindstryd sal hiervolgens wees tussen die kerk van Christus, die Christene, en die heidense wêreld, die nie-Christene. Dit bring ontsettende benouing vir die gelowiges. en *vuur het . . . . hulle verslind*: onverwags gryp God vanuit die hemel in en verteer die teenstanders met vuur, vgl. 2 Kon. 1; sien veral Eseg. 38 : 22; 39 : 6. [10] *die duiwel . . . . valse profeet is:* vgl. by 19 : 20. Daarmee kom Satan aan die einde van sy rol; hy met sy helpers is finaal weggeveeg van die aarde en in die plek van ewige pyniging gewerp. *dag en nag gepynig*: vir hulle as voorwerpe van die toorn van God is daar hoegenaamd geen rus nie; voortdurend word hulle aller smarteliks gepynig tot in ewigheid; die w0ord in 14:10 word aan hulle vervul.

## OPENBARING 20

20) 11-15 *Die laaste oordeel*

11)En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. 12)En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. 13)En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. 14) En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

11-15. Die Here hou die laaste gerig. [11] *'n groot wit troon*: nadat met die Satan en alle bose magte afgereken is, moet alle mense voor die troon van God verskyn. Die troon is groot, d.i. van buitengewone afmetinge, om uitdrukking te gee aan die grootsheid van die heerskappy van Hom wat daarop sit; en wit, d.i. die kleur van heerlikheid en heiligheid. Vgl by 4 : 2. Hom wat daarop sit: Hy word nie beskryf nie; geen woorde sou Sy heerlikheid kan uitdruk nie; bedoel word God self, vgl. 4 : 3*. voor wie . . . . weggevlug* het: die hele skepping wyk in angs en ontsag; vgl. ook 6 : 14; 16 : 20 en Ps. 114 : 3, 7. Deur magswerkinge van God word die skepping wel nie aan ewige straf onderwerp soos die Satan nie, maar gaan dit as 't ware 'n dood in, om dan weer as 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te verskyn, vgl. 21 : 1. *geen plek . . . . gevind nie:* vgl. by 12 : 8; wat deur 2 Pet. 3 : 10, 12 aangekondig is, gaan in vervulling, maar uit die ondergang van die aarde kom weer die nuwe te voorskyn. [12] *het die dode . . . . sien staan*: alle gestorwenes sonder aansien des persoons, gelowiges en ongelowiges, v. 15, is voor die troon gestel ten einde die uitspraak voor die regbank van God te verneem. *klein en groot*: vgl. 11 : 18. en *die boeke is geopen:* d.i. gedenkboeke by God, waarin alles wat die mens bedink of gedoen het, opgeteken staan; vgl. Dan. 7 : 10. *en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen*: daarin staan die name van die wat deur die geloof in Christus die ewige lewe deelagtig geword het; vgl. by 3 5; 13 : 8. *die dode is geoordeel . . . . volgens hulle werke*: die gebruik van die boeke bewys die regverdigheid van die oordeel; dit geskied volgens die feite uit die lewe van elkeen afsonderlik, vgl. by 2 : 23; ook Pred. 24 : 12• Ps. 69 : 29. [13] *die see. die dood en die doderyk* wanneer die Here tot die laaste oordeel oproep, is daar geen mag wat in staat is om een enkele gestorwene, waar of hoedanig sy graf ook mag wees, terug te hou nie; die dood en die doderyk self, vgl. 6 : 8, moet die dode uitlewer aan Hom wat die sleutel dra, 1 : 18; dit word een algemene opstanding van die dode. *en hulle is . . . hulle werke* sien v. 12. [14] *die dood . . . . vuur gewerp*: die wat weens die sonde geheers. het en as die laaste vyand bestempel word, word nou op dieselfde wyse as Satan en sy bose magte "vernietig"

## OPENBARING 20, 21

[15] En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie,is hy in die poel van vuur gewerp.

21:1-8 *Die nuwe hemel en die nuwe aarde*

1)En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. 2) En ek, Johannes, het die

heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. [3] En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor se: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, n Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

vgl. 1 Kor. 15 : 26; sien 19 : 20; 20 : 10 hierbo. Dit is *die tweede dood*: vgl. by 2 : 11; 20 : 6. [15] *En as dit bevind is . . . . lewe nie*: daaruit blyk dat alle mense, ook die goddelose wat die dier aanbid het, 13 : 8, en hulle van die Lam afgekeer het, voor die troon verskyn. Hulle sal die lewe nie sien nie, vgl Joh. 3 : 36; sien ook v. 12 hierbo. *in die poel van vuur gewerp*: vgl. by 19 : 20; 20 : 10, 14; hulle deel die ewige lot van die Satan en van die dier wat hulle aanbid het. 21 : 1-8. Alles word nuut. [1*] 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien*: nie 'n geheel nuwe skepping nie, maar 'n herskepping, 'n vernuwing van die bestaande hemel en aarde, sodat dit nou sonder sonde en skuld sou wees; vgl. by 20 : 11; Jes. 65 : 17; 66 : 22; 2 Pet. 3 : 13. *want die eerste . . . verbygegaan*: alles wat met die sonde deurtrek was, moes tot niet gaan, sodat die nuwe in die staat van geregtigheid te voorskyn kon kom, vgl. 20 : 11. *die see . . . . nie meer nie*: vgl. by 12 : 18; 13 : 1; die see simboliseer die duistere agtergrond van dinge waaruit die bose, die ongeregtigheid opkom; ook maak die see skeiding en bring dit vyandskap; waar die see nie meer bestaan nie, kan die kwade nie meer sy verskyning maak nie. [2] *En ek, Johannes*: die naam ontbreek in die beste tekslesing. die heilige stad, *die nuwe Jerusalem . . . . uit die hemel*: die teenoorgestelde van die onheilige wêreldstad, 11 : 8; 17 : 1-18 : 24; die nuwe Jerusalem, vgl. by 3 : 12, soos die heilige stad van ouds, dien as woonplek van God en Sy eie volk, Ps. 132 : 13 v.; Gal. 4 : 26; Hebr. 12 : 22, en is herskep om die heilige middelpunt van die nuwe aarde te wees. Deur God self is dit vernuwe; daarom ontwikkel dit nie uit die aarde tot volmaaktheid nie, maar daal dit uit die hemel, vgl. Hebr. 11 : 10. *soos 'n bruid . . . . versier is* die voorkoms is soos die van 'n bruid op haar troudag, vgl. v. 9 v.; 'n beeld van lieflikheid en reinheid. Die beeldspraak herinner ook aan die van 19 : 7 v. [3] *'n groot stem uit die hemel*: vgl. 16 : 1; 19 : 5; *groot,* omdat hy die nuus van die heerlike voleinding aankondig. die tabernakel . . . by die mense: die beeld uit die treklewe van Israel word weer aangewend, vgl. 20 : 9, om te verseker dat God in nouste gemeenskap met Sy uitverkore volk sal verkeer. *en Hy sal by hulle woon*: nou nie meer deur Sy Woord nie, maar regstreeks, in heilige gemeenskap, maak Hy Sy tuiste by Sy heilige volk, vir ewig. Vgl. Eseg. 37 : 27; 2 Kron. 6 : 18; 2 Kor. 6 : 16. *en hulle sal sy volk wees . . . . hulle God:* die beloftes aan Israel gaan nou in hul rykste en

## OPENBARING 21

4)En God sal al die trane hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. 5) En Hy wat op die troon sit, het gese: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gese: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. 6) En Hy het vir my gese. Dit is verby, Ek is die Al.fa en die 0mega, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. 7) Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. 8) Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes

heerlikste sin in vervulling, vgl. Lev. 26 : 11 v.; Jer. 31 : 33; Sag. 8 : 8. [4] *God sal ….. oë afvee,* lett.: *Hy sal . . . .* ; die vreugde van die nuwe Jerusalem word beskryf teen die agtergrond van die smarte van hierdie lewe; God self sal die trane afdroog deurdat Hy die oorsaak van droefheid, die sonde, uitgewis het; vgl. 7 : 17. *geen dood meer wees nie*: omdat hy uitgeban is, vgl. by 20 : 14. *ook droefheid . . . . wees nie*: omdat sonde en dood weg is is ook hulle gevolge, waardeur die lewe enkel moeite en verdriet geword het, uitgeskakel, sodat volmaakte vreugde kan bestaan; vgl. Jes. 35 : 10; 51 : 11; 65 : 19. *want die eerste dinge het verbygegaan*: die bedeling van die aardse lewe is verby; nou het die nuwe met volkome nuwe verhoudinge en omstandighede aangebreek. [5] *En Hy . . . . sit*: God as Koning van die heelal; vgl. 20 : 11; 4 : 2 v. *Kyk, Ek maak alles nuut*: vgl. Jes. 43 : 18 v.; tans kom die uitspraak nie meer as belofte nie, maar as woord van God wat onmiddellik in volvoering gaan; daarmee is die herskepping van alle dinge voltooi, sodat dit nou beantwoord aan die oorspronklike doel van die skepping, nl. om God te verheerlik. *En Hy het . . . . gesê*: moet liewer geskryf word : en hy het . . . gesê, d.w.s. die engel wat telkens as spreker optree, 14 : 13; 19 : 9, 22 : 8. *Skryf*: vgl. by 1 : 11; 14 : 13; 19 : 9. *Waaragtig en betroubaar*: vgl. by 19 : 11; ook Ps. 33 : 4, 9. [6] *En Hy het . . . . gesê*: tans spreek God self om die afloop van alle dinge te konstateer. *Dit is verby*, lett.: hulle het geword , d.w.s. die vernuwing van alle dinge, v. 5a, het in die volle verskeidenheid daarvan nou die punt van voltooiing bereik. Die heilsplan van herskepping waarmee God deur die hele geskiedenis heen besig was, is nou afgehandel. *Ek is die Alfa en die Omega:* vgl. by 1 : 8, daarmee word aan die einde van die geskiedenis bevestig dat God die begin en die einde van alle dinge is, vgl. Rom. 11 : 36. *Aan die dorstige . . . . verniet*: vgl. 7 : 16 v. Jes. 55 : 1; nog eens word die versekering gegee dat die gelowiges wat soos dorstendes na die lewe op aarde verkeer het, nou die volle hemelse verkwikking deelagtig word, verniet, d.i. as genade gawe in Christus. [7] *Hy wat oorwin . . . . beërwe*: vgl. by 2 : 7; diê wat in die stryd van geloof standhou, sal alles

wat in die voorafgaande verse toegesê is, as vrye beskikking van God deelagtig word. *Ek sal vir hom . . . . 'n seun wees*: vgl. by v. 3; die tweeledige uitspraak kom voor in verband met die verbondsverhouding, Gen. 17 : 7; 2 Sam. 7 : 14; Ps. 89: 27 v sodat hier 'n toespeling is op die volkome herstel van die verbondsverhouding met al die seëninge wat dit vir die verloste inhou. [8*] Maar wat die vreesagtiges* aangaan . ..*en*

## OPENBARING 21

en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars - hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood. 9-27 *Die nuwe Jerusalem*

9)En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het,vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gese: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. 10)En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; 11)en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen. 12) En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad,

*al die leuenaars*: teenoor die versekering van geluksaligheid vir die kinders van God, v. 7, staan die vermaning aan diê wat samegevat word as *al die leuenaars*, d.i. wie se bestaan deurtrek is van en bestuur word deur die leuen, daaronder word sewe groepe genoem: *vreesagtiges* of lafhartiges, wat dit nie waag om op die beloftes te vertrou nie; ongelowiges of ontroues, wat nie hul vertroue in Christus stel nie; gruwelikes of verfoeilikes, weens hul afgodiese en teennatuurlike praktyke, vgl. 17 : 4; *moordenaars* in letterlike en geestelike sin, Matt. 5 : 21 v.; 23 : 15; 1 Joh. 3 : 15; *hoereerders*, vgl. by 2 : 14; 17 : 2; 18 : 3, 9; *towenaars*, wat voorgee dat hulle oor geheimsinnige kragte beskik en daardeur mense van God weglei, vgl. 18 : 23; *afgodedienaars* in meer as een opsig, vgl. Efes. 5 : 5. *hulle deel is . . . . swawel*: as erfdeel ontvang hulle dieselfde helse pyniging as die Satan, vgl. 19 : 20; 20 : 10. *dit is die tweede dood*: vgl. by 20 : 14. 9-27. Beskrywing van die nuwe jerusalem. [9] een van die sewe engele: vgl. 15 : 1;17 : 1. *Kom hierheen . . . . van die Lam*: die woorde van die oproep kom ooreen met die van dieselfde engel in 17 : 1 toe aan Johannes die groot hoer en haar veroordeling getoon is Deur daardie en die daaropvolgende gerigte van God is die ongelowige mensheid afgeskei van die kerk van Christus, daarom kan dieselfde gerigsengel nou die eindresultaat van sy arbeid aantoon, nl. die kerk in sy volle glorie as bruid en vrou van die Lam, vgl. 19 : 7; 21 : 2. Die nuwe Jerusalem is dus 'n sinnebeeldige voorstelling van die kerk van Jesus Christus in volle vereniging met die Bruidegom. [10] *in the gees weggevoer*: vgl. 17 : 3; daarmee kry hy 'n nuwe visioen te sien. *op 'n groot .. . stad getoon*: d.i. op 'n baie hoë plek van waar hy die hemelse stad kan aanskou. *die heilige Jerusalem, wat . . . . neerdaal*, lett. : die heilige stad, Jerusalem, . . . . neerdalende . . . . Dus ook nou sien Johannes die stad as dalende van God uit die hemel, vgl. v. 2. [11] *dit het die heerlikheid . . . .gehad:*die ligglans van Gods heerlikheid het die stad bestraal, Jes. 60 : 1, en daaruit voortgestraal. en sy lig was soos . . . . jaspissteen: vgl. by 4 : 3; soos die kosbaarste edelsteen wat vonkelend die lig van die son weerkaats; in die sin was die skittering van die heilige stad die weerkaatste lig van Gods heerlikheid. [12] 'n groot en hoë muur: soos 'n sterk en veilige vesting, vgl. Jes. 26 : 1. met twaalf poorte: om ruim toegang te verleen aan almal wat tot die nuwe

## OPENBARING 21

en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik die van die twaalf stamme van die kinders van Israel. 13)Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. 14) En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. 15)En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. 16)En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisendvyfhonderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat *die maat* van 'n engel is.

volk van God behoort. by die poorte *twaalf engele*: as wagte wat die. onbevoegdes moet uitsluit, vgl. Gen. 3 : 34. *en name daarop .... van Israel*: daarmee is aangedui dat die stad die woonplek is vir die hele Israel, d.i. geestelike Israel, vgl. by 7 : 4, ook het die getal 12 hier sy simboliese betekenis, vgl. 7 : 4. Sien ook Eseg..48 : 31-34. [13] *Aan die oostekant . . . . drie poorte*: aan elk van die vier kante wat saam uitkyk oor hele wêreld, is daar drie poorte; die getal 4 dien om die hele wêreld, die ganse

mensheid, aan te dui. die getal 3 dui die drie-enige God aan, vgl. by 7 : 4. Dus versinnebeeld die drie poorte aan die vier kante die genadewerk van God aan die mensheid, waardeur Hy uit alle volke en tale Sy heilige volk vergader. [14*] twaalf fondamente . . . . apostels van die Lam*: die fondamente waarop die stad rus, strek dus van poort tot poort en dra die name van die apostels wat deur die prediking van die evangelie van Jesus Christus die grondslag van die kerk gelê het. Omdat die getal 12 simbolies is, hoef ons nie te vra welke name tot die twaalf gereken moet word nie. [15] *En hy . . . . gespreek het*: die engel, v. 9. *'n goue meetroede . . . te meet*: vgl. 11 : 1; van goud is die meetroede, om betroubaar te wees en by die heerlikheid van die stad te pas. Deur die meting word dit aan 'n beoordeling onderwerp; daaruit sal blyk dat dit in alle opsigte ooreenstem met die heilige raadsplan van God. volmaak, heilig en goed. [16] *die stad het vierkantig gelê*: die grondvlak was vierkantig,d.i. reghoekig en vas. *sy lengte . . . . as sy breedte*: dus gelykkantig, eweredig, simmetries. gemeet *op duisend-vyfhonderd myl*, lett.: twaalfduisend stadia. Ook die getal het sinnebeeldige betekenis; dit is 'n twaalfde deel van die 144,000 van 7 : 4 v. en dui dus op 'n sekere verhouding tussen die getal verlostes en die grootte van die nuwe Jerusalem. Die get.al 12 x 1000: vgl. by 7 : 4 en v. 13 hierbo; daarmee word 'n maat aangegee wat volkomelik (1000) die vrug van Gods genadehandeling met die mense (3 x 4), nl. 144,000 verlostes, kan huisves. *sy lengte . . . . was gelyk*: d.i. 'n kubus; vir ons is dit moeilik voorstelbaar, maar dit gaan om beeldspraak waarby hoofsaak is dat ruimte gebied word vir die verlostes uit alle eeue en alle geslagte, 7 : 4. [17] *sy muur . . . . honderd-vier-enveertig el*: d.i. in hoogte geweldig hoog, om daarmee sy sterkte aan te dui. Hoofsaak is die simboliek van 12 x12 vgl. v. 16, wat die vrug van die volle genadewerk van God aan die mense uitdruk. *volgens n mens . . . . engel is*: in die visioen gebruik die engel die gewone maat wat onder die mense

## OPENBARING 21

18)En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. 19)En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis. 21)En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een perel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas. 22) n 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. 23) En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. 24) En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel,

bekend is. [18-20] Die stad is gebou van die kosbaarste materiaal wat die mense ken, vgl. Jes. 54 : 11 v. jaspis: vgl. by 4 : 3. *suiwer goud soos suiwer glas*: so suiwer dat die lig deurstraal. saffier: donkerblou, vgl. Jes. 54:11. Chalcedoon: groenglansend of blou. smarag: groen, vgl. 4 : 3. sardoniks: gemeng wit en rooi. sardius: dieprooi, 4 : 3. chrisoliet: goudgeel. beril: blougroen of ook kleurloos. topaas: geelgroen of goudkleurig. chrisopraas: bleekgroen. hiasint: skitterend blou. ametis: violetkleurig. Vgl. vir die geheel Ex. 28 : 17-20. [21] *die twaalf poorte . . . . pêrels*: elke poort was 'n geweldige pêrel, waardeur die prag en skittering van die stad aangedui word die *straat . . . . glas*. van suiwer en deurskynende goud is die straat waarop die geluksaliges mag wandel. [22] 'n *tempel . . . . gesien nie:* in die tempel, deur bemiddeling van die priesterdiens, het die volk van God gemeenskap met die Here geoefen. Deur die koms van Jesus word regstreekse gemeenskap moontlik, vgl. Joh 4 : 24; maar in die nuwe Jerusalem word die volmaakte gemeenskap ondervind sonder dat daartoe 'n tempel nodig is. *want die Here . . . . en die Lam*: die Here God is nou vir die gemeente alles wat voorheen deur die tempel voorafgeskadu is; en daarby is die Lam, Christus, die Middelaar van die gemeenskap tussen God en mens, vgl. Joh. 14 6; 1 Pet. 5 : 18. [23] *die stad het . . . hom verlig*: die hemelliggame wat vir die aardse lewe as ligdraers gestel is, Gen. 1 : 14-18, is nie meer nodig nie, omdat die ligheerlikheid van God alles beskyn en deurstraal, v. 11; Jes. 60 : 19. *en die Lam is sy lamp*: d.i. die draer of bemiddelaar van die lig wat van God uitgaan; ook hierin is die Lam die Middelaar en doen Hy self die dienswerk wat die Woord op aarde verrig het, Ps. 119 : 105. [24*] die nasies . . . . wandel*: die inwoners van die nuwe Jerusalem sal nie net uit Israel wees nie,

## OPENBARING 21, 22

en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin 25)En bedags - want nag sal daar nie meer wees nie - sal sy poorte nooit gesluit word nie;
26)en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring. 27) En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam ;

22:1-5 *Die staat van geluk in die nuwe Jerusalem*
1)En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. 2)In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra

maar die gereddes uit al die volke van die aarde; vgl. Jes. 60 : 3 v. *en die konings ….eer daarin*. die vorste wat die lig gevind het, bring in dankbaarheid hulle skatte daarin, nl. hulle glans en glorie, Jes. 60 : 6. Van alle kante sal die Here mense toebring wat in Sy genade deel. [25] *bedags . . . . gesluit word nie*: altyd is daar vrye toegang vir diegene wat dit in waarheid verlang; ook is alle vyande oorwin, sodat geen gevaar meer dreig nie; die nag self met sy duisternis en verskrikking bestaan nie meer nie; alles is enkel lig; vgl. Jes. 60 : 19 v. [26] *die heerlikheid . . . . daarin bring:* vgl. v. 24; by die konings sluit ook die volke hulle aan, om hul hoogste verering daarin te bring. [27] *daarin sal nie inkom leuens doen nie*: al staan die poorte oop, mag niks en niemand binnegaan wat nie beantwoord aan die heiligheid en heerlikheid van die gemeenskap met God nie; die genoemdes in 21 : 8 word uitgesluit. *maar net die wat . . . . van die Lam* vgl. by 20 : 15. Die boek word genoem *van die Lam* omdat Hy die weg tot die lewe geopen het en self ook die lewe is, vgl. Joh. 11 : 25; 14 : 6. 22 : 1-5. Die volsalige geluk in die heilige Jerusalem. [1] *En hy*: d.i. die engel, 21:10. *'n suiwer rivier . . . . soos kristal*: 'n oorvloedige stroom suiwer water van die lewe) vgl 7 : 17; 21 : 6; 22 : 17; ook Eseg. 47, waardeur alle dors geles sal word, vgl. Jes. 55 : 1, *wat uitstroom . . . . van God*: die stroom het sy oorsprong in God, van wie die lewendmakende genade uitgaan. *en van die Lam*: weer beklee 'Hy die posisie van Middelaar wat die lewende water vir Sy eiendom verwerf. [2] *In die middel van . . .*
*. die boom van die lewe:* eintlik staan daar : lewensgeboomte, m.a.w. nie een enkele boom van die lewe nie maar die bome as soort was lewensbome; wat in die paradys as een boom van die lewe aanwesig was, Gen. 2 : 9, staan hier in oorvloed in die straat waar die verkeer is, sodat elkeen van die vrugte kan gebruik; daar sal dus ook geen honger wees nie. *wat twaalf maal vrugte gee*: elke maand is daar oorvloedig vrugte wat deur die rivier gevoed word; die vrugte vir die ewige lewe is dus ook uit God. *en die blare van die nasies*: almal uit alle volke wat toegang verkry, vgl. 21 : 23, vind genesing van die lewensbome. Toe Adam die verbode vrug geëet het, het siekte, lyding, pyn oor sy na komelinge gekom; maar in die nuwe Jerusalem neem die blare van die lewensbome alle

## OPENBARING 22

en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.
3)En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sa1 daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.
4)En hulle sal sy aangesig sien,
en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God
hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.
6-21 *Laaste waarskuwings en beloftes*
6)En hy het vir my gese: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. 7) Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar. 8)En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het,

smarte weg. [3] *geen enkele vervloeking meer wees nie*: in die paradys het die vervloeking uit Gods mond geklink teen die slang, Gen. 3 : 14, en oor die aarde, Gen. 3 : 17, weens die sonde van die mens; maar nou is die slang in die vuurpoel, die aarde vernuwe en die sonde uitgewis, vgl. 21 : 1; daarom is daar ook geen vervloeking meer nie. *die troon van God . . . . daarin wees*: Hy regeer in volle glorie en Christus met Hom; Hy is alles en in almal, 1 Kor. 15 : 28. *en sy diensknegte . . . . dien*: vgl. 7 : 15; in gelukkige oorgegewenheid om Sy heilige wil te doen, dien hulle Hom soos ook die engele. [4] *sy aangesig sien*: na die sondeval was dit onmoontlik om God te sien, vgl. Ex 33 : 18-23; maar nou kan die geheiligdes Hom van naby sien, d.i. ken soos Hy is; vgl. Matt. 5 : 8, wat hier vervul word. *en sy Naam . . . . wees*: as teken van toebehoring, vgl. by 3 : 12; 7 : 3; 14 : 1. [5*] nag sal. . … wees nie*: vgl. by 21 : 25. *geen lamp of sonlig nodig nie*: vgl. by 21 : 23. Alles sal van ligheerlikheid straal, omdat God alles en in almal is, 1 Kor. 15 : 28. *as konings . . . . ewigheid:* wat in 20 : 4, 6 nog voorlopig was, word nou die ewige staat van die geluksaliges. 6-9. Die betroubaarheid van die inhoud van die Openbaring. [6] *En hy het . . . . gesê*: blykens v. 7 is dit nou Christus self wat spreek; daarom moet geskryf word : En Hy het . . . . gesê. *Hierdie woorde . . . . waaragtig*: vgl. by 21 : 25. *die God van die heilige profete:* die beter tekslesing lui: die God van die geeste van die profete, d.w.s. Hy wat deur Sy Gees die gees van die profeet lei, sodat wat hy spreek of skryf waaragtig van God afkomstig, deur Hom geïnspireer is. *sy engel gestuur*: d.i. die engel wat alles aan Johannes getoon het sodat dit deur sy skrywe aan alle gelowiges bekend kan word. *wat gou moet gebeur*: vgl. by 1 : 1; 4 : 1. [7] *Kyk, Ek kom gou:* om alle dinge in

vervulling te bring vgl. 1 : 7; 2 5; 16 : 15; 'n woord van bemoediging aan almal wat verlangend uitsien na Sy koms in heerlikheid. *Salig is hy . . . . bewaar*: daar is geluksaligheid vir elkeen wat die onthulling van die raad van God in hierdie boek gelowig aanvaar en daarby leef; vgl. By 1 : 3. [8] *dit is ek, Johannes . . . . gehoor het*: 'n versekering dat hy, die apostel, instaan vir

## OPENBARING 22

het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. 9)Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n medediensкneg van jou en van jou broeders, die profete,en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God. 10)En hy het vir my gese: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. 9)Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. [12] En kyk, Ek kom gou en my loon is by My om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. 13) Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. 14) Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.15) Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders

alles wat hy opgeteken het. en *toe ek . . . . neergeval om te aanbid*: besonderlik die visioen van die nuwe Jerusalem dring hom tot aanbidding, vgl. by 19 : 10. [9] *Moenie . . . . Aanbid God:* vgl. by 19 10. 10-15. Die erns van die Openbaring. [10] *En hy het . . . . gesê*: nie seker of hier die engel, v. 8; 21 : 9, dan wel Christus, vgl. v. 12 v., die spreker is nie; by voorkeur Christus. *Moenie . . . . verseël nie* vgl. daarteenoor 5 : 1 v.; 10 : 4; omdat hierdie profesie reeds besig is om in vervulling te gaan, en sodat almal met die inhoud bekend mag raak, mag dit nie toegemaak, gesluit word nie. want die tyd is naby: vgl. by 1 : 3. [11] *Wie onreg doen . . . . nog vuiler word*: ongeag die gedrag van mense, gaan die woorde van Openbaring in vervulling, en elke mens sal hom vir sy eie dade moet verantwoord. Omdat die tyd kort is, moet elkeen sy leefwyse kies. Onreg teen God en besmetting deur die vuilheid van sonde sal nog groter onreg en onreinheid voortbring; 'n lewe na Gods reg en heilige afsondering van die sonde sal in geregtigheid en heiligheid toeneem; en die dag van die Here sal aan die lig bring wie die regte weg gekies het. [12] *kyk, Ek kom gou*: vgl.v 7. En my loon …. Sy werke sal wees: vgl by 2: 23; 11 : 18; 14 : 13; 18 : 6 20 : 12 v.;40 : 10; 62 : 11. [13] *die Alfa . . . . Omega*: vgl. 1 : 8; 21 : 6. *die begin en die einde*: vgl 21 : 6. *die eerste en die laaste*: vgl. 1 : 17; 2 : 8. [14] *Salig . . . . gebooie doen*: vgl. 14 1.4; 1 Joh. 3 : 22; die beste tekslesing lui egter : Salig is die wat hulle klere gewas het; vgl by 7 : 14. *sodat hulle . . . . die lewe:* vgl. v. 2; d.w.s. hulle het nie aanspraak op die vrug nie maar deur die genade van die Here en die reiniging van hul klere in Sy bloed wel die bevoegdheid om daarvan te geniet. *en ingaan . . . . stad:* vgl. by 21 : 12, 21, 25. [15*] maar buite is die honde* uitgesluit uit die stad is diegene wat tuis is in hul onreinheid, waarvan

## OPENBARING 22

en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.
[16] Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink morester. [17] En die Gees en die bruid se: Kom! En laat hom wat hoor, sê : Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet. 18)Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. 19) En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe

die hond 'n voorbeeld is, vgl. 2 Pet. 2 : 22. en die towenaars . . . . leuens liefhet en doen: vgl. by 21 : 8. Vir hulle almal is daar geen toegang tot die nuwe Jerusalem nie. 16-20a. Laaste ernstige waarskuwing. [16] Ek, Jesus . . . . gestuur: vgl. v. 6, waarvolgens God die engel stuur; maar omdat Jesus een is met die Vader, gaan die sending ook van Hom uit en staan Hy self nou in, soos die Vader, v. 6, vir die waarheid van die Openbaring; vgl. by 1 : 1. om hierdie dinge . . . . te betuig: die inhoud is toevertrou aan diegene wat hierdie boek voorlees aan die gemeentes; en veral dink ons aan die sewe gemeentes in KleinAsië, 1: 11, vir wie dit in die eerste plaas bestem was, maar hulle verteenwoordig meteen die hele kerk. Ek is: vgl. by 1 : 8 die wortel en die geslag van Dawid: vg1. by 5 : 5. Deur hierdie selfbenaming dui die Here Hom aan as die wortel of oorsprong waaruit Dawid voorgekom het, en daarna word Hy weer die geslag of nakomeling van Dawid, vgl. Luk 1 : 69; Ps. 132 : 17, m.a.w. Hy is die Uitvoerder van Gods heilsplan in die geskiedenis ooreenkomstig die profesieë aangaande Dawid uit wie se geslag die Messias sou voortkom. die blink morester: vgl. 2 : 28; Num. 24 : 17; vonkelende in sy heerlikheid, maar

ook die aankondiger van die volle daglig wat aan kom is; vgl. 2 Pet. 1 : 19. [17] En die Gees en die bruid se: Kom: die getuienis van Jesus vind weerklank by die Heilige Gees, wat in die kerk as die bruid woon en daar die verlange en bede wek dat die Heiland mag kom, vgl. v. 12. En laat hom wat hoor, sê. Kom: diegene wie se hart voorberei is deur die Gees om die getuienis aan te neem, die gelowiges, vgl. by 2 : 7, reageer met 'n verlange na die wederkoms; die uitsien na die koms van Christus word hul normale lewenshouding. laat hom wat dors het, kom: vgl. 21 : 6; 'n bemoediging aan die gelowiges, maar ook 'n aansporing vir diegene wat huiwer om na Jesus te kom. hom wat wil: d.i. diegene wat wel wil, maar weens 'n besef van ellende nie die vrymoedigheid het nie. die water van die lewe: vgl. by 21 : 6, 22 : 1. verniet: as vrye genadegawe van die liefde van Christus, vgl. 21 : 6; Jes. 55 : 1. [18] Want ek betuig . . . . hoor: die spreker is Johannes, vgl. 1 : 2; Joh. 21 : 24, wat met 'n eed 'n ernstige vermaning uitspreek dat alles in hierdie boek ongeskonde bewaar moet word; vgl. die woorde van Moses, Deut. 4 : 2; 12 : 32. As iemand byvoeg . . . . geskrywe is: wie beter wil weet as God self en bedenksels van eie wysheid byvoeg, sal getref word deur die plae waarvan die boek spreek. [19] En as iemand iets . . . . wegneem: d.i. iets wat hom nie aanstaan nie, verwyder, en daardeur ook handel asof hy beter weet as God wat Sy Woord gegee het. sal God sy deel wegneem uit die boek

## OPENBARING 22

en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. [20] Hy wat dit getuig, se: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! [21] Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

*van die lewe*: die beste tekslesing lui. uit die geboomte van die lewe. God sal 'n streep trek deur so iemand se aandeel in die lewe, omdat hy 'n ongelowige geword het, vgl. 21 : 8, *uit die dinge . . . . geskrywe is*: omdat hy die beloftes nie aanvaar het nie, kry hy ook geen deel daaraan nie; hy het uitgeval uit die genade, vgl. Hebr. 6 : 4-6; 10 : 29. [20] *Hy wat dit getuig*: Johannes getuig hier aangaande die woorde van jesus Christus. *Ja, Ek kom gou*: vgl. v. 12; Ja is gelyk aan „amen", en dien om die waaragtigheid van die wederkoms en van alles wat vooraf daaromtrent geopenbaar is, te bevestig. *Amen, ja kom, Here Jesus:* bevestigend en biddend antwoord Johannes op die belofte van die wederkoms. Dit is die antwoord van die bruid wat uitsien na die Bruidegom, en in wie se hart Sy liefde 'n sterke wederliefde gewek het. [21] *Die genade . . . . julle almal*: die gebruiklike briefslot, omdat die Openbaring van Johannes as brief aan die gemeentes gerig is; vgl. by Rom. 16 : 20; Gal. 6 : 18 e.a Genade word hulle toegebid omdat dit in alle tye en omstandighede, ook met die oog op die verskrikkinge van die laaste dae genoegsaam is, vgl. 2 Kor. 12:9 *Amen*: so is dit, so bly dit; vgl by 1:6